*Esegiël 12:21-28*

*EN die woord van die HERE het tot my gekom en gesê: Mensekind, wat is dit vir 'n spreekwoord wat julle het in die land van Israel, naamlik: Die dae gaan voort, en van al die gesigte kom niks nie. Daarom, sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Ek maak 'n einde aan hierdie spreekwoord, sodat hulle dit nie meer as spreekwoord in Israel sal gebruik nie. Maar sê vir hulle: Die dae is naby, en die woord van elke gesig. Want daar sal geen bedrieglike gesig of vleiende waarsêery in die huis van Israel meer wees nie. Want Ek, die HERE, Ek sal spreek -- wat Ek as woord spreek, dit sal gebeur; dit sal nie meer uitgestel word nie. Want in julle dae, o wederstrewige huis, sal Ek 'n woord spreek en dit uitvoer ook, spreek die Here HERE. Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: Mensekind, kyk, die huis van Israel sê: Die gesig wat hy sien, is vir baie dae, en hy profeteer van tye wat ver is. Daarom, sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Geeneen van my woorde sal meer uitgestel word nie; wat Ek as woord spreek, dit sal gebeur, spreek die Here HERE.*

Gebed vir U, die leser.

***Hemelse Vader, ek bid vir elkeen wat hierdie boek lees dat U die persoon sal aanraak daardeur, en help om dit met `n biddende en onbevooroordeelde hart te lees. Mag U elke siel oortuig van die egtheid van die Heilige Gees, en dit oopmaak om te verstaan. Ek bid ook dat U elkeen wat dit lees sal besiel en aanmoedig in die donker tye waarin ons beweeg, en hul geloof so sal versterk. Vader, gee uit genade dat elke siel die regte keuse sal maak op die "kruispad", en beslis en doelgerig na groter geestelike hoogtes sal ryk. Beskerm die leser onder die kosbare Bloed van Jesus Christus in U liefde en gee dat elkeen U teenwoordigheid `n werklikheid sal vind. Ek loof en prys U en vra dit alleen in Jesus Christus Naam. Amen.***

WANT HY KOM

JESAJA 12:1~6

***"En in die dag sal jy sê: Ek dank U, Here, dat U toornig op my gewees het; u toorn is afgewend, en U het my vertroos. 2. Ja, God is my heil, ek sal vertrou en nie vrees nie: want die Here Here is my krag en my psalm, en Hy het my tot heil geword. 3. En julle sal water skep met vreugde uit die fonteine van heil. 4. En julle sal in die dag sê: Dank die Here, roep sy Naam aan, maak sy dade onder die volke bekend, verkondig dat Sy Naam hoog is! 5. Psalmsing tot eer van die Here, want Hy het heerlike dinge gedoen: laat dit bekend wees op die hele aarde. 6. Juig en jubel, o inwoners van Sion! Want die Heilige van Israel is groot in julle midde."***

Inleiding

Ek het my hart vir Jesus Christus gegee gedurende 1977 op die ouderdom van 19 jaar. Sedertdien het ek soveel wonderwerke en beproewinge na gees, siel en liggaam gesmaak, dat ek begin wonder het wat die rede, en doel nou eintlik is. Jare terug het ek al die begeerte gehad om dit in boekvorm te sit sodat ek op so `n manier my God kon verheerlik en Sy Naam daardeur groot te maak. Om met ander woorde Jesus Christus se naam te verkondig deur die getuienisse wat Hy vir my so bewerkstellig het. Vir dit alles loof en prys ek Hom!!! Maar tog het dit altyd gevoel die tyd was nie ryp nie, en het ek maar daarvan vergeet, totdat dit onlangs sterk by my opgekom het dat die tyd nou aangebreek het. Ondertussen het ek ook begin wonder wat die Here bedoel het toe Hy uit die mond van die Profeet vir my gesê het dat ek "*eendag `n magtige getuie vir Sy Naam sou wees*"! Ek het dus oor die presiese betekenis van Sy beloftes begin wonder, en vra eendag vir Jesus; " Vader, wat het nou alles van daardie beloftes geword, aangesien ek die afgelope paar jaar net in my huis besig is en min geleentheid het om uit te gaan om die evangelie te verkondig"! Dit was juis *toe* dat ek die stem van my hemelse Vader in my gemoed hoor sê het dat ek vir Hom `n getuienis boek moet skryf van al die wonderbaarlike gebeurtenisse in ons lewe. Die Here het ook aan my getoon dat die tyd nou uiteindelik ryp is vir die skrywe daarvan, aangesien Hy my vir 33 jaar lank voorberei het daarvoor! Prys Sy Naam! "Maar Here", het ek gedink... "daar is so baie om te vertel dat ek dit nooit alles sal onthou nie, en buitendien, waar begin ek tog?" Die Vader het dadelik in my gemoed gefluister dat ek by die BEGIN moes begin!

Ook oortuig die Here my dat Hy my sal lei namate ek biddende bly. Maar, ek het steeds onseker

gevoel en toets die Liewe Heer. Voorbarig en vrymoedig vra ek Hom dus nou wat die titel van die boek miskien moet wees..en antwoord Hy my sonder dat ek enige kans kon kry om self aan `n moontlik naam te dink,..en kom dit by my op dat dit moet wees..,"WANT HY KOM!" Nadat ek nog baie daaroor gebid het dat die boek skrywery sekerlik van Bo kom, vra ek die Here `n skrif as bevestiging. Daarop gee die Here vir my Markus 14:19. ***"Voorwaar Ek sê vir julle, oral waar hierdie evangelie oor die wêreld verkondig word, daar sal ook gespreek word van wat sy gedoen het, tot `n gedagtenis aan haar."*** Halleluja..ek prys Sy Naam... maar hoe sou dit moontlik wees Heer, het ek bekommerd gewonder? Deurdat Vader toe die volgende skrif as antwoord vir my te gee..,nl. Jeremia 32:17, het ek moed gevat! Net daar oortuig my Vader in die Hemel my sonder meer dat niks vir Hom onmoontlik is nie...ek moes net glo! ***"'Ag Here, Here, kyk, U het die hemel en die aarde gemaak deur U grote krag en deur U uitgestrekte arm; geen ding is vir U te wonderbaar nie."***
Natuurlik het ek ook aan die moontlikheid gedink dat die boek vertaal moes word. Daarop het ek Vader gevra hoe dit in Engels moes wees. Dit kom toe sterk by my op dat die naam getiteld, "THE KING IS COMING!" moet heet. Ek loof Hom vir Sy genade werke!

HOOFSTUK 1

1977~1988
Maar nou die begin! My eerste ware kennismaking met Jesus Christus kom van die voorbeeld wat my grootouers aan vaderskant, aan my gestel het, as wedergebore Christene. Ook `n sekere reuse portret van twee kindertjies op `n brug wat oor `n groot rivier strek, met `n engel wat hande uitgestrek oor hulle waak. Dit was in `n stoorplek by hul huis gebêre, en was ek ongeveer dieselfde ouderdom as die portret voorstelling. Dit het `n geweldige indruk op my gemoed gelaat, sodat ek dit altyd sou onthou, ook dat Jesus sê ons soos die kindertjies moet wees. Vir my was dit toe alreeds `n werklikheid. Ook het ek by my grootouers, wat gedurigdeur "wakend en biddende" was in die gebed, gesien dat hul streef na gehoorsaamheid en die Here se wil. Ek het ook gehoor hoe hul intree vir hul kinders in die gebed, en het soms saam met hul "gebid". Alhoewel dit my beïndruk het, het ek net soos die meeste kinders ongehoorsaam begin raak. So het ek ook maar van die Here begin "vergeet". Gelukkig, dat Hy my nie vergeet het nie! Deur Sy grote genade en my sondige lewe, het die begeerte om Hom te dien wel later in my posgevat. Intussen het ons van Upington, in die Noord Kaap na Potgietersrus, in die Noord Transvaal verhuis.

As jong meisietjie het ek `n groot liefde vir ballet gehad, en het later so goed gevorder, dat ek beslis was om `n balletdanseres te word. Alhoewel ek toe baie tyd en aandag daaraan spandeer het, het die liewe Vader ander planne vir my gehad. Wat ek wel daaruit geleer het was dissipline en volharding, wat belangrik is vir enige einddoel. Ook dat my "loopbaan" van geestelike aard sou wees. Vader het juis onlangs, terwyl ek besig was om hierdie boek te skryf vir my die volgende skrif as bevestiging gegee, nl. Handelinge 20:23~24 ***"behalwe dat die Heilige Gees en elke stad kragtig getuig en sê dat boeie en verdrukkinge my wag. Maar ek bekommer my glad nie en ek ag ook my lewe vir myself nie dierbaar nie, sodat ek met blydskap my loopbaan kan volbring en die bediening wat ek van die Here Jesus ontvang het, om kragtig te getuig vir die evangelie van die genade van God."***

Ek was maar agtien, en aan die einde van my matriek jaar, toe ek ontdek dat ek swanger was by my kêrel van die afgelope vier jaar. Noodgedwonge moes ons toe trou. Geweldige stryd en beproewinge sou nou ons deel word in die toekoms, want die Here het `n doel en plan gehad en was genadiglik agter ons siele aan. Ten spyte van die feit dat ons lewens nou radikaal sou verander, het ek

verskriklik uitgesien na hierdie “avonture” wat voorlê!

My ouers is geskei van mekaar toe ek ongeveer 15 jaar oud was. As kinders het ek en my jonger sussie en broer, wel deeglike kennis gemaak met die duiwel se gemene werke soos om lewens om vêr te gooi en verwoesting te saai. Tog het ons 'n relatiewe goeie kinderlewe gely, deurdat ons arme moeder dag en nag gewerk het om ons lewens so normaal moontlik te laat verloop. Wat ons nie besef het nie, was die liewe Here se Hand van genade en beskerming wat nog altyd oor ons uitgestrek was.

Ek en my man het na ons troue tydelik by my skoonouers gaan inwoon, maar is Pretoria toe kort daarna omdat hy sy studies as elektrisiën by die kollege moes voltooi. As bloedjong getroudes, hy was maar 23, het ons 'n klein maar netjiese woonstel bekom, en ons nuwe lewe aangepak. Met 'n klein babatjie op pad en heeldag eensaam in die woonstel, het ek baie maal oor die doel van die lewe begin dink. Flitse van bekommernis oor waar ons eendag sou “beland” (hemel of hel) , was deel van my gedagtegang. Stadig maar seker het ek die honger in my siel na die Godheid begin kry. Met slegs vae herinneringe van my grootouers, het ek nie geweet waar om te begin nie.

Ons ouers het nie een die Here gedien nie, dus moes ons self regkom. Dit was in elk geval nog net 'n wete, of 'n gedagte. Deur beproewinge en Sy liefde alleen, sou die Here my nader trek om Hom te soek. Deur louteringe sou ek Hom van naby leer ken! Deur die smeltkroes te gaan, kon Hy my stadig maar seker verlos van ingebore gesindhede en geneigdhede en my begin voorberei vir Sy doel. Maar dit was 'n proses wat jare sou duur! Prys Hom! Vandag kan ek net sê: Alles is moontlik vir die Here, en Hy het gekom om die gevangenis te bevry... WANT HY KOM! Mattheus 19:26 “Maar Jesus het hul aangekyk en vir hulle gesê: By mense is dit onmoontlik, maar by God is alle dinge moontlik”.

In die daaropvolgende 33 jaar, sou ek leer om die Here van naby te leer ken. Deur verdrukking en node, vervolging en berowing, armoede en siekte het God my geleer om alles, ja alle vertroue op Hom alleen te stel. Tot vandag toe kan ek getuig dat die Here, my Vader, my nog nooit, ten spyte van dit alles, in die steek gelaat het nie. Ek kan net met `n dankbare hart terugkyk hoe Hy my kragtig, na gees, siel en liggaam deurgedra het in Sy liefde en barmhartigheid. Daarom loof en prys ek Hom net soos die Psalms, sewentig maal sewe keer elke dag vir Sy regverdige verordeninge! Sewe kinders en baie gebede later het ek geleer dat ons Bruidegom, my hand styf vasgehou het, al het dit nie altyd so gelyk of gevoel nie. Ek sou ook leer om nooit op die arm van vlees (die mens), te steun nie, maar eerste na Hom in gebed te gaan met elke moeilikheid en probleem. Deurdat ek ook baie foute gemaak en soms gestruikel het, het Hy my so lessies geleer. Daarom skryf ek hierdie getuienisse om my Vader in die hemel se Naam groot te maak en te getuig dat Hy `n werklikheid is sodat diegene wat nog twyfel kan sien dat Hy berge kan en sal verskuiwe. Jy moet net glo! Ja, Sy oog is ook op U wat dalk nog twyfel, liewe leser.

My eerste seun is gebore op 9 Februarie 1976, volmaak en gesond. Nou moes ek hom alleen, sonder enige ondersteuning grootmaak, behalwe my man wat lang ure gewerk en studeer het. Maar die Vader in die hemel het my toe al kragtig ondersteun, sodat ek hom met groot liefde en geduld versorg het. Ses maande na sy geboorte het ek egter ernstig siek begin word, en kon byna geen kos in my liggaam kry nie. Dit was die begin van `n reeks gesondheidsprobleme wat my maar altyd deur gevolg het. Die Here het wel later die oorsaak aan my verklaar. Toe ek uiteindelik by `n dokter beland het, het ek maar `n skrale 44 kg. geweeg, en was uiters swak. As ek *toe al* maar net geweet het om my na my Hemelse Vader te wend! Hy het my nogtans so aangeraak dat ek heeltemal gesond

geword het.

Intussen stuur die firma vir wie my man werk ons na Kinross vir `n ses maande kontrak. Hy word in daardie tydperk opgeroep weermag toe, en so besluit ons dat dit beter sou wees om na dieselfde dorp waar ons getroud was terug te keer. Sodoende sou ek darem naby my skoonouers wees, en nie heeltemal alleen nie. Die probleem was, dat ek die hele trek alleen sou moes behartig, en dit met `n agt maande oue babatjie. My skoonmoeder bring toe maar hul bakkie, en so laai ons die bietjie aardse besittings wat ons het, alles daarin. Dus is dit toe ek, Baba en Ouma in die lamlendige ou bakkie, op pad na Nylstroom. Terwyl ek bestuur, sou ek gou agterkom dat die voertuig byna geen remme meer het nie, maar ry moes ek nou maar ry, en dit nogal deur halwe passe deur. Dit was so senutergend en traumaties dat ek net daar in my hart uitgeroep het na Jesus dat Hy ons tog sou beskerm. Wat Hy ook gedoen het! Dit was dus die eerste persoonlike “wonderwerk” wat ek beleef het. Prys Sy grote Naam!

In Nylstroom moes ek voorlopig, totdat my man terug keer van die weermag, eers by my skoonouers gaan inwoon. Dit was moeilike omstandighede, en moes ek maar probeer sterk staan en het stilweg op die Here begin vertrou. Al het ek nie baie geloof of vrymoedigheid gehad nie! Toe my man terugkeer, het ons darem ons eie huisie gekry en deur die genade het hy ook spoedig `n werk daar by die staatsdepartement as elektrisiën gekry. Nou sou ek `n sterk verlange in my hart kry na die Here, en sou ek Hom vind, maar sou deur baie beproewinge en lyding moes gaan vir Sy Naam. Prys Hom daarvoor! Ek sou die Here vir byna twintig jaar alleen moes dien, sodat ek moes leer om op my Hemelse Vader en Hom alleen te vertrou. Vandag gee ek Hom al die lof en eer en aanbidding daarvoor!

Nadat ekself ook vir `n jaar gewerk het, en vervolging moes verduur omdat ek die Here se Naam ontydig verkondig het, het ek bedank. `n Persoon wat my in werkstyd uitgevra het oor Jesus, het my gaan verkla, en het die bestuurder gedreig dat ek liewer moet gaan as ek nie daarmee ophou nie. Liewe leser, ek wil u daarop bedag maak dat ons ten alle tye wysheid moet vra van die Here, en dat ons ook vrededraers moet wees deur nie onnodig, (slegs wanneer ons seker is dat die Here ons lei), van ons werksomgewing gebruik maak vir hierdie doel nie. Ek het daardeur geleer dat jy liewer `n afspraak met die belangstellende persoon moet maak om dit na ure, of tussen werkure vir hul die evangelie te bring. Maar nou ja, die keuse was nie myne nie en kon ek nie gehoor gee aan sy versoek nie. Ek was egter dankbaar dat ek nou self na my seuntjie kon omsien, en alhoewel dit alles baie vernederend was, was ek nou minstens by hom. Spoedig sou ek ook nog uitvind dat ek weer swanger was. My oudste was nou amper drie jaar, en dit was dalk hoog tyd vir `n maatjie vir hom. Ons het ook besluit dat, “kom wat wil”, ek nou altyd self na my kinders sou omsien. Tot vandag, het ek nooit weer nodig gehad om uit te gaan werk nie. Die hemelse Vader het ons deurgedra en versorg op Sy eie manier. Hy het ons afgedruk met tye en weer opgetel daarna, en was Hy tot my groot vreugde en verligting altyd in beheer van ons lewens.

Nie lank daarna nie word my man weer opgeroep vir grensdiens vir die weermag vir drie maande, wat vanselfsprekend vir my `n skrikwekkende gedagte was. Dit het beteken dat ek nou met `n kind, en boonop swanger, alleen moes bly. Maar my teleurstelling was nou God se bestelling, en besluit ons almal dat dit veiliger en beter sou wees as ek gedurende daardie tydperk by my moeder in Potgietersrus sou gaan kuier. Nou was my lewe bietjie omver gegooi, en voel ek eensaam sonder my geliefde man, en begin die soete Heilige Gees `n diepe begeerte in my hart plaas om die Here te dien.

Wat nou so byna ongelooflik was, is dat my grootouers van Upington intussen self na  Potgietersrus verhuis het, en `n huis net om die hoek naby my moeder se huis bekom het. Ja, die wonder van God se goed uitgewerkte plan! Alles vir `n verlore skapie wat Hy wou red, en gebruik. Ja, want niks is vir Hom onmoontlik nie en sal hy enige plan maak om `n siel te red, ook vir jou, liewe siel.

Daar het ek nou gereeld gedurende die dag vir hul gaan kuier en so van die God van die gode, behoorlik geleer. So het hul nou begin om die skrifte vir my uit te lê, asook my duisende vrae met geduld te beantwoord. My siel was honger en dorstig na die Here. Ek word uitgenooi na die eerste Sondagdiens en tot my totale verwondering praat die Here deur `n instrument(profeet) in die eerste persoon, nl. direk op my naam, met my. U moet verstaan dat ek geen ondervinding gehad het van pinkster of charismatiese kerke nie, behalwe die bietjie wat ek uit my kinderdae onthou, en dat dit vanselfsprekend `n geweldige intense ervaring vir my was. En die liewe Vader beveel aan dat ek my haastig moet laat doop daar dat Hy my wil gebruik as getuie vir Sy Naam!

Ek het werklik verslae gevoel oor alles wat ek gesien, beleef en gehoor het. Alhoewel die koordans, musiek, handgeklap tydens sang en die feit dat die Almagtige God met die mens praat deur lippe van klei, vir my vreemd was, het ek geweet, sonder twyfel, dat dit eg was en dat ek hier hoort. Wat my veral beïndruk het, was die feit dat die gemeente `n halfuur voor die diens al in die kerksaal bymekaar was op hul knieë, en ander weer, het plat gelê en bid. Ek was gewoond dat mense in ander kerke die tyd om sit en gesels oor wêreldse aangeleenthede. Wel, die paar keer wat ek in verskillende kerke was om te probeer vasstel waar ek sou inpas. So het ek deur Sy genade besef dat DIT is hoe mens die Here kinderlik en nederig moet dien! Ek loof en prys Hom dat Hy my ook uitgekies het om deel te wees van Sy regverdige verordeninge! Halleluja!

Daardie aand, nadat ek gaan bid het, vra ek Jesus dat Hy met my sal praat deur Sy Woord en aan my bevestig dat dit wat ek daar beleef het eg was. Ek “pleit” toe Jesus Christus se Bloed oor die Woord soos my oupa my geleer het, en vra skrif. Tot my verbasing gee die liewe Heer vir my die volgende skrifteks: nl: ***Handelinge 22:14~16. “En hy het gesê: Die God van ons vaders het jou voorbeskik om sy wil te ken en die Regverdige te sien en die stem uit sy mond te hoor want jy sal vir Hom by al die mense `n getuie wees van wat jy gesien en gehoor het. En nou, waarom versuim jy? Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl jy die Naam van die Here aanroep.***” Daarop kon ek geen twyfel meer hê nie en was baie opgewonde en vol blydskap dat My Hemelse Vader my raakgesien het. Ek loof Hom weereens vir Sy liefde en genade!

Die duiwel was egter nou woedend, en het soos `n brullende leeu gestaan en wag op sy kans! Die rede was dat die Here my o.a.aanbeveel het om my hart in die diepte VOOR `n betroubare persoon, (die verantwoordelike persoon in ons gemeente) te gaan uitbely, voordat ek my laat doop. So kon Hy die sondelas van my skouers afhaal, en die vuilgoed vir die duiwel teruggee. Liewe Here Jesus het ons ook geleer dat al ons sondes `n skeidsmuur tussen ons en Hom is. Dus is dit die ENIGSTE manier om die sonde steen vir steen af te breek, deur dit een vir een te bely! Die Here beloof ook dat deurdat jy jou sondes voor `n betroubare getuie bely, Hy mettertyd volkome verlossing van verkeerde ingebore, en aangeleerde gesindhede sal gee. Deur dit dus aan die lig te bring veroordeel jy jouself reeds op aarde, en hoef jy nie hiernamaals veroordeel te word nie, dus word jy net geoordeel volgens jou werke. Hieroor egter later met bypassende skrifte.

Ek het altyd gewonder wie die “regverdiges en heiliges” is van wie die Skrif praat, maar het besef dat die oomblik as jy voor `n getuie bely, die Here nie net volkome vergewe nie maar dat Sy Bloed jou witter was as die sneeu. Dus raak jou hart op hierdie wyse rein! ***Jesaja 1:18***. kon dit nie beter

stel nie! Liewe leser, ek het werklik nie die woorde om daardie egte vrede en blydskap wat ek ontvang het nadat ek my sondes bely het, mee te beskryf nie, en was dit die selfvernedering WERD! Die Skrif sê, ***wie homself verneder, sal verhoog word***. Ja, die Here vergewe jou ook as jy met `n berouvolle hart alleen in jou binnekamer die sondes bely, maar om die skoon Bruid van Jesus Christus te wees verg volle reiniging en heiliging! Vir my het dit gevoel of ek in die wolke loop, skoon en vry...

Daarop is ek toe twee weke later sommer in my grootouers se bad gedoop, en het vir die eerste keer gevoel dat ek as wedergeborene gereinig is deur Jesus Christus se Bloed. Die soete Heilige Gees was volgens die Woord nou ook in my hart teenwoordig en sou ek dit kon behou as ek volhard deur daagliks te bid, Hom lief te hê en te dien. Daarvoor belowe Hy die krag en moet ek net vra vir my GEWILLIGHEID! Halleluja! Sodra ek afwyk en besig raak met onnodige wêreldse dinge, dan verloor ek die vrede, en kry ek dit terug sodra ek met my getroue Meester regmaak. Om dus jou sondes voor `n getuie te bely, is om nederig te erken dat jy `n sondaar is, en is dit die sleutel tot geregtigheid deur Jesus Christus en die SKAKEL tot God! Met Sy krag en genade kon ek nou in Sy bloedspore volg en sodoende Sy dissipel wees. Prys Sy Naam vir die volkome verlossing deur die werk op Golgota!

Wat egter op hierdie stap van gehoorsaamheid gevolg het was amper vanselfsprekend...vervolginge wat dadelik sou volg. Predikante was skielik op my saak...Hoe ken hul my? My moeder was in `n toestand omdat ek oor is na `n "sekte", so ook my skoonouers en familie. My man wat nie lank daarna teruggekeer het van die weermag af nie, het nou `n "nuwe", snaakse vrou. Maar liewe Here Jesus sou my deur dit alles en tot in die toekoms dra. Prys Sy getroue Naam! Dit was groot toetse op my pad en moes ek waak teen verwarring wat die duiwel nou in my gemoed wou saai. Maar die egtheid en werklikheid van die ware Bybelse evangelie het my beslis gemaak.

Genadiglik het die Here gehelp dat my man nou maar sy bekeerde vrou verdra, en het my gevolglik nie weerstaan om een maal per maand na die dienste in Pietersburg te gaan nie, waar die naaste kerk van ons was. So kon ek ook my grootouers saam met my neem wat dit vir hulle makliker gemaak het aangesien hul al baie bejaard was. Omdat die weg `n Heilige Gees Lig is, en ek my baie tuis daar gevoel het, wou ek nie die Here in enige ander kerk aanbid nie. Dus moes ek maar bereid wees om ver te ry, maar die Here het altyd voorsien. Die Here het tog aan my getoon dat ons as Pinksterbewegings nie mekaar moet veroordeel en kritiseer nie, omdat Hy skape het in verskillende krale en dat Hy op elke plek anders werk. Ons dank dus die Here dat ons almal lede is van Sy liggaam. Die Here openbaar ook dat Hy mense red op verskillende vlakke, nl. daar waar hul dit kan vat. Elkeen van ons moet egter `n persoonlike verhouding met Jesus opbou, en strewe dat Hy ons sal lei na die hoogste moontlike geestelike vlak van groei. So kan Hy dus Sy doel bereik en kan ons deur Sy krag rype vrug dra. Prys die Here vir die moontlikheid daarvan!

Nou het die Here my geleer dat omdat die duiwel soos `n brullende leeu rondloop om te kyk wie hy kan verslind, ons nie onverskillig en houtgerus moet raak nie. Die Vader het praktiese raad in die Woord vir ons gegee, soos om Sy Bloed te gebruik vir ons reiniging en beskerming. Dus moet ek elke oggend heel eerste Sy Bloed oor my en my geliefdes pleit. Ja, oor ons oor poorte, verstand en geesteskrag. Ook na gees, siel en liggaam. As ons nou manifesteer en die wapenrusting, soos beskrywe in Efesiërs ***6:6***, aan ons liggaam "aantrek", bied dit uitermatige beskerming in ons daaglikse stryd en geestesoorlog teen die bose magte in die lug, soos beskrywe aan die einde van die boek.

Die eerste en baie duur les wat ek moontlik geleer het was toe ek nalatigheid begin toelaat het. Daardeur het die Here die erns van die saak deeglik in my gemoed ingeprent om dit hopelik nooit te vergeet nie. Ek het nl. een dag baie ernstig siek geword met rugmurgontsteking. Die pyn en smart was so erg dat ek nie vir `n oomblik kon stil lê nie. Daarop het ek inspuitings  elke dag ontvang, totdat ek begin herstel het. Die dokter het maar huisbesoek gedoen, omrede ek nie kon rondbeweeg van die pyn nie. Toe ek nou so herstel dat ek darem uit die bed kon opstaan, steek ek my hande so uit na die Hemelse Vader en vra Hom in ootmoed om my asseblief tog te versterk en te help. Weke later het die Here dit dan bevestig tydens `n diens dat toe ek my arms so uitsteek, Hy Sy engel bevel gegee het om my te versterk. Ek loof en prys Hom vir die egtheid van die Heilige Gees, want net ek het daarvan geweet, omdat ek “alleen” in my kamer was. Tydens die diens sê die Here ook vir my dat Hy vir my `n spesiale beskermengel gegee het, omdat die duiwel daarop uit was om my lewe af te sny, en vreeslik agter my aan is.

So het die Here my dikwels gewaarsku dat ek sekere goed wat die vyand beplan het, af moet sny, in Sy Naam. Ander kere het die Here tog toegelaat dat ek in die strikke trap, foute maak en self die geestelike lessies leer. Die Here gee my ook nou fyn onderskeidingsgees wat ek in die diepte met die jare sou leer ken. So het die Here ons geleer dat ons Sy Bloed as beskerming kan gebruik deur dit oor ons huise en oor ons voertuie te pleit, en te vra dat Hy alle onheile oor ons sal afsny. Liewe leser, as U die Here dien, vat die vrymoedigheid uit die Heer se hand en begin om hierdie praktiese godsdiens te beoefen. Dit is ons wapen teen die vyand. Die Vader het ons ook geleer dat Sy Woord `n skerp tweesnydende swaard is en dat ons die bose magte letterlik daarmee in die geloof kan “afkap”. Alles gebeur egter in en uit die geloof en deur liggaamlike manifestering! Ons is selfs geleer dat elke bose mag `n spesifiek werk vir die duiwel doen, en as ons dit leer onderskei deur gebed en beoefening, moet ons verkieslik die spesifieke mag afsny met die Woord deur dit hardop te ***bestraf*** in ***Jesus Christus*** naam. So kry mens verskillende soorte magte, bv. Toormagte, spiritusmagte, dooiemagte, influisterendemagte, Godloënaarmagte, krankemagte, antichrisgeeste, ens. (wat ek later in die boek sal verduidelik). Dan moet ons dit bind en verban tot aan die buitenste duisternis en ope deure anderkant en duskant dit toemaak.

Op hierdie wyse kan mens magtig INTREE vir persone sodat die Here hul kan bevry uit die geestelike bande waarin die duiwel hul gebring het. Ope deure ontstaan deurdat mens sonde doen of deur na rockmusiek te luister, baie TV kyk, okkulte rekenaarspeletjies, ens., of deur “bandeloos” te lewe. Dit is o.a. die kanale waardeur die duiwel mense bind. Ook deur skinder, kwaadpraat, en optrek teen medemense maak mens  ope-deure vir die duiwel om jou te bind. Daarom is dit dus so belangrik om telkemale maar weer die oortredinge wat opnuut begaan is, berouvol aan die lig te bring, deur belydenis. Dus, as “soldate” vir Christus, is ons daagliks in `n geestesoorlog gewikkel met die duiwel en kan ons dit nie waag om te laat slap lê nie. Die Skrif leer ons dus in Efesiërs 6:11:12 die volgende; ***“Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. 12. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.”***

Daaglikse gebed, selfs heeldag in my gemoed, lofprysinge, lofliedere en om te getuig, Sy Woord te lees en na gehoorsaamheid en liefde te streef, het nou my daaglikse praktiese Godsdiens geword. Die Here sê in Sy Woord dat Sy volk ten gronde gaan weens `n ***gebrek aan kennis***, en is dit dan duidelik hoekom die meeste Christene nie `n lewe van geestelike *oorwinning* kan lewe nie. Maar dank Sy God, *vir wie klop sal oopgemaak word, wie soek sal vind*. Die Here is lankmoedig en

geduldig en `n boom wat by waterstrome geplant is, soos in ***Psalm 1***, sal nie noodwendig vinnig groei nie (in my geval het dit maar stadig gegaan), maar sal sy vrugte gee op sy tyd. Met God se genade alleen sal die wortels diep groei en jou voete stewig plaas op die rots Jesus. Nog `n duur les wat ek geleer het na baie teleurstellings, is dat ek myself nie met die beste poging self van enige gesindheid of sonde kan verlos nie, want dit het Hy reeds aan die kruis vir my gedoen. Al wat ek as mens dus daaraan kan doen, is om dit te *erken en bely, en vir die Here Jesus verlossing te vra*. Die Skrif kan sondebelydenis nie duideliker stel soos in Jakobus 5:16 nie, nl; ***"Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van `n regverdige het groot krag."*** *Ja, ons siel sal ook van alle gebondenheid "gesond" raak daardeur!*

Ek dank die Here, dit het soms lank geneem, maar is ek `n lewende getuie, dat Hy die werk aan jou siel sal doen solank as jy oorgegee en gewillig is. Stadig maar seker, lei Hy jou dan van oorwinning tot oorwinning, sodat jy as mens in niks kan roem nie, behalwe in Sy genade. Halleluja Ek prys Hom! Steeds streef ek na die volmaaktheid, soos die Woord ons aanmoedig, en wil ek soos Jesus word, en nie soos hierdie een of daardie een nie! Deur dus jouself, jou eie begeertes en gedagtes neer te lê, ja; al jou eie wil en gedagtes af te lê, neem jy jou kruisie op. God alleen dra ons daardeur! Dit geskied egter nie oornag nie! Na die mate wat ek in aanraking, (aanbidding) met my Vader gebly het, kon Hy my seën en geestelik laat groei. Ek glo ook soos die Woord sê, dat die huidige omstandighede waarin die wêreld hom tans bevind, `n duidelike vingerwysing is van die tekens van die tye soos in Openbaring beskryf, en dat Jesus se KOMS VOOR DIE DEUR IS! Die Here is besig om Sy kinders, en veral Sy Bruidsgemeente voor te berei, en dis die rede dat die Vader almal wat opreg is wil waarsku.

## HOOFSTUK 2

Terwyl ek nou swanger was met my tweede kind, het ek stilweg gehoop dat dit die keer `n dogtertjie sou wees. Maar een nag droom ek dat ek `n seuntjie verwag, en dat sy naam Jason moet wees. Ek was stomverbaas toe ek die volgende oggend na gebed, ***Handelinge 17:7*** as antwoord kry: "***en Jason het hulle ontvang***." Nou ja, wat kon ek anders glo, prys Sy Naam! So was dit dan ook en is my lieflike seuntjie, Jason, op sy pa se verjaarsdag gebore, drie weke na die bepaalde geboorte datum. Met sy pa nog steeds vêr weg, op die landsgrens besig met oorlog! Dit was darem `n troos, want my hart was stukkend van verlange en bekommernis. Intussen is ek terug Nylstroom toe en het nou vurig begin getuig aan almal wat wou luister. Die liewe geduldige Vader sê eendag vir my dat ek oorywerig is en Hom menige keer vooruitloop, maar dat Hy dit nie teen my hou nie, want, " wat die hart van vol is loop die mond van oor"! Dus wek ek daardeur die duiwel se toorn op en begin hy my genadeloos vervolg, deurdat ek beskinder en ondermyn sou word. Die Here het my egter aangemoedig om veral oor die sondebelydenis te getuig en wonderlike aanmoedigende skrifte vir my gegee. Ook dat ek baie vyande sou hê, maar dat Hy my sou beskerm! o.a, gee Vader my die volgende skrifteks persoonlik as bewyse!, nl: ***Jesaja 29:5 "Maar die menigte van jou vyande sal word soos dun stof, en die menigte van die tiranne soos kaf wat wegwaai; en dit sal heeltemal onverwags gebeur." So ook Jesaja 41:8~20, en Jesaja 42:6~7 en Jesaja 42:16 vertel dat DIE WEG nou en vreemd is nl.***; "***En Ek sal (geestelik) blindes lei op `n weg wat hulle nie ken nie, hulle laat loop op paaie wat vir hulle onbekend is; Ek sal die (geestelike) duisternis lig maak voor hulle uit en die hobbelagtige plekke gelyktes. Dit is die dinge wat Ek doen en nie nalaat nie."***

Die Here het my ook gewaarsku om wysheid teenoor mense te gebruik, en veral teenoor my eie liewe man. Vir hom mag ek nie een woord "gepreek" het nie, maar moes ek die stille voorbeeldige

lewe lei. Vader gee my ook ***Jeremia 1:5~10*** tot groot aanmoediging en verootmoeding.

Nadat my man teruggekeer het van die weermag, voel ons soos vreemdelinge teenoor mekaar. Hy sou nog dikwels in die toekoms vir weermag kursusse opgeroep word, totdat hy tot Regiment Sersant Majoor bevorder is. Ook was Jason al ses weke oud en so ook my oudste seun, al drie en `n half jaar oud. Ons leer maar weer om mekaar van “voor af te ken”, en kan die twee seuns ervaar hoe dit is om `n pa te hê. Een dag ry ons deur `n sekere buurt en vang my oog `n pragtige moderne huis met `n groot tuin. Daar ons maar arm was, het ek nogtans vir my man gesê dat ek darem nie sou omgee as ek daar kon bly nie.

My Vader wat in die hemel is, het hierdie begeerte raakgesien, en seën my toe eendag met `n ontsettende verrassing. Die Departement van werke, waarvoor my man gewerk het as elektrisiën, het die spesifieke huis intussen gekoop vir `n afdelingshoof, maar besluit  dat ons die huis moes kry. Ja, glo dit maar! Vir `n skrale sestien rand per maand, aangesien hul ons `n huis subsidie toegestaan het! Ek was verslae, want kon die Here mens se versugtinge so raaksien, en dan al jou hartsbegeerte ook nog gee! Halleluja! Met die skrywe van hierdie besondere wonderwerk het die Here my geloof so versterk, dat ek vir enige iets onmoontlik, (wat in Sy wil is), daarna kon glo! Daarvoor loof en prys en eer ek Hom geweldig! Ek weet ek verdien nie dat Hy so goed is vir my nie, maar is oneindig dankbaar!

So word ons eendag na `n braaivleis genooi deur bloedverwante. Van die gaste (twee jong mans), kom sit toe weerskante van my en begin my uitvra na die geloof in Christus. Nou was daar `n sekere persoon ook teenwoordig wat my besonder vyandiggesind was, en moes ek hulle maar so diskreet moontlik antwoorde op hul vrae gegee. Maar die duiwel sluimer nie, en die volgende oomblik het hierdie vrou al vloekend op my afgestorm en my met die vuis probeer slaan. Vader beskik dit toe so dat mans haar betyds kon vasgryp, en so aanranding keer. Toe sy nou so verwoed voor my staan, het ek net stilweg een antwoord vir haar gehad, nl.; dat as sy haar vir God skaam... en voeg ook sommer by, dat ek MY NIE skaam nie en dat ek voor geen duiwel sal stuit nie! (Natuurlik net deur Sy krag). Die Here het agterna vir my die vlg. skrif gegee nl. ***Jeremia 1:17~19. “Jy dan, omgord jou heupe en maak jou klaar en se aan hulle alles wat Ek jou sal beveel; wees nie vir hulle verskrik nie, dat Ek jou nie vir hulle laat skrik nie. Want Ek maak jou vandag `n versterkte stad en `n ysterpilaar en kopermure...En hulle sal teen jou veg, maar jou nie oorwin nie; want Ek is met jou, spreek die Here, om jou uit te red.”*** Van daar af sou hierdie persoon my byna onnoemlike skade probeer aandoen, waarvan die Here my uit almal verlos het! Die Heer het ook aan my bevestig dat Hy my *“voorkop hard soos `n diamant sal maak”*.  Vader bevestig dit aan my deur Esegiël 3:8~9 vir my agterna te gee, nl; ***“Kyk, Ek maak jou aangesig hard net soos hulle aangesig en jou voorhoof hard net soos hulle voorhoof. 9. Jou voorhoof maak Ek hard soos `n diamant, harder as `n rots; jy mag nie vir hulle bevrees of vir hulle verskrik wees nie, omdat hulle `n wederstrewige huis is.”*** My God gee dus ook vir my Jeremia 51:21~24. Ek loof Hom altyddeur!

Die liewe Vader het my egter deur genade altyd die krag gegee om al die jare daarna vriendelik en bedagsaam teenoor hulle te bly. My man het hul selfs finansieel ondersteun wanneer dit moontlik was. Dit was egter met herhaalde belydenisse van onvergewensgesindheid dat die Here my kon help om volkome vry te spreek, en selfs `n seën van Jesus Christus op hul af te bid. Die Here wil hê dat ons alles in Sy hande oorlaat, en genade vir mense wat selfs teen ons is, te vra. Vader het ook vir my gesê dat die wraak Hom toekom. God is `n God van geregtigheid en elkeen van ons moet waak met vrees want vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God! Vader waarsku ook dat wat

ons aan ander doen, het ons aan Hom gedoen! Die liewe Heer gee tog uit Sy genade ook vir my Jeremia 51:36 nl; ***"Daarom, so sê die Here: Kyk, Ek verdedig jou saak en sal vir jou wraak neem; en Ek sal sy see droogmaak en sy fontein laat opdroë."***

Intussen bly ek lekker in die nuwe huis en hou my besig met die kinders, en huiswerk. Altwee seuns is nou ook al ingeseën en beveel die Here aan dat ek baie vir hul moet bid. Ek ontmoet `n bekende Afrikaanse Christelike skrywer, oom Bennie van Zoelen. Saam het ons die Bybel bestudeer, vir mekaar getuig en bemoedig. Die oom het `n groot invloed op my en kry ek ook ***Jesaja 31:16*** van die Here om hom aan te moedig. Hy was `n groot aansporing geestelik en glo ek dat ons mekaar met `n doel ontmoet het. Die Here het dus ook nou vir my die geleentheid gegee om aan die oom te getuig van die manier wat ons die Here dien in ons sending, nl; om die Skrif *presies na te volg, net soos in die dae van die apostels!* En ja, hy het my ten volle geglo, want die Skrif is onveranderlik!

My sussie, wat drie jaar jonger as ek is, sou nou `n groot rol in die toekoms in my en baie ander persone se lewens speel. Ons het dikwels in Potgietersrus by my moeder gaan kuier, en daar het ek haar begin "bearbei" om Jesus te leer ken en te dien. Nie lank daarna nie, gee sy haar hart vir Hom! Sy het daarna vir agtien jaar vir die president van ons sending gewerk, en sou daar baie seëninge, asook vervolginge vir ons daaruit voortspruit. Van daar af is sy na die Geloofshuis in Pietersburg waar sy vir `n paar jaar diens vir die Here gedoen het. Vandaar is sy na die hoofgeloofshuis in Benoni, waarvandaan sy nie weer weg gegaan het nie, behalwe vir besoeke aan die buiteland tydens konferensies.

In die volgende paar jaar is nog twee pragtige seuns vir ons gebore, Jonathan en Ruben. Elke liewe kind wat gebore was, is van onskatbare waarde later! Tog het ek `n vreeslike begeerte en hunkering gehad vir minstens een dogter. Ek het dus vir jare onophoudelik gebid en smeek daarvoor. Een dag se die Here deur die instrument(profeet) vir my persoonlik dat Hy my enige-iets sal gee wat ek op my knieë vir Hom sou vra...ja liewe leser, so goed is die Almagtige God vir Sy kinders! Vandag sou ek uitroep; "`n VOLKOME HART my God!" In elk geval, het ek ook spoedig geleer dat ek altyd net moet vra vir dit wat volkome in Sy alwyse Wil is! En natuurlik het ek volhardend bly bid vir die dogtertjie! Terwyl ek dus swanger raak met die vyfde, glo ek dus nou dat die Here uiteindelik hierdie gebed gaan verhoor!

Eendag kom my man met `n versoek na my, nl. dat ek tog moet bid tot die Here en `n skrif vra of dit reg is as hy `n sekere erf in die dorp koop. So wil hy dan nou baie graag vir ons `n huis bou. Dit is nou nie asof ons geweet het waar die geld vandaan sou kom nie, maar tot hy vertrou nou die Here vir so `n groot besluit. Nietemin, ek bid ernstig daaroor, en as antwoord op my vraag gee die liewe Vader `n baie direkte skrif, nl. ***Jeremia 32:7. "Kyk...koop tog my stuk grond wat in Anatot in die land Benjamin lê, want jy het die reg van besit en jy het die reg van lossing; koop dit vir jou."*** Wat kon ons meer vra. Ja, ons het direk uit die Hemel toestemming verkry, halleluja!

My man het nog nie sy hart vir die Here gegee nie, maar het tog Godsvrese en genoeg respek vir die Heiland, nl. om Hom te raadpleeg, al was dit uit die mond van die "profeet". Vir jare sou ek Jesus alleen dien, en sou ek leer om algeheel op Hom te vertrou. Ek het besef dat dit genade alleen is as jy die Vader in `n "geestelik verdeelde" huis moet dien. Gelukkig, niks is vir Hom onmoontlik nie, prys die Here! Moet net nooit moed opgee nie en hou *aan bid* vir die redding van u geliefdes!

So doen hy nou die aansoek vir `n banklening vir die erf, wat ek ook `n geloofsaak maak, en gee die Here ons die genade om `n volle lening te verkry vir die erf en boukoste. Halleluja! Ook staan die

staatsdepartement `n huislening subsidie aan ons toe wat dit vir ons moontlik gemaak het om die plek te kon bekostig. My man begin toe vol geloof om daardie huis te bou met die hulp van `n paar werkers, en kon hy dit deur genade binne ses maande voltooi. Met `n pragtige kombuis van soliede tambotie-hout, vier slaapkamers en twee baie mooi badkamers, was dit regtig `n spoghuis! (Vele lieflike dubbelverdiepinghuise sou nog deur hom aan selfs bekende mense later jare gebou word, en hy het altyd erken dat hy tot niks in staat sou gewees het sonder die Here se hulp nie!) Saans het ons saam, (met my hoog swanger), gaan werk aan die telery, kaste insit, en afrondingswerk. Wat `n ongelooflike dag toe ons daar kon intrek, met die gras al klaar geplant, en die tuin reeds in aanwording! Ja, ons harte het oorgeloop van dankbaarheid omdat die liewe Here ons so gehelp het, en was dit net `n wonderwerk en vir ons soos `n geloofsmonument.

Hiervandaan vorentoe, sou ek `n nuwe ingrypende fase van my lewe betree. Van hier af, sou my geloof telkemale tot die uiterste getoets word. Ek kon maar net in my absolute swakheid en onvermoë geheel en al op Jesus Christus vertrou! Die skrywe van hierdie boek liewe leser, is nie om myself op `n troontjie te plaas of om myself te regverdig nie, maar om Jesus Christus se Naam groot te maak en te verheerlik. Om as klein instrumentjie, `n vat in Sy hande, te toon dat niks onmoontlik is by Hom nie en dat dit nie deur krag of geweld is nie, maar deur Sy Gees! ***Sagaria 4:6***, ***"Toe antwoord hy en sê vir my: Dit is die woord van die Here aan Serubbabel, naamlik: Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here van die leërskare".*** Halleluja!

Niks sou gebeur het as dit nie was vir Sy liefde en genade was nie! Ook wil ek u as kind van God aanmoedig om nooit die vrymoedigheid en kinderlikheid teenoor die Here te verloor nie. Hy het ons lief nes ons is en so moet ons na Hom toe kom...deur net onsself te wees! Die vyand (duiwel), val die gelowige onophoudelik aan deur gedagtes, versoekings en beproewinge. Maar ons oorwinning lê daarin dat ons slegs al die oortredinge gereeld sal bely met berouvolle hart voor getuie, die duiwel bestraf, en mettertyd sal u die oorwinning daaroor smaak. Die skrif leer ons dat as ons die duiwel weerstaan, sal hy van ons af wegvlug! Prys Hom altyddeur!

Ek noem die kwessie, omdat ekself en menige kind van God, dit gereeld ondervind! Terwyl ek nou juis vroeër vandag hier skrywe, kom fluister die vyand in my ore dat ek geen skrywersondervinding het nie, en alles swak klink. In plaas van die duiwel dadelik te bestraf laat ek ongeloof en moedeloosheid toe! (mens noem dit die influisterende en oorblaser magte). Eers heelwat later toe ek dit bely het, breek die geestelike "bande" wat dit oor my gebring het en kry ek weer die kinderlike vertroue in die Here om aan te gaan. Dit is dus duidelik, ignoreer die duiwel, en jy eindig in `n negatiewe staat! Vat hom dadelik vas en bestraf hom, en jy kry die oorwinning! Toe kon ek in blydskap en oorwinning sê: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee"! Filippense 4:13

Net voordat my vyfde kind gebore is, praat die Here een dag baie ernstig met my tydens `n kerkdiens. Vader sê iets wat ek toe nog glad nie begryp het nie, nl. dat Hy my op `n woestynpad gaan sit en dat ek nie uit ander "reënbakke" mag gaan "water" drink nie, want, sê my God, was dit vir Hom genoeg as ek alleen in my binnekamer op "sak en as" na Hom roep! ***Daniël 9:3~4 "3. En ek het my aangesig tot die Here God gerig om met vas, en in roukleed en as, my aan gebed en smekinge te wy. 4. En ek het tot die Here my God gebid en belydenis gedoen en gesê: Ag, Here, grote en gedugte God, wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom liefhet en sy gebooie onderhou, ons het gesondig en het verkeerd gedoen..".***

Die Here maak ook wonderlike beloftes, o.a. dat Hy my gaan doop in die Heilige Gees (spreek in

hemelse of vreemde taal) op die oomblik wat ek dit die minste verwag! Ook dat as Hy eendag al die ou "windblase" (foute en tekortkominge) uit my gedruk het, Hy die Morester in my hart sal laat skyn! Want Hy is die pottebakker en ek is die klei. Halleluja vir Sy heerlike beloftes, waarop ek beslis staan! Dit was baie bemoedigende woorde wat ek veral gedurende groot beproewinge sou onthou! Ook het die Here weer bevestig dat ek baie vyande sal hê, maar dat Hy voor my uitgaan en dat niks my skade sal doen nie.

Vyf dae nadat my vyfde seun, Christiaan gebore is, stuur hul bloedtoetse weg vir baba geelsug. Dit kom positief terug en verduidelik die dokter dat hy dringend per ambulans na Pretoria, nl. die H.F Verwoerd hospitaal toe verplaas moes word. Sy bloedtelling wat baie hoog was kon net herstel word deur bloedoortappings Tien uur daardie nag, uitgeput en verskrik van vrees en bekommernis is ek en hy op pad met die ambulans. My man was op daardie stadium in Rustenburg werksaam en my moeder kon genadiglik na die ander kinders omsien. Ek maak, met trane en smekinge aan Vader `n belofte daardie aand dat ek Hom altyd sal dien as hy my seuntjie gesond maak! Nadat ons by die hospitaal gearriveer het word nuwe bloedtoetse gedoen. Toe die uitslag eindelik kom, was die resultaat heeltemal normaal. Tot almal se verbasing! Ek kon die hemelse Vader nie genoeg dank nie. So was ons nog vyf dae daar vir observasie, maar het alles normaal gebly. Weereens, `n wonderwerk en gee ek die Here alleen al die lof en eer!

Drie gelukkige jare was dit `n voorreg om in ons eie huis te bly. Met die dat ons nou heelwat meer op die huispaaiement moes afbetaal, en ten spyte van die behuisingsubsidie, was geld baie skraps. Maar ek het gou geleer om op Jesus te vertrou vir ons daaglikse behoeftes, waarby ons nie altyd kon bykom nie. So het die Here dan vir ons gesorg deur dit op my moeder se hart te lê om een maal per maand vir ons kruideniersware vanaf Potgietersrus te bring! Vleis, groente, vrugte, en heerlike lekkernye. Haar loon sal groot wees omdat sy haar moederhart so oopgemaak het en gehoorsaam aan die Woord was, deur uit te deel. Ek het ook selde in my lewe nodig gehad om vir die kinders klere te koop, en het bokse en bokse klere as ondernemings ontvang. Vader kyk selfs na die kleinste behoefte van Sy kinders, dis waarom ons nie bekommerd moet wees oor enigiets nie! Alhoewel die liewe Vader nie mens se gebede altyd dadelik verhoor nie (ook net as dit in Sy wil is), het my geloof sterk geword en gegroei.

Ek het werklik alles wat ek nodig gehad het in kinderlikheid van Hom gevra. Net om u `n idee te gee hoe erg die Here op ons behoeftes ingeskakel is, wil ek graag die volgende getuienis vertel. Nl.; dat Hy ook dit wat nie so dringend is nie, maar net om Sy besonderse liefde en begrip vir die mens en sy behoeftes te bewys, verhoor. Ek is baie lief vir heel waatlemoen stukke (konfyt in stroop) en vertel eendag vir Jesus dat ek ontsettend lus is daarvoor. `n Dag of wat later laat weet `n persoon my dat sy iets vir my het. Ek het byna omgeval toe sy `n ekstra groot bottel waatlemoenstukke na my uithou, en was so ingenome en aangedaan dat ek dit aan al wat wou luister getuig het! Halleluja, prys Sy Naam!

Dit het intussen al hoe meer gevaarlik geword om alleen na Pietersburg te ry, weens onluste wat in die land uitgebreek het. So was ek nou genoodsaak om maar op my eentjie "kerk" te hou. Ek het werklik geen behoefte gehad om na enige ander kerk te gaan vir geestelike voedsel nie, en het geweet dat dit die Here se wil was dat ek Hom eers in my eensaamheid moes dien. Dit moet vir u, liewe leser onbegryplik wees, maar die Here het gesê dat ons gedagtes nie altyd Sy gedagtes is nie! ***Jesaja 55:8. "Want My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle wee is nie my wee nie, spreek die Here."*** Dit was die "woestynpad" wat ek vir die volgende paar jaar saam met die Here moes loop. Ek sou moes glo dat, al het dit gevoel of Hy my vergeet het, en nie meer lief het nie, Hy my

hand dwarsdeur sou bly vashou! Ook beloof Jesus in Sy Woord dat Hy ons nooit sal begewe of verlaat nie! Hebreërs 13:5. Die liewe Vader het wel gesorg dat ek twee dierbare kinders van Hom ontmoet, en saam het ons drie Vrydae susters bidure gehou en in `n wonderlike eenheid van Gees die Heer aanbid. Halleluja! So kon hul ook leer hoe om die Here op hierdie wyse te dien!

## HOOFSTUK 3

Jesus Christus was nou al vir my so `n werklikheid en sou ek hom in die toekoms van naby leer ken! Maar so het die duiwel ook meer `n werklikheid geword, en kan die feit dat hy verwoesting oral bring nie geïgnoreer of misgekyk word nie! Dit is Christus se diensknegte, Sy dapper "soldate" wat ongesiens `n groot verskil maak! Die Here sê Sy volk gaan ten gronde weens `n gebrek aan kennis. Ek aanskou hierdie onkunde gedurig hoedat sommige siele uit hardkoppige grootmanskap weier om "klein" te word, en nie die Woord van God "wil reg verstaan nie", want min mense sien kans om die eie gedagtes, wil en verstand te kruisig, omdat dit vir hul moontlik "gemakliker" is as die waarheid wat die skrif leer! Mense klou vas aan kerklike dogmas en menslike oorlewinge en is sodoende te "blind" en "doof" om te verstaan. ***Kolossense 28:8 en 12*** maak dit duideliker nl; ***"8. Pas op dat niemand julle as `n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewing van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie. 12. omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het."***

So bly die Woord en Sy "skatte en kennis" `n verborgenheid vir baie! O, mag Hy ons kortsigtigheid verander sodat ons die werkinge van die Heilige Gees sal raaksien en verstaan! Die Woord van God is die enigste en beste "opleidingsboek" in hierdie geestelike "universiteit" waar ons slegs "graad kan vang" as ons dit verstaan en nakom! Dit is ook `n kragtige "wapen" teen die duiwels! Vader het ons dus geleer dat ons die Woord moet neem en terwyl ons dit oor ons swaai, sodoende die bande van die duiwels oor ons afsny in die geloof. So moet ons dan die kosbare Bloed van Jesus Christus oor ons en ons bloedverwante elke dag pleit, nl. oor ons oor poorte, verstand en geesteskrag! Dan moet ons die wapenrusting "aantrek" deur manifestering. Efesiërs 6:10~18 verduidelik dit baie mooi. Vader het verduidelik dat ons dan werklik die wapenrusting van God aan die geestelike "liggaam" aanhet, en so is ons grootliks beskerm teen onheile, ongelukke, ondermynings, ens. Ons kan ook vra dat die Here ons deur Sy Bloed sal wegsteek vir die vyand. Halleluja en dankie tog vir Sy praktiese, maar oënskynlike vreemde manier om ons te beskerm! Die volgende skrif verduidelik dit onomwonde nl:, ***Jesaja 45:2 "Ek self sal voor jou uitgaan en hoogtes gelyk maak; koperdeure sal Ek verbreek en ystergrendels stukkend slaan",*** m.a.w., as ons weet hoe om REG te bid, dan sal die Here Jesus die "kettings en bande" waarin siele kom, en dus oor onsself ook, AFBREEK en LOSMAAK!!!

Ek het ondervind dat daar nog baie kinders van die Here is wat glo dat sondebelydenis alleen in jou binnekamer goed genoeg is. Ja, die Here vergeef as jy dit met `n opregte berouvolle hart bely! Die Here is egter besig om Sy Bruidsgemeente voor te berei en dit vereis `n rein hart. Ons almal weet tog dat ons sondaars is of was, en dat niemand kan sê dat hy nog nooit gesondig het nie! Om dit nou voor `n betroubare getuie te bely oordeel jy jouself reeds hier op aarde, dus verneder jy jouself om dit in die openbaar te erken, volgens die Woord. (Al die skriftuurlike verduidelikings sal u agter in die boek vind). Dus is daar nou nie meer `n oordeel wat hiernamaals wag nie, maar sal ons slegs geoordeel word na werke! Wat `n genade, en kan ek u waarborg dat die WARE VREDE wat uit sondebelydenis VOOR GETUIE, die ENIGSTE VREDE is wat daar bestaan! So reinig en heilig Hy

dus ons harte volkome, en kan ons maar net weer met vrymoedigheid keer op keer teruggaan na `n oortreding om weer te bely, TOTDAT HY ONS VAN DIT ALLES VERLOS HET! En dit is moontlik, want Jesus Christus het vir ons sondes aan die kruis gesterf! Die heiliges wat reeds daar wag, en die engele is in afwagting vir die basuin om te blaas, sodat Hy Sy uitverkore en getroue kinders kan kom wegruk deur die wegraping! Die tyd is kort, en ons moet nie meer versuim om gehoorsaam te wees nie, anders sal die wat nie luister nie, agterbly en die Antichris regering en die verdrukking moet deurgaan! Daar is dus `n uitweg! Ons is REEDS AAN DIE BEGIN van die verdrukking liewe siel...doen dit net, want HY KOM! 2 Petrus 3:1~18.

Die skrif leer dat ons oorlog nie teen vlees en bloed is nie maar teen die bose magte en die owerhede in die lug. Nou gee die Vader ons ook die gawe om geeste te onderskei. As ons dus nou onderskei dat ons mede broer of suster “gebind” raak deur `n gesindheid of oortreding, mag ons in die bresse tree vir daardie persoon deur die magte oor hul in die geloof (en in stilte) af te sny en dit bind en verban asook versoening te bid vir hom/haar. Die skrif leer dat Hy ons die gawe van die bediening van versoening gee. Dit beteken letterlik vergifnis vir hul by die Vader af te bid. So dra ons o.a. ook mekaar se laste! Dus mag ons nie die mens oordeel deur fout te vind en te kritiseer nie, maar vir hom/haar in die bresse tree. Die Woord sê nie verniet dat ons geoordeel sal word met die maat waarmee ons ander veroordeel nie. Ek het die Here maar altyd die genade gevra om my daarmee te help, aangesien ek besef het dat ek nie genoeg Christusliefde in my hart gehad het en nie “goed” genoeg was om dit op my eie reg te kry nie. Prys die Here! Dus moet ons nie net bid vir die redding van ons geliefdes se siele nie, maar ook vir hul versoeningsgebede opstuur. En moenie vergeet om die Here te vra dat Hy u die gawe van die LIEFDE ook sal gee nie!

BRITS

Skielik, sonder waarskuwing, neem ons lewe `n nuwe wending. My skoonvader sterf onverwags in `n motorongeluk. My skoonmoeder laat weet my man na die begrafnis, dat my skoonvader besig was met elektriese kontrakte, en vra of hy dit nie asb. wil kom afhandel nie. So gebeur dit dat my man oor naweke afjaag na Brits, en moeg Sondagaande terugkeer huis toe. Terwyl hy dus so besig was daar, begin die mense hom raaksien, en kry hy al hoe meer werk by. My man sien dit as `n goeie geleentheid om finansieel beter af te wees. So besluit ons hartseer dat die huis dan maar verkoop moes word, sodat ons oor kon begin in Brits. Die liewe Heer voorsien deur Sy genade baie gou `n koper, en alhoewel dit die onaangenaamste drie jaar van my lewe sou word, het ek bietjie nader aan Sy huis beweeg. Wat sake aansienlik sou verlig, geestelik gesproke. Dit sou egter eers drie jaar later gebeur dat ek weer na my Vader se huis kon gaan vir `n diens! Altesaam sou ek vir byna sewe jaar die liewe Hemelse Vader op my eie moes dien.

1988~1996

Maar nou was dit eers die trekkery wat gewag het, en begin die pakkery in erns. Langs die pad breek die voertuig se remme, en tou my man my maar aan die bakkie wat hy bestuur het. Met `n groot gesukkel arriveer ons dus uiteindelik in Brits, met my wat seker honderd keer agter in sy bakkie vasgery het sodra hy gerem het. Daar het ons voorlopig eers saam met my skoonmoeder in `n ou plaashuis op die hange van Silkaatsnek vir `n jaar gewoon, voordat ons sou dorp toe trek. Vandat ons in Brits aangekom het, het dit gou vir my duidelik geword dat die magte van die duisternis behoorlik werksaam daar was. Dit was onheil op onheil...egskeidings, armoede, drankmisbruik, en nog onnoembare dinge! Met natuurlik te min mense wat kennis het om die duiwel te weerstaan. So was ekself maar naïef en het nog heelwat gehad om te leer. Die vyand het my nou besonder aangeval, en het ek vreeslik sieklik en depressief geraak. Die satan het ook my man gou stewig aan die enkels beetgekry en het hy verswelg geraak in sonde. Onder leiding van die ou vyand was

geldmaak nou baie belangrik, en was hy sodoende “verplig” om met vriende deurmekaar te raak wat dieselfde agenda gehad het. Net die liewe Vader sou my hierdeur kon dra, en loof en prys ek Hom dat Hy dit gedoen het!

Intussen het ek gesmag en begeer om weer die dienste by te woon, en het dit steeds onmoontlik gelyk. Een dag, wenende voor Sy voete, vra ek Jesus of Hy my vergeet het en nie meer lief het nie! Ja, ek wou weet of ek ooit weer Sy dierbare Stem sou hoor en weer sou koordans saam met Sy kinders! Ek vra toe maar `n skrifteks, en hoop die Here het vir my `n antwoord. Ja, my Vader is nie doof nie en gee Hy my die wonderlikste belofte, sodat ek kon moed skep en glo, nl: ***Jeremia 31:3~4 “Die Here het aan my verskyn uit die verte: Ja, ek het jou liefgehad met `n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid Ek sal jou weer bou, en jy sal gebou word, o jonkvrou van Israel! Jy sal jou weer versier met jou tamboeryne en jou uittrek in die koordans van die spelers.”*** Vader gee terselfdertyd ook ***Jesaja 49:14~16 nl. “Maar Sion sê: Die Here het my verlaat , en die Here het my vergeet! Kan `n vrou haar suigeling vergeet, dat sy haar nie sou ontferm oor die seun van haar skoot nie? Ofskoon hulle sou vergeet, nogtans sal Ek jou nie vergeet nie! Kyk, Ek het jou in die handpalms ingegraveer; jou mure is gedurig voor my.”*** Hoe loof en prys ek nie sy Wonderbare Naam nie! Dit sou nie lank neem dat die Here Sy beloftes sou nakom nie, maar eers sou ons deur geweldige beproewinge gaan om daar uit te kom! Ja, ek moes leer om op die Here te WAG, en volkome op Hom te vertrou!

Intussen liewe leser, het ek ook geensins opgehou om te kla by die liewe Vader dat ek nog steeds nie `n dogtertjie het nie, maar besef dit sal wys wees om te vra dat Sy wil alleen geskied. Ook bid ek dat as dit nie Sy wil is nie, Hy self die begeerte uit my hart sou haal. Een goeie dag bel `n wildvreemde vrou my. Sy stel haarself voor as die moeder van `n seun wat maats is met my oudste seun. Sy kondig toe aan naamlik, dat sy die vorige nag gedroom het dat ek `n dogter gaan hê! Ek was stomverbaas, want sy ken my glad nie. Nie lank daarna nie, kuier my skoonsuster se dogter by ons, en sê: “Tannie, ek voel half snaaks om dit te sê, maar voel ek moet nl;” dat sy ook gedroom het dat ek `n dogtertjie gaan kry! Toe bel my sussie my in dieselfde tyd om dieselfde droom aan te kondig. Ek was verstom en uitgeboul en het die Vader gevra wat tog die betekenis van dit alles kon wees. Was ek dalk swanger, aangesien daar geen “tekens” was nie! Nou het ek alles maar in die geloof in die Here se Hande gelaat. Nadat ek daaroor gaan bid het, het ek die skrifteks in ***Mattheus 9:22*** “***En Jesus Het omgedraai en haar gesien en gesê: Hou goeie moed dogter, Jou geloof het jou gered. En die vrou het gesond geword van daardie uur af”.*** Die vyfde seuntjie was alreeds drie en `n half jaar oud.

Ek vra toe maar die Vader of hy dit nie ook aan my wil bevestig in n droomgesig nie. Ek droom daarop een nag dat ek `n volmaakte pasgebore baba sien, met die naelstring nog stewig aan. Ek sien selfs die blou en rooi are in die naelstring en dat dit onbetwisbaar n dogter is. Direk na die droom word ek wakker en het met sekerheid geweet; Die Here gaan `n gebed verhoor waarvoor ek jare lank voor gebid het! Prys Sy Wonderlike Naam!!!

Vader het my ook getoon dat ek haar Jeanine moet noem wat ek later sou uitvind “kosbaar” beteken. Toe ek nou so ongeveer ses maande swanger was, “kondig `n persoon, wat my nie goedgesind was nie, aan dat sy gedroom het ek gaan weer `n seun hê”! Sy beklemtoon die “feit” dat sy nog nooit verkeerd gedroom het nie! As ek maar besef het dat dit die duiwel was wat deur `n waarsêersgees my wou verwar sou ek dit daar en dan bestraf het en al die venynige jaloerse geeste gebind het. Maar ek leen toe my ore vir die duiwel uit...en Prys die Here...leer nog `n lessie daaruit. Nietemin, huilend

gaan kla ek toe by die Liewe Geduldige Hemelse Vader vir `n antwoord daarop en gee Hy my ***Hooglied. 6:9 "Een die is my duif, My volmaakte die enigste vir haar moeder; sy is die uitverkorene vir die een wat haar gebaar het. die dogters het haar gesien en haar gelukkig geprys, die koninginne en die byvroue, en haar geroem".*** En nadat ek weer so "gedreig" is gee Vader vir my ***Miga 7:5 "Vertrou geen metgesel nie, maak op geen vriend staat nie, let op die poorte van jou mond teenoor haar wat in jou skoot lê"!*** Halleluja vir die egtheid van Sy Woord en soete beloftes!

Ag, tot my beskaming moes ek erken dat ek in Sy beloftes getwyfel het en ongeloof toegelaat het. Nadat ek die Here nog `n bevestiging gevra het, het Hy uit sy Liefde en Verdraagsaamheid ***Jesaja 44:8 gegee. "Wees nie verskrik nie, en moenie bewe nie! Het Ek jou nie lank tevore laat hoor en te kenne gegee nie? En julle is My getuies! Is daar `n God buiten My?"*** Wat kon ek toe nog twyfel! Hierdie skrif, moet ek byvoeg het ek gekry na die grootste toets oor geloof in die spesifieke saak. Die sonar het "duidelik" n seun op sewe maande op die skerm "gewys"! Maar ek het Hom onvoorwaardelik daarna vertrou.

My pragtige dogter is op die laaste dag van die jaar, 31 Desember 1989 en drie weke vroeër as verwagte datum na `n pynvrye bevalling gebore! Die duiwel was nou woedend, ek swak, en met niemand wat besef het hoe ernstig hul nou vir my moes bid nie! Ek het dadelik na haar geboorte baie siek begin voel, en het geweldige pyne in my liggaam begin kry. Die dokter het egter nie bekommerd gelyk nie! By dit nog, ontwikkel ek uit die bloute `n baie gevaarlike en uiters pynlike ooginfeksie agter die linkerkantse oogbal. Lanklaas in my lewe het ek soveel pyn ervaar, en het dit gevoel of my liggaam aan die brand was daarvan! Maar die Here het oor my gewaak en met antibiotika, pynstillers en baie gebede het ek tog geleidelik beter begin voel. Die duiwel wou `n slag slaan, en het die dokter vir my gesê dat ek my oog kon verloor het. So kon die vyand weer nie volkome slaag nie want Jesus was by my! Prys en eer Sy Heilige Naam!

Nie lank na haar geboorte nie, ry ek vanaf die dorp terug huis toe, wat ongeveer elf kilometer ver is. Ek was gelukkig alleen, en so halfpad ruik ek iets snaaks! Die volgende oomblik borrel rook voor by die kattebak uit en sekondes later, vlamme. Verskrik het ek probeer remme trap, maar teen daardie tyd was die drade al afgebrand. Ek dink t.s.v. my geskokte toestand, tog daaraan om die handrem te gebruik, en kry so gestop langs die pad. Desperaat het ek nou die pakkies en goed begin uitruk, met die vreeslikste benoudheid dat die kar enige oomblik kon ontplof! Terwyl ek nou bewende die Bloed van Jesus uitroep en Sy beskerming vra, stop daar `n taxi, volgelaai met mense. Ek dag eers hul wil help, maar tot my skok gryp hul net my handsak en jaag weg! Ek het nou besef dat hulle daar weg is met my ID boek, rybewys, koopkaarte en geld! Gelukkig het `n persoon die brandweer intussen ontbied, maar was die kar al byna uitgebrand toe hul daar arriveer. Nou ja, ek was in `n vreeslike toestand, en so my man ook. Ek roep en smeek die Here dat Hy tog `n wonderwerk sal doen sodat ek tog net my rybewys en ID boek kan terugkry op `n manier!

Ek beloof Vader dat as Hy dit vir my uitwerk, dat ek dit sou getuig! `n Maand later bel `n onbekende persoon my en gee my die ongelooflikste nuus! Sy vertel hoe haar huishulp se man die goed op die Johannesburg hoofweg opgetel het, en het sy dit weer op haar beurt vir haar werkgeefster gegee. So spoor hulle my toe op deur `n nommer wat in die sakkie was. Ja, voorwaar, niks is vir die Almagtige wat hemel en aarde geskape het onmoontlik nie! Halleluja, ek prys weereens Jesus Christus se wonderbare Naam! Dus het getroue Here Jesus my goed aan my terugbesorg soos ek gevra het. Dit was niks minder as `n wonderwerk in my oë nie!

Ja, ek het al meer as eenkeer met die kinders en sonder my man langs die pad gaan staan met die kar wat onklaar geraak het. Elke keer het `n ou, swart man nie minute later nie, by my gestop en die fout reggemaak! Ek het al begin wonder of die Here dalk `n swart engeltjie hier op die aarde het! Ek kan met eerlike opregtheid betuig, dat al was ek hoe in die benoudheid, die Hemelse Vader altyd iewers `n weg oopgemaak het. Ek moes net vra! Ja, God was nou vir my `n WERKLIKHEID!!!

So was ek en my een skoonsuster ook een dag op pad na Pretoria. Ons het met `n redelike spoed om `n draai gekom, met `n afgrond aan die linkerkant, toe die motorband skielik bars, en ek byna beheer oor die kar verloor. Dit was egter asof die engele my stuurwiel beheer het en kon ons baie geskok veilig stop. As ek nie die Bloed van Jesus getrou oor my voertuig gepleit het nie, kon dit moontlik rampspoedig verloop het! So hou die Here Sy oog op Sy kinders, en HOEF ONS NIKS TE VREES NIE!

Maar daar is "dinge" in Brits wat nie reg is nie. Die duiwel woed en ruk ons rond en moes ek maar laag buig, soos `n riet na `n storm, (deur gebed en vertroue)! Ons het intussen dorp toe getrek en met my man wat min by die huis was, het dit genade gekos om na die kinders om te sien. My skoonmoeder en haar broer het ook by ons gewoon, en het dit sake nie veel makliker gemaak nie. Nou wou die duiwel my so besig hou en uitput in `n poging om my as gevolg daarvan minder op my knieë te hou. Ook moes ek gedurig na my skoonsuster se kinders omsien, en sodoende vir `n hele klompie mense gekook, en versorg het! Dit het toe juis die teenoorgestelde uitwerking gehad. Deur die uitputting het ek meer voor my Vader se voete gaan lê, ook in `n desperate poging om sommer te rus ook! Maar, om alles te kroon, vind ek uit dat ek weer swanger is met die sewende kind en my liewe hiperaktiewe dogtertjie was maar agt maande oud! Gevolglik was ek ook nog vreeslik benoud oor hoe ek die nuus aan my man en familie sou oordra! Gelukkig het die liewe Here Jesus altyd `n plan en doel met alles wat Hy toelaat!

Ja, alles is die knegte van die Here! Jare later het Vader dit bevestig deur vir my die mees aanmoedigende nuus denkbaar te gee. Hy praat met my deur `n "werktuig" en sê dat Hy nooit by ouers se gebede verbygaan nie. Dat hy `n doel het met elke kind van my, van die oudste tot die jongste, en dat HY SY DOEL SAL BEREIK met ELKEEN van hulle! Prys en loof Hom alleen! Die Heer beloof ook dat Hy VOLLE verantwoordelikheid oor elkeen van hul neem! Ag, hoe dankbaar is ek dat die Vader ons eerste liefgehad het, soos die Woord sê en dat Hy ons met koorde van liefde nader trek na Hom. Hoe dankbaar is ek dat Jesus Sy lewe as niks geag het en vir elkeen wat in Hom glo aan die kruis gesterf het! En veral is ek dankbaar dat ek nie meer bekommerd oor my kinders se siele hoef te wees nie, want ek HOEF NET VIR HUL TE BID! As sake lyk of dit hopeloos is met u kinders, m.a.w. hul sonder die Here probeer leef, hou dan moed! Moet net nie ophou bid vir hulle nie!

Intussen leer ek nou `n persoon ken wat daagliks by my begin besoek aflê. Ek onderskei iets by haar wat my onrustig maak en ook dat sy `n baie geestelike gebonde mens is. Haar dogtertjie, wat volgens haar baie sieklik is, is dus ook altyd by. So kom sy nou elke dag met `n nuwe klagte by my oor een of ander siekte wat haar kinders teister. Een dag is sy dus weer daar, en sê dat die kind geelsug het, en kan ek sien dat haar gelaatskleur en oë gelerig is. Sy vra dat ek tog vir die kind sal bid, en terwyl ek nou vir haar hande oplê en bid, verander sy voor ons oë van bleek en geel na `n gesonde pienk! Maar sodra ek vir haar bid, kry ek `n "asma aanval", en is dit persing om die gebed klaar te kry. So het die duiwel my probeer aanval om te keer dat ek hom sal bestraf en uitdryf! Ek het ook uitermatig moeg en pap gevoel in haar teenwoordigheid, maar was heeltemal te onkundig om te weet wat ek onderskei! Tog laat die Here dit alles toe, want Hy wil my onderskeiding van

geeste leer en smeek die soete Heilige Gees by haar om haar hart vir die Here te gee.

Eendag, terwyl ek vir haar bid, raak die Heilige Gees vaardig oor my en buk ek voor haar, en terwyl ek haar voete soen, voel ek hoe lief die Here die sondaar het! Liewe leser, dit kon nie uit myself gekom het nie, en moet ek erken dat ek nie baie ingenome met die persoon was nie, en was haar knaende besoeke baie ongerieflik vir my. Maar een ding het ek geweet toe ek daarna aan haar verklaar, dat DIT IS HOE LIEF DIE HERE DIE SONDAAR HET, en dat sy nie eendag `n verskoning voor die Troon gaan hê nie! Die liefdevolle Vader het alles probeer om hierdie siel te red! Die Vader kan egter niemand dwing om Hom te dien nie. Dit is elke liewe mens se eie keuse! Ek sal genade vir haar bly bid en ook waak oor my eie siel sodat ek nie self val, terwyl ek dink dat ek nog staan nie. ***Jeremia 6:16~17*** sê die Here aan Sy volk; ***"So spreek die Here: Staan op die wee, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel. Maar hulle het gesê: Ons wil daarin nie wandel nie. 17. Ek het ook wagte oor julle gestel en gesê: Luister na die geluid van die basuin. Maar hulle het geantwoord: Ons wil nie luister nie."***

Nogtans smeek die liewe Heer by elke siel om na Sy wekroep te luister, want wil Hy almal red! Daarom stuur hy Sy arbeiders vroeg en laat om die "basuine" te blaas, m.a.w., deur die Woord, Christelike boeke, deur kerkdienste, en op soveel wyses, sodat niemand eendag `n verskoning kan hê nie. Die liefdevolle Vader wil nie hê dat ons die laaste deel van die verdrukking moet deur gaan nie, en is daar uitkomste deur die wegraping...betyds van al die ellendes wat dan op die aarde wag. Die Antichris regering sal die oorblywende Christene ontsettend wreed vervolg en dood gemartel word, en dele van die aarde sal letterlik aan die brand slaan. Oorloë, pessiektes en hongersnood sal maar van die min vreeslike dinge wees wat nou binnekort gaan gebeur. Die tyd is om! Vader gaan duisende siele red en dan kom Hy soos `n dief in die nag om die wat olie in die lampies het te kom haal om die Bruilof van die Lam te gaan vier! Liewe siel, moenie uitstel nie...hierdie is `n dringende wekroep! Gee u hart sommer nou vir Jesus Christus! More kan te laat wees. Hy sal jou verder leer en lei! Sorg dat u binne is as die deure toegemaak word, waar die res dan buite sal moet staan en nie meer kan inkom nie! Die volgende skrif openbaar o.a. die wegraping en die rede hoekom die Antichris nog nie geopenbaar is nie nl; ***II Thessalonicense 2:1~12*** met die klem op vers 7 nl; ***"Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is:"***

Intussen laat die Here ook toe dat ons beskinder, misbruik en besteel word. Bittere ondermynings kom nou uit alle oorde op ons af en was dit net Jesus se liefde en beskerming wat ons deurgedra het. My lieflike seuntjie, Adriaan, die sewende in die ry, word ook intussen gebore en seën die Here my met hom deurdat hy uitermate soet en gesond is! Ek voel dus baie geseënd met al hierdie pragtige kinders al kry ons nou die een terugslag op die ander! Jeanine kry aanhoudend mangel infeksies en sou die Here haar `n jaar later so genees dat sy nooit weer daarna siek daarvan geword het nie. Vader wys deur `n werkersvrou dat ons net gereeld die jaloerse en venynige ondermynings oor haar moet afsny. Ja, dierbare leser, so kan die duiwel ons in die gees aanval deur sy instrumente te gebruik en daarom sê die Woord wie sy broeder haat is `n moordenaar! Vader gee my ook dan die volgende skrifte nadat ek Hom daaroor gaan raadpleeg het, nl. Jeremia 6:25~30; Miga 4:10~13.

In daardie tyd kry my man `n elektriese kontrak in Rustenburg by `n privaat bouer en dit sou behels dat hy vir ongeveer ses maande slegs naweke huis toe sou kom. Die uiteinde van die saak was, dat nadat die werk voltooi was, die persoon hom nie betaal het nie, maar stil stil verdwyn het en homself

boonop bankrot laat verklaar het. So het my man ook `n vakansiehuis saam met `n ander persoon kontant gebou om dit saam te verkoop agterna, en het hierdie projek ook niks vir ons ingebring nie aangesien die vennoot dit ook skelm agter sy rug verkoop het en daarna ook padgegee het! In hierdie tydperk verloor ons om en by een miljoen rand, en verloor as gevolg daarvan al ons beleggings, vier voertuie, `n boot en heelwat meubels! Nou het ons byna niks oor nie, en alle werk droog ook skielik op. Met ander woorde, ons is nou totaal werkloos, self bankrot en het dus ook nie meer enige vorm van vervoer nie! Nou kon ek ook verstaan wat die dissipels na Jesus weg Hemel toe was, moes deurgemaak met al die vervolginge! My arme man was nou “in sak en as”, want hy moet nog steeds vir `n reuse gesin sorg. Van hier af sou die liewe Hemelse Vader aan ons sy geweldige liefde betoon en aan ons bewys dat Hy vir `n mens alleen kan sorg in sulke tye!

Met die dat ons nou deur soveel bittere vernederinge moes gaan, erken en bely hy dus nou sy sonde van “grootmanskap” en gee hy sy hart uiteindelik vir Jesus Christus! Die Here gee ook die volgende skrifte as troos en aanmoediging vir my nl; ***Handelinge 14:22 “en die siele van die dissipels versterk en hul vermaan om in die geloof te bly deur te sê: Ons moet deur baie verdrukkinge in die koninkryk van God ingaan.” en gee Vader my ook 1Petrus 1:6~9 “Daarin verheug julle jul, al word julle nou~as dit nodig is~`n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus; vir wie julle al het julle Hom nie gesien nie, tog glo en julle verbly met `n onuitspreeklike en heerlike blydskap, en die einddoel van julle geloof, die saligheid van julle siele, verkry.”*** Ook gee Vader vir my Hebreërs 10:32~39. Ek loof Sy wonderbare Naam!

Hierdie reeks gebeurtenisse in ons lewe, was vir my die bewys dat die Here tot die uiterste sal gaan om `n siel waarvoor Sy kinders bid, te red! Prys God! Dus het die Here na baie jare, uiteindelik ingetree om my man se kosbare siel te red!

HOOFSTUK 4

Intussen roep ons nou in ons benoudheid dat Vader moet uitkomste gee! Die getroue Hemelse Vader openbaar dit aan my sussie, Nicolene in Benoni, waar sy steeds vir die hoof van ons sending werk, in wat ons “geloofshuise” noem. Hy gehoorsaam die Here se stem dadelik en skenk vir ons `n pragtige bakkie met `n “canopy”! My swaer en sus kom lewer vir ons die bakkie, volgelaai met vleis, groente, vrugte, en enige ander kruideniersware wat mens aan kan dink voor ons huis af. Dien ons dan nie `n lewende God nie! Ons was totaal verslae vir die Here se goedheid en getrouheid op Sy kinders se ernstige geroep! Omdat Hy vir ons die genade gegee om baie maal in die verlede vir arm mense te help, het Vader ons nou dubbeld vergoed dat ons in daardie opsig gehoorsaam kon wees. En so sal hul loon ook sekerlik groot wees in die hemel! Ja, hoe dank ek vandag dat die Here ook kinders het wat doen wat Sy Woord beveel, en nie net beloftes maak nie! Sodoende leef ons ook die Goddelike liefde prakties uit! Want sonder die werke is die geloof dood. Halleluja en weereens dankie Here Jesus!

Van nou af, of vir ten minste die volgende paar jaar, sou ons leer om as meeste van die tyd werkloos te wees, wat noodwendig ook sou beteken dat ons in die Geloof moes leef. Sodoende kon die Here aan ons en baie ander toon dat Hy lewe en Sy kinders nooit in die steek laat nie! Al lyk en voel dit soms so! Die Here het soveel beloftes voorheen aan my gemaak, dat as die duiwel my wou oorweldig met moedeloosheid, ongeloof en twyfel, dan het ek maar net GESTAAN op Sy beloftes

en Hom gedurig deur gebed daaraan herinner! Vader het my gewaarsku dat magtige beproewinge my deel sou wees maar het beloof dat Hy my deur dit alles sou dra. Ja, elke mylpaal is vir my nog `n geloofsmonument, en kan ek maar net in ootmoed vra dat Hy ons vas en staande sal hou tot die einde toe! Vader gee vir my ***Johannes 15:16~27***, wat my geweldig bemoedig! ***"Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee."***

Daarna kry my man `n werksaanbod in Benoni, deur `n vorige "vriend", so reg uit Brits se "hel"! Maar die Here gebruik nou hierdie geleentheid om ons naby SY huis, die Hoofgeloofshuis van ons sending te kry! So verander God elke vloek in `n seën op Sy eie goeie tyd, om sodoende Sy doel te bereik! ***Nehemia 13:2 nl; ..."maar onse God het die vloek in `n seën verander."*** Nou het ons ook weer `n voertuig om soontoe mee te ry, maar hoe nou gemaak met die bietjie meubels wat oorbly! Vader voorsien weereens, en kry ons `n trok wat die goed vir ons gratis vervoer vanaf Brits na Benoni, als op die onkostes van die sendinggenootskap! Daar kry ons ook toe `n lekker groot ou plaashuis op `n plot, net `n entjie vanaf die geloofshuis en kerksaal. Nou het die heerlikheid van die hemel oor my oopgegaan wat die geestelike betref, want kon ek elke liewe kerkdiens bywoon, ja, selfs die susters bidure Woensdae! O, halleluja vir Jesus dat Sy beloftes ja en amen is!

So is ek juis een Woensdagoggend by die susters biduur, min wetend van die lewensgevaar wat my tweejarige seuntjie in is. Met die dat die kleuter skooltjie wat ons kinders gewoonlik tydens dienste versorg vir `n tyd gesluit was, het ek hom vir daardie rukkie in die sorg van `n huishulp gelaat. Die Satan het wel deeglik van die geleentheid gebruik gemaak, en terwyl "iets" haar aandag van hom afgetrek het, het hy in die bad geklim, die prop ingedruk en die warmwaterkraan oopgedraai! Getroue Here Jesus se tydsberekening het egter die vyand uitoorlê, want toe ek by die huis aankom, kon ek "betyds" sy gille vanuit die badkamer hoor! Die bad was toe al halfpad met vuurwarm water en kon ek hom maar net in afgryse daaruit ruk! Tot my volle verbasing en dankbaarheid het hy nie een brandwond opgedoen nie, net skok! Ek was totaal verslae, want ek kon beswaarlik my hand in daardie warm water sit, en het ek geweet dat dit `n absolute wonderwerk van die Here was! Hoe loof ek nie Sy wonderbare Naam nie! Waarlik, Hy was weereens getrou deur oor my kind te waak en het ek deur genade net die skadukant van die duiwel se poging gesien.

Intussen moes ons R1200 `n maand op die huishuur afbetaal, asook krag en water en die lewe gaan aan. Dit alles terwyl my man nou `n baie klein salaris ontvang. Nie lank daarna nie vind die werkgewer uit dat ons aan `n pinksterbeweging behoort, raak hul uiters vyandig, en onttrek van my man. En daar sit ons maar weer...in die GELOOF! Om alles te kroon, kom ek een oggend by die motorhuis, net om uit te vind die kar is "afwesig"! Ja, iemand het gedurende die nag daar ingebreek, die voertuig weggesleep, oopgebreek en weggery, met ons kosbaarste "geskenk" van die Here! Dit was vir ons smartlik, en het my man se geloof gevaarlik gewankel, want hoe, het hy geredeneer kon die Here so iets toelaat! Dit was sekerlik die duurste les wat ons tot nog toe geleer het hoe belangrik dit is om getrou die Bloed van Jesus Christus oor ons huis, onsself en selfs die voertuie te pleit! So het die Here ons belowe, kan die duiwel ons nie onnodige skade aandoen nie. Ja, dit is ook deel van ons praktiese Godsdiens, want Vader toets ons gehoorsaamheid en dit is ooglopend dat ons nie in feetjieland bly nie!

So is ons omtrent in `n geestesoorlog gewikkel, en wil die vyand ons geloof totaal probeer vernietig. Ag, dit was maar weer genade en gebede! So bied `n broer in die geloof ons `n tweedehandse kar teen `n goeie prys aan, met die ooreenkoms dat ons net `n kleinerige bedrag elke maand hoef af te betaal. Die probleem was, dat ons nou motor paaiemente by al die ander verpligtinge gehad het, en

dit met my man sonder werk. Maar, die Here het weereens geluister en het `n plan gehad! So voorsien die sendinggenootskap vir ons `n pragtige huis in die dorp, waar ons nou heeltemal gratis kon gaan bly, krag en water ingesluit. Ja, Vader uitoorlê die duiwel keer op keer en staan ons almal maar net verbaas oor Sy uiterste getrouheid! So bou ek dan ook deur elke terugslag getuienis op getuienis, en is almal verwonderd dat God `n WERKLIKHEID is! Ons kry ook nou getrou boksies kruideniersware deur skenkings wat van die gemeente aan die armes gemaak word. Ook melk en brood word aan ons daagliks voorsien! Prys Sy grootte Naam!

My man kry nou hier en daar klein elektriese werkies en met daardie geld kan ons kos, brandstof, medisyne en toiletbehoeftes bekom. Maar een dag was alles klaar! So steek ek toe maar my hande in die lug en vertel die liewe Vader hoe dankbaar ek oor alles is, en dat die Here alleen weet dat elke moontlike trots darem nou seker uit ons beproef is...maar dat daar nie kos is nie, en dat die kinders wat so groei en altyd honger is tog nie net van brood alleen kan lewe nie! Ek gee toe maar opnuut hierdie nuwe “probleem” in Sy bekwame hande met die sekere wete dat Hy `n plan sal maak!

Twaalf uur daardie middag, gebeur `n wonderwerk. Die Here alleen is my getuie dat ek alleen van hierdie saak geweet het! Maar hier stop nou `n kar voor die huis se deur, en klim `n huisgenoot van die sending uit. Terwyl hy my vriendelik groet, en ek hom vra waaraan ek die besoek te danke het, antwoord hy my vraag. Naamlik, dat die Here persoonlike opdrag deur `n werkerprofeet aan sy kinders in die geloofshuis gegee het om van daardie dag af vir ons ELKE MIDDAG EN AAND klaar voorbereide kos te kom aflewer! Dit het groente, vleis, `n styselgereg en slaai met nagereg ingesluit smiddae, en saans iets soos pasta en vis, sop of watter maal hul ook al berei het vir die huisgenote wat permanente inwoners van die geloofshuise is.

Ek was dus stomverbaas, en het opgespring en gejubel en gejuig oor Jesus se bereidheid om ons so VOLKOME te versorg! Was dit moontlik dat die Almagtige so lief vir Sy kinders kan wees, veral vir ons ellendiges! Ja, en duisend maal ja! Ons is lewende getuienisse daarvan! Die goedheid van die Here het ook nie daar opgehou nie. Van die gemeentelede was ook in groot finansiële moeilikheid en kon hul dus saam met ons van die genademaal kom geniet, en so het Vader dus nie net vir ons gesorg nie, maar ook vir van sy ander kinders wie ons geken het. Prys Sy Heerlike Naam! So het die Here nou uit Sy huis getrou vir ons gesorg vir `n volle drie jaar, totdat my man `n werk in Richardsbaai gekry het deur van sy bloedverwante.

Ek wil ook graag tot ere van die Here getuig dat Hy ook getrou was in alle ander opsigte. So het ek menige dag sonder `n druppel brandstof twaalf kilometer skool toe gery en terug, op absolute vertroue dat die Here die brandstof sou vermeerder. Ek het hier werklik geen keuse gehad nie en moes maar in die benoudheid waarlik op my Vader vertrou! So het Hy dan gesorg dat ek nog nooit sonder brandstof gaan staan het nie, wat vir my persoonlik geweldig was, en my geloof net meer versterk het! Halleluja! Ja, die Here laat soms geweldige dinge toe net sodat mens moet besef dat jy nie met `n mens te doen het nie. Net God weet wat mens in sulke tye deurmaak en net Hy alleen kan jou deurdra!

Intussen ontwikkel ek opnuut gesondheidsprobleme en moet ek gaan vir `n groot operasie. Dit is winter, baie koud, en my oudste skoonsuster se dogter bied aan om na my man en kinders te kom omsien. Ek is na Pretoria in die Staatshospitaal daarvoor, omdat ons nou uiteraard ook nie `n mediese fonds gehad het nie. Dus sou ek as buitepasiënt geopereer moes word. Wat natuurlik ook alreeds in (hierdie tye) `n groot risiko is! So het die duiwel my ook daar ingewag, maar het die Here Jesus se Goddelike hand en Sy kosbare Bloed my twee keer in daardie tyd uit die kloue van die

dood gered. Ja, dis `n geestesgeveg tot die einde, en is ons as kinders van God bereid om te ly vir Sy Naam?!

Toe ek nou eindelik op die operasie tafel lê op die vasgestelde tyd, dien hul my narkose toe volgens die normale prosedure. Met die proses gaan lê mens se longe plat, en moet die pasiënt vanselfsprekend addisionele suurstof ontvang. Deur die genade van God het ek net voor ek aan die slaap kon raak besef dat daar nou geen suurstof deur die masker vrygestel word nie, en was ek besig om te versmoor! Dit was of die engel my hand opgetel het (wat normaalweg onmoontlik is) as gevolg van die narkotiese uitwerking, en kon ek op `n manier die suurstofapparaat weg klap en hul waarsku! Sekondes later het ek die salige suurstof ingeasem en aan die slaap geraak.

Toe ek nou na die tyd wakker begin raak, het ek twee stemme gehoor. In my gees, of gemoedstoestand, het ek `n liedjie gesing sonder enige beheer oor my gedagtes, nl: met die woorde; "Over and over, like a mighty sea, comes the love of Jesus, rolling over me!" Terselfdertyd het ek myself hoor kerm en kla van die vreeslikste pyn, aangesien hul `n baie groot operasiesnit moes maak. My bloeddruk was veels te laag en kon ek dus vir ure lank geen pynstillers ontvang nie. So was ek nou verplig om in my smart en pyn aanhoudend na die Vader te roep! Intussen het my bloeddruk bly daal gedurende die nag en het ek geweldig gesukkel om normaal asem te haal. Die verpleegster het nie te bekommerd gelyk nie, maar die volgende oggend...chaos! Die spesialis verduidelik dat ek geweldige inwendige bloeding gehad het as gevolg van aartjies wat nie behoorlik toegebind was tydens die operasie nie. Die bloeding het veroorsaak dat dit my longe begin vasdruk het, dus die rede vir die asemhalingsprobleme. Nou moes ek inderhaas terug teater toe, sodat hul die snit weer kon oopmaak en die bloed verwyder. Ja, ek kon nie glo dat ek weer `n keer deur daardie trauma en pyn moes gaan nie, en was ek net baie jammer vir myself, maar het dit vir die liewe Heer alleen vertel.

Daar het ook `n diepe besef in my hart opgekom dat Jesus nog baie meer moes ly vir ons sondes aan die kruis, en was ek bereid om dit vir Sy Naam onthalwe deur te maak? Ek dank die Here dat ek geen ander keuse gehad het nie, net soos Hy, en so het dit die moeite werd geword om vir Hom ook te ly. Ek moes egter drie eenhede bloed agterna ontvang, en het ek op Hom vertrou dat Hy dit sou reinig en "heilig"! Die kinders van die Here het tussentyd vir my ingetree in die gebed, en het ek uitsonderlik gou herstel, en sommer meer energie daarna gehad as voor die operasie. Hoe loof en prys ek nie vir Jesus Christus nie, en kan ek net getuig dat ek Sy teenwoordigheid gedurig kon voel!

Na ek veilig by die huis aangekom het, was die doel van die Here nog nie heeltemal bereik met ons in Benoni nie, en was daar nog "werk om te doen". Nou is die Here besig om my lesse te leer i.v.m. geestelike onderskeiding, en gehoorsaamheid deur o.a. te luister na Sy stem! U moet besef, dat as mens jou oopstel vir die Heilige Gees Werkinge, jy dit nie oornag leer nie! Dit val ook nie sommer uit die lug in jou hart in nie, nee, maar leer jy dit oor etlike jare deur middel van lessies en beproewinge alleen! Ook deur die Woord van God te bestudeer, en Sy leiding daaromtrent af te bid. Daar op jou knieë, leer jy "geheime" van onskatbare waarde.

So was ek ook baie lief om geestelike boeke te lees...en kom ek op Rebecca Brown se baie leersame geestelike boeke af. Dit het my ook aangemoedig om nie te gerusgestel te raak in die gees nie, maar om versigtig te wees. Die boeke handel oor die satanistiese bewegings van ons tyd en hoe om daarmee te deel. Nou, Benoni waar ons gewoon het, was en is bekend vir die satanistiese aktiwiteite. So erg, dat die Hoof van okkult in die polisie ons al kom toespreek het tydens konferensies, om veral die jeug ernstig te waarsku om onder geen omstandighede ooit by enige vorm van okkult

betrokke te raak nie! Nou wou die liewe Heer my ook `n lessie leer oor die erns van die saak, en dat dit `n werklikheid is en dit mense is waarmee jy met omsigtigheid moet wandel. Maar die Here wou ook aan my bewys dat Sy Bloed kragtiger is as enige duiwelswerk!

So laat die Almagtige Here nou toe dat van hulle van tyd tot tyd dit regkry om in die “binneste heiligdom” (kerkdiens) in te kom, om hulle `n lessie te leer wat nie maklik vergeet sal word nie! Dus het Vader dan sommer net daar deur die mond van die profete (deur tale en uitleg van tale) hul vuil werke openbaar, en het ek al met my eie oë aanskou hoe van hul letterlik uit die dienste uit weghardloop! Halleluja..., daar waar die kragtige teenwoordigheid van die Heilige Gees en Sy Bloed is kan geen duiwel bestaan nie! Ek prys en eer Hom vir hierdie werklikheid, en hoef ons NIKS TE VREES nie! Solank ons net te alle tye gehoorsaamheid toepas natuurlik!

Eendag het ek egter `n eie persoonlike ondervinding opgedoen, wat ook skrikwekkende gevolge kon gehad het, was dit nie vir die beskermde Bloed van Jesus nie. Die Here wou sekerlik aan my toon dat hierdie mense NIE speletjies speel nie, en moes ek `n duur lessie leer! So vra my buurvrou my om haar asb. na `n sekere haarkapper te neem, aangesien haar voertuig in was vir `n diens, juis op haar enigste afdag vir die maand by haar werk. Ek stem toe maar in, en neem die einste Rebecca Brown se boek saam om die tyd om te kry. Wat nou hierna gebeur, is die liewe Vader in die hemel `n getuie van! Haar boeke is baie bekend by die sataniste, omrede sy die vyand se vuil werke so openbaar. Toe ons nou die plek binnegaan, merk ek dat `n middeljarige vrou die boek in my hande aanstaar, so ook later `n jongman van ongeveer in sy middel twintigs. Ek gaan sit toe maar in die kliënte se stoel voor in die ontvangsarea, maar waar ek hul kan sien, en so hulle vir my. Nie lank hierna kom vra `n persoon of ek saam wil tee drink. Juis op daardie oomblik lees ek dat die Here vir Rebecca gewaarsku het om nie tee te drink of voedsel te eet as sy dit nie onder die Bloed van Jesus Christus gepleit het nie. Die rede hiervoor was vir die feit dat sy as mediese dokter in `n hospitaal gewerk het waar baie satanistiese bedrywighede was. Die Here het openbaar dat hul haar wou vermoor deur “allerhande goed” in haar tee en kos te gooi. Dit was dus nie maar *toevallig* dat ek dit op daardie oomblik gelees het nie, maar was Jesus se tydsberekening perfek gewees! As ek dit net wou glo!

Ek was baie verbaas en het gewonder of dit dan nou toevallig was dat hul juis op daardie oomblik dat ek dit gelees het die tee kom aanbied. Wou die Here my daardeur waarsku! Dit gedagte daaraan het regtig belaglik en oordrewe gevoel! En ek sê ja vir die tee! Na `n ruk het ek `n behoefte gekry om toilet toe te gaan, en moes deur hul kombuis stap om daar uit te kom. So sien ek toe die twee besig om saam iets “aan te maak” by die wasbak, maar dit sit nog nie juis `n waarskuwings alarm in my gedagtes aan nie. Verder het ek deurentyd gesien hoe hul my dophou, wat my regtig ongemaklik laat voel het.

`n Rukkie later kom hierdie jongman wat `n haarkapper is, met my tee aangeloop. Dit het my verbaas, want die bediende het al die ander kliënte se tee vir hul bedien. Die man kon my egter glad nie in die oë kyk toe ek hom bedank vir die tee nie, en dit was net daar dat ek `n waarskuwings stemmetjie hoor wat duidelik se dat EK DIE TEE NIE MOET DRINK NIE! Ek was egter nou so verleë dat ek dit ignoreer en dit wel drink!

Nou ja liewe leser, dit was nie lank nie toe ek baie baie sleg begin voel. Ek het gebewe en gesweet en gevoel of ek enige oomblik kon flou neerval! Baie verskrik het ek besef dat dit die HERE was wat my gewaarsku het, en dat ek NIE geluister het nie! Ja, my hart en kop het onbedaarlik begin klop en moes ek nou ernstig om hulp by die Here roep in my gedagtes! Intussen hou hulle my fyn

dop om my “reaksie” te sien, en probeer ek maar voorgee asof niks fout is nie. Ek het nou ongetwyfeld geweet dat die tee “gedokter” was! Die man sit toe `n musiek cd aan en het die musiek en “dwelm” `n geweldige uitwerking saam! Ek het besef dat ek baie haastig daar moes uitkom en vra die Here dat Hy my net sal help om weg te kom voor ek myself so verneder om voor hul flou neer te val, waarmee die Vader my ook genadiglik gehelp het! Ek prys Hom en het nooit besef hoe gewetenloos hierdie mense is nie, maar nou WEET EK!

Toe ons nou uiteindelik veilig by die huis aankom, bel ek my sussie om haar van my nare ondervinding te vertel. Sy dra op haar beurt die nuus aan die hoofwerker oor, en laat hul my inkom om vir my hande op te lê en vir my te bid. Ek word toe ook aanbeveel om vir `n hele week lank twee keer per dag nagmaal te gebruik, en is sommer ook ernstig berispe oor my “onverskilligheid”! Sewe maande later droom ek een nag hoe `n padda uit my maag val, en openbaar die Here “dat die toormag” se werkinge uitgewerk is. Halleluja, prys die liewe Here dat Hy my van iets wat moontlik baie ernstig kon gewees het bewaar het! Dit klink heel waarskynlik vir die onkundige persoon soos nonsens, maar ek kan u weereens verseker dat ons juis met die bose magte in die lug te make het! Vader gee my ook o.a. ***Jesaja 30:20~21 “Die Here gee julle wel brood van benoudheid en water van bedruktheid, maar jou leraars sal hulle nie langer verberg nie~maar jou oe sal jou leraars sien; en jou ore sal `n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan.”***

Nie lank na hierdie voorval nie, getuig `n suster in die kerkdiens dat haar seun, wat `n loodgieter is opdrag gekry het om `n fout te gaan regmaak by `n sekere bekende klerewinkel. Daar ontdek hy `n kamer, swart geverf, met `n pentagram op die vloer geteken! Oral in die vertrek het klein miniatuur doodskiste gestaan, met mense se name daarop geskryf! Dit was nou duidelik dat hierdie mense duistere motiewe het en in die gees sou manifesteer om die kinders van God skade aan te probeer doen! Ek dank my God in sulke tye dat Hy ons die kennis gegee het, asook Sy beskermde Bloed wat ons nou daagliks kan gebruik. So het ons al baie skade gekeer in die geloof. Ek is ook dankbaar dat ek deur die skrywe van hierdie boek onkundige persone kan inlig, sodat u wat nie die kennis het nie dit ook nou kan toepas. In die begin voel dit vreemd en onsinnig, maar u sal gou die VERSKIL in u geestelike groei ondervind, deur die praktiese toepassing van hierdie kennis. En dit is naamlik om die Bloed van Jesus Christus gereeld oor u te pleit, en die wapenrusting tot twee maal per dag “aan te trek”! Ja, ek kan ook sê, met my God loop ek `n bende storm, en met my God spring ek oor `n muur! Psalm 18 o.a., het vir my al kosbaarder geword!

Net voordat ons nou Richardsbaai toe trek, gaan doen my man `n werkie vir `n persoon in `n fabriek. Dit het behels dat hy bo-op `n tenk moes klim om die fout reg te maak. Die tenk was egter nat en glibberig, en toe hy heel bo is, gly hy en val grond toe, REG IN `N ANDER MAN SE ARMS! Was dit nie daarvoor nie, sou hy hom waarskynlik morsdood geval het, en is dit nou nie `n bewys dat die Here niks toelaat wat nie IN SY WIL IS NIE! Dankie dus weereens vir Sy beskermde Bloed en vir die engele wat ons bewaar en selfs vasgryp, as dit moet!

Intussen is my man twee maande voor ons uit Richardsbaai toe, om dan ook sommer vir ons bly plek te gaan soek. Hy bly intussen by sy suster, en ons moes maar vir eers so sonder hom klaarkom. Die twee oudste seuns is op hoërskool, en die twee jongstes nog nie in die skool nie. Twee maande daarna kon ons ons uiteindelik by hom voeg, en het die sending weereens vir ons `n vragmotor beskikbaar gestel. Die keer kon ons darem daarvoor vergoed, al het dit nog steeds broekskeur gegaan! Daar het ons eers in `n meenthuis kompleks gaan bly, waar die liewe Heer my op die pad van kosbare siele gesit het vir wie ek kon bid en getuig. Nou is ek ook baie gelukkig vir die feit dat

daar ook `n klein maar dierbare gemeente in die dorp was. Maar, in hierdie dorp sou ons opnuut magtige beproewinge deurmaak, en was dit net God wat ons die moed gegee het om aan te gaan!

Omdat my man die Here nog nie so lank gedien het nie, moes hy ook nog `n paar persoonlike geestelike lessies leer. Wat nie ek of enige iemand anders hom kon leer, behalwe sy Vader wat in die Hemel woon. Omdat hy nog steeds op sy eie krag en vermoëns staatgemaak het, en nie altyd die Here se leiding gevra het nie, het hy soms misluk sodat hy moes leer om alle eie gedagtes en planne asook grootmanskap in nederigheid voor God se voete neer te lê! Daardeur moes hy dan ook nou geleer het om die Here te vra om al sy planne wat in Sy wil is, uit te voer! M.a.w., `n besef dat ons totaal afhanklik is van die Here se leiding, wil en krag om dit uit te voer. So gebruik die ou duiwel nou die onkunde as `n strik!

Die besigheid waarvoor hy nou gewerk het, het finansieel baie moeilikheid gehad, en het dit gelyk of dit nie sou "oorleef" nie. Nou moes my liewe man haastig `n plan maak dat ons darem net `n "backup" het as iets sou skeefloop. So bel `n persoon wat vriende met my ouers was jare terug, en my vader baie finansiële skade besorg het, hom eendag. Hy het `n versoek en wil `n gelduitleenbesigheid tak in Richardsbaai begin, en vra of my man dit nie vir hom sou behartig nie! Ja liewe leser, hy het nie die Here geraadpleeg nie, want onthou, mens leer soms op die harde manier, veral as jy nie die Woord ken nie! Want die Here se self Hy HAAT woeker en onregverdige wins! Nou ja, die eerste ruk gaan dit goed, maar nie lank daarna nie, en duisende rande later, sukkel hy vreeslik om die geld, wat nog te sê rente, uit die honderde mense te kry wat so maklik lenings bekom het. Daar sit hy toe in die grootste benoudheid, want hy moet verantwoording doen daarvoor, en het boonop `n kantoor wat se huurgeld, ens, betaal moes word! Desperate pogings, deur speurders te kry, het als niks opgelewer nie, en moes hy dus die slegte nuus aan die man oordra en probeer verduidelik.

## HOOFSTUK 5

Nou voel my man geweldig verantwoordelik en neem dus maar die blaam op homself, wat verreikende gevolge later sou hê Maar die Here is `n genadige God, en ek bid soos nog nooit! Terwyl my man nog die geld uitgeleen het, stuur hy op `n dag vir my om geld te gaan trek, aangesien hy te besig was om dit self te doen. Op pad terug moes ek deur `n gebied loop waar daar baie mense rondbeweeg het, aangesien dit staanplekke vir taxi-bussies was. Maar ek was nou verplig om met die klomp geld daardeur te loop, en herinner ek die Here aan daardie spesiale engel wat Hy belowe het my sou oppas. Terwyl ek Hom nou vir die engel se beskerming vra, wonder ek terloops wat die engel se naam kan wees...! Die naam GABRIEL, kom dadelik in my gemoed op, maar lag ek vir myself! Ja, ek het dit nie geglo nie! Die aand na gebed vra ek soos gewoonlik `n skrifteks van die Vader en gee Hy my ***Lukas 1:19*** nl.; ***"En die engel antwoord en sê vir hom: Ek is GABRIEL wat voor God staan, en ek is gestuur om met jou te spreek en jou hierdie goeie tyding te bring".***

Van vanselfsprekend was ek nou stomverbaas, en nadat ek hierdie boek begin skryf het, sê ek vir die Here dat ek tog nie *hierdie* getuienis kan gee nie, aangesien die mense sal dink dat ek gek is. Maar Vader het dadelik `n antwoord gereed gehad in my gemoed. ***"Vertel die mense dat ek meer is as Gabriel of enige ander engel, en dat die redding slegs deur My, JESUS CHRISTUS kan geskied!"*** Kon jy `n beter antwoord op `n vraag kry! Ja, my Jesus alleen mag aanbid word, want Hy is uit God! Ek twyfel nog steeds of dit wys sou wees maar ontvang ***Hebreërs 1:4*** nl: ***"Terwyl Hy***

***soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy `n voortreflike naam geërf het as hulle."... en verder in vers13. "En aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het `n voetbank van u voete? 14. Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie?"***

Met die dat alle besigheid nou gestop was, het ons dus vanselfsprekend nie meer `n inkomste gehad nie. Die vorige werkgewer het verhuis na Pietermaritzburg, aangesien hul besigheid ook bankrot gegaan het. So wag ons nou in angs en spanning oor die lot wat nou oor ons gewerp gaan word, en bly maar in kontak met die persoon, dat ons nie soos skelms lyk wat wegkruip nie. Intussen soek my man desperaat na ander werk, en bid ons en vertrou soos altyd op die Here onse God! Eendag sien hy `n advertensie in `n landboutydskrif, van `n boer wat `n plaasvoorman soek. Hy doen dadelik aansoek, want hy is geweldig lief vir boerdery en het hy vuriglik gehoop dat dit `n moontlikheid sou wees! Die man laat weet hom nog dieselfde week dat hy so gou moontlik moet kom vir `n onderhoud, halleluja! Nou moet u besef dat die plaas in die Vrystaat is, nege-honderd kilometer van ons.

Net voor ons sou afgaan vir die onderhoud, kom die persoon vir wie hy geld uitgeleen het, eendag terwyl ek alleen by die huis is, uit die bloute daar aan. Hy dreig my om dadelik ons voertuig se sleutel,`n gerestoureerde dubbelkajuit Volkswagen bakkie, vir hom te gee. Sonder enige prokureursbrief of bevelskrif, klim hy toe in die voertuig, ry net daar weg, en kon ek hom maar net geskok agterna staar. My man besluit om hom nie te vervolg nie, maar nou was ons alweer geheel en al sonder `n voertuig. Ja, die duiwel het `n ding dat ons soos normale mense `n kar moet hê! Maar een ding was ook seker, die vyand wou ook keer dat ons in Bothaville, waar die plaas geleë was, uitkom! Met `n rede sou ek uitvind, want daar sou die liewe Heer ons weer optel, ons naam in ere herstel, en baie seëninge vir ons uitwerk! Prys Sy Naam! Ja, die duiwel wend verwoede pogings aan, maar as God werk, wie kan keer! Halleluja!

1996~2006

Nou moet ons egter dringend `n ander voertuig van iewers bekom, en dit sonder `n salaris. Ook moet ons die Here vertrou vir brandstofgeld saam met `n ryding, om in die Vrystaat te kom. Ons was beslis om nie hierdie wonderlike geleentheid te verloor a.g.v. omstandighede nie, en kom ons geroep tot in die Hemel! Maar, Jesus is naby om die verdruktes uit te red, en voorsien die Here vir ons `n stokou stasiewa teen `n baie goeie prys, wat ons kon afbetaal! Om alles te kroon was daar landwye reëns, sneeu oor die Drakensberge en was dit baie koud! My man las en lap toe so vinnig hy kon die geroeste dele wat sekerlik in die reëns sou lek, maar kon dit nie effektief doen nie a.g.v. die gebrek aan tyd! Nou ja, nou moet ons pak, die hele spulletjie kinders inlaai, onsself staal teen die elemente en vernederinge, en dit UITVOER, min wetend dat dit ALLES nog die Here was! My oudste seun, wat pas klaar was met matriek, het intussen genadiglik `n werk as junior rekenaar programmeerder in Durban gekry, en was dus al die trauma en drama gespaar!

Terwyl ons dus nou so ry, al singende en met moed en blydskap vir nuwe moontlikhede, begin die kar vreeslik lek van al die reën. Dus hou ons toe maar plastiek bakke onder die plekke waar dit so lek, en onder groot gelag vir al die "sports", is ons ook maar elkeen in `n kombersie of wat toegewikkel. Want, sou ons heel gou agterkom, werk die verwarmer natuurlik ook glad nie! Ja, dit was net Jesus se stille teenwoordigheid wat gehelp het dat ons blymoedig, in plaas van moedeloos was. O, hoe lieflik was die sneeu op die berge, die ysige reën wat die aarde so blinkskoon gewas het. Deur die genade en krag wat ons van Bo gekry het, was dit een van die grootste avonture wat ons sou aanpak! Of, ten minste, so het ons gedink!

Twaalf uur daardie nag, na dertien ure en heelwat verdwaal op die pad kom ons uiters vermoeid by die geloofshuis in Wesselsbron aan, waar ons vooraf gereël het om te gaan oornag. Daar wag die dierbare geloofshuis genote steeds wakker op ons, met heerlike kos (of liewer middernagtelike fees). Daarna kry ons weelderige kamers om in te oornag! Ja, God is goed en gee die vermoeides krag, en sal Hy ons waarlik nooit begeef of verlaat nie! Wat kan ek meer sê. Terwyl ek hier skryf liewe leser, loop trane van dankbaarheid opnuut oor my wange vir die besliste wete hoe goed God is vir die ellendige! Feit van die saak is, t.s.v. magtige weerstand van die duiwel, kon niks die Almagtige keer om ons daar te bring nie, selfs nie die gebrek aan geld nie! En daardie stokou lelike stasiewa, het al die pad soontoe en terug, en opnuut weer soontoe gery, sonder enige probleme! Halleluja weereens vir Jesus Christus!

Die volgende more was ons uitgerus, en het die nuwe moontlike werkgewer gevra dat ek en die kinders moet saamkom na die onderhoud, aangesien hy wou weet waarmee hy te doen het. Nou ja, dit moes maar `n eienaardige spulletjie gewees het... die ou lelike kar, en `n hele ses kinders wat daar uitpeul! Ja, ons moes maar moed vat en glo! Ons moes nou ons beurt daar afwag, aangesien daar ander persone ook vir die onderhoud gekom het. Toe my man daar uitkom, het ek dadelik aan sy gesig gesien dat die werk SYNE was! Prys die Here! Dit was nie alles tevergeefs nie, want die Woord sê mos so! So gee hul nou vir ons `n reuse ses slaapkamer woonhuis om verniet in te woon, en beloof vleis en mieliemeel. Ook was die salaris heel goed, en het hier minstens nou `n baie beter toekoms gewag. Maar nou is al ons meubels nog in Richardsbaai, dus moet ons dieselfde dag nog terug, om so gou moontlik te gaan pak!

Ja, ons is terug soos ons gekom het nog dieselfde dag en die Here doen ons aan met soveel krag dat ons gepak en op pad terug is in minder as `n week. Dit het nog steeds gereën, en sneeu oor dele, veral oor die Drakensberge, waaroor ons nou letterlik soos die Voortrekkers moes “oortrek”! My goeie vriendin se man stel sy lorrie beskikbaar, en laai ons alles, selfs die hond agterin! *Die* het darem heelpad geslaap weens die toediening van “kalmeermiddels”. Die ooreenkoms was dat die nuwe werknemer die trek sou betaal, op voorwaarde dat my man drie jaar vir hom sou bly werk! Daarmee het ons nie `n probleem gehad nie! So ry ons toe nou maar heelpad terug, weereens `n volle dertien na veertien uur, agter die lorrie aan, oor geweldige passe en dale! Ons kon dit ook nie nalaat om mekaar goed te bestook met sneeu bo-op die berg nie, want ons het in elk geval klaar klammerig van die ou lekkende  kar gevoel!

So kom ons toe laat die dag daar aan, en moes ons inderhaas komberse soek, want dit was ysig koud en die beddens was diep weggepak. Reeds te donker, het ons maar die kaggel aangesteek, en almal bymekaar onder komberse daarvoor gaan slaap! Die volgende more...hemel! Ja, die aarde skoon gereën, die son wat deurbreek, die lieflike vleie naas die huis, eende wat daarin swem, en o, die lieflike wye oop vlaktes. Ja, die hond en kinders was uit hul velle, en het omtrent die “aarde geskeur” van uitbundigheid! Ek glo die engele het saam met hul gejuig daardie dag! Die liewe Heer se goedheid was nog nie klaar nie, en bring die boer se dierbare vrou vir ons `n groot en heerlike ontbyt daar aan, waarvoor haar loon sekerlik groot sal wees!

Eendag, terwyl ek buite wasgoed opgehang het, dink ek: “Die duiwel sal darem sekerlik nie HIER wees nie! Miskien sou ons nou bietjie rus en vrede hê! Maar, dit was net die stilte voor `n baie groot storm, waardeur die Here ons magtige ondersteuning gegee het. Vader bevestig ook sommer in die eerste diens dat HY ons na die plek gebring het en dat Hy `n doel met ons daar het! In nederige ootmoed laat ons dit dus nou in Sy hande. Ons voel gou tuis en baie gelukkig, en was die kinders

later in `n oulike plaasskool daar naby. Nou was die werkgewer `n beesboer, en het hy nie juis kwaliteit mielies geplant nie, aangesien dit uitsluitlik vir voerdoeleindes aangeplant was. Maar, dit het ook veroorsaak dat sy plaasimplimente en voertuie baie oud en onprakties was. Dus was my man nou genoop om tot selfs twaalf uur snags, in die yskoue weer met die stadige verrinneweerde ou stroper te oes. Maar hy was vol moed en baie gewillig, want die "grond" is in sy "bloed", en maak dit hom baie gelukkig. Dit was ook nou nie asof ons nie gewoond was aan baie moeilike omstandighede nie!

Die Here lê dit op die boer se hart om vir ons `n melkkoei te gee. Jason melk haar soggens en saans, en ek leer om botter, joghurt en roomys te maak van die hope room. Ons leer spoedig om al die gawe boere en hul vrouens goed te ken, en kuier ons gereeld oor en weer. Ja, ons word aanvaar in die gemeenskap, en pas goed aan! Die wonderlikste vir my was egter die yslike "bidkamer", voorheen studeerkamer, waar ek ongestoord daagliks kon bid en prys, soveel as wat ek wou! Daar het die Here my bo-natuurlik aangedoen met krag en geestelike voorbereiding vir die groot toetse wat sou voorlê! Jason, die tweede seun, sou vir my `n groot steunpilaar word, tydelik en in die gebed, en sou die liewe Heer ook die omstandighede gebruik om sy siel in die diepte te red!

Terwyl ons baie lekker in hierdie groot ou huis bly, merk ek dat Jason bleek soggens was. Ek vra hom dus of hy siek voel, maar hy sê nee... Wel dat iets hom saans vreeslik uit die slaap hou en dat hy doodbang vir die goed was. Ek vra toe baie nuuskierig dat hy my maar kan vertel wat dit is, en so kom die storie uit. Naamlik dat hy "spoke" snags sien ronddwaal in sy kamer. Spoke van ou swart mans. Die een se been was gebreek, en kon hy sien hoe die gebreekte been uit die vleis uitsteek. Nog een het op `n wiel daar rondgery! Nou ja, ek het self nog nie baie met die bonatuurlike te make gekry nie, en was hy bekommerd dat ons sou sê dat hy dit maar net gedroom het. Maar ek glo hom, aangesien sy "benoudheid" my reeds oortuig het. Ek stel toe voor dat ons twee saam moet gaan bid en die Here raadpleeg wat dit was wat hy gesien het. Waarop Vader ons toe die volgende interessante en nogal heel gepaste skrifteks as antwoord gee nl. ***Jeremia 10:5 "Soos `n voëlverskrikker in `n komkommertuin is hulle: hulle kan nie praat nie; ja, hulle moet gedra word, want hulle kan nie loop nie. Wees nie bevrees vir hulle nie, want hulle kan geen kwaad doen nie, maar daar is ook geen goeddoen by hulle nie."***

Ons het besef dat die Heer hier van die volk praat wat stomme beelde as afgode aanbid, maar het Vader tog sekerlik `n antwoord op so `n manier vir ons persoonlik volgens ons spesifieke omstandigheid gehad. Dus, glo ek het die Here vir ons getoon dat dit hierdie keer spoke was! Ja, ek dank Hom dat Hy altyd `n slim en verklarende antwoord gereed het as ons kinderlik vir antwoorde na God kom. Halleluja vir Sy getrouheid!

Daarop vra ons die Liewe Heer of Hy nie asseblief `n engel by sy bed saans sal plaas nie, aangesien dit `n baie steurende gesig was. So word hy een nag weer wakker, en sien `n baie groot engel rondbeweeg in die kamer met `n geweldige groot swaard. Die engel het pragtige blinkswart hare gehad, en soos wat hy rondbeweeg het, het sy kleed oor Jason se bed gesleep. Ons het ook vir die Here gevra dat hy tog maar `n engel sou stuur om hierdie ronddwalende geeste daar weg te neem na die plek waar hul "hoort", as dit moontlik was. Ons onkunde was maar groot, maar het die Here tog eendag openbaar dat siele wat ongered was en voortydig gesterf het, as "spooksels" kan ronddwaal. Dit is egter nie `n saak van bespreking nie en moet elke mens homself maar deur die Here laat lei of oortuig oor die onderwerp.

Intussen begin my man nou agterkom dat die werkgewer `n drankprobleem het, en in sulke tye baie

aggressief en beledigend teenoor persone raak. So word hyself dikwels onskuldig uitgeskel en moes hy maar leer om stil te bly en die minste te wees! So moet die Here nou eers in Sy genade die ou "groot mens" afbreek sodat jy klein en nederig onder by Sy voete kan oor begin! Jesus gee my dan ook die volgende skrifteks om ons aan te moedig nl: ***1 Korinthiërs 4:12~13 "en swoeg ons deur met ons hande te werk. Word ons uitgeskel, ons seën; word ons vervolg, ons verdra dit; word ons belaster, ons troos; soos uitvaagsels van die wêreld het ons geword, die afskraapsel van almal tot nou toe."***

`n Groter beproewing wag egter as dit en moet u besef dat die paadjie wat jy saam met die Here moet loop nie `n maklike pad is nie, maar baie baie nou! Solank ons bereid is! Ek dank ook my Vader dat Hy ons soms ook maar dwing om agter Hom aan te loop, anders sou ons sekerlik nie altyd kans gesien het nie. Uit die bloute eendag, terwyl my man en die boer op die lande besig was, daag daar skielik twee speurders op om my man in hegtenis te neem op aanklag van "diefstal en bedrog". Dus was die man waarvoor hy die geld uitgeleen het nog vol wraak, want was hy gewoond om te beheer! U moet verstaan, dat ons nou onder die indruk was dat die saak alreeds opgeklaar was met die dat hy beslag op ons enigste voertuig gemaak het! Ja, ons was seker dat dit oor en verby was! Ons het egter nie met die duiwel se wreedheid, slinksheid en hebsugtigheid rekening gehou nie!

So word hy dus toe nou voor my en die kinders, nadat hulle hom darem toegelaat het om te kom groet, weggeneem na Musina, oor die duisend kilometer ver op die grens van die Noorde. Was dit nie vir die Here se genade en nabyheid nie, sou ek sekerlik ineengestort het van die skok! Ja, Jesus was saam in die storm en sou Hy ons tog eindelik deur die Jordaan lei! Die Here maak die boer se hart so sag dat hy my bemoedig deur die versekering dat my man maar by hom kon aanbly, t.s.v. die feit dat ons nie eens geweet het of, en wanneer hy weer sal terugkom nie! Die stomme werkgewer moes werklik medelyde gehad het, aangesien hy self vir `n baie ernstige saak aangekla was. Later sou ek by my man self verneem van die vreeslike vernederinge en persings wat hy moes deurmaak. Onder andere, het hy nie `n dooie sent by hom gehad nie, en moes die nag sonder beddegoed in `n sel slaap vir die aanklag die volgende dag! Net om die volgende dag vrygelaat te word omdat hulle geen bewyse teen hom kon vind nie.

So moes hy nou sy weg terug probeer vind, sonder geld of selfoon, klere of kos. Die Here voorsien egter vir hom `n saamrygeleentheid langs die pad, en kon hy op so `n manier darem tot in Brits kom by sy moeder! Drie dae later hoor ek vir die eerste keer iets van hom, en het u leser, enige begrip hoe deurgekruip my knieë in gebed vir genade was teen daardie tyd vir my arme beproefde man! Ag, as die Heer al die trane in `n kruik kon hou, sou dit sekerlik te klein gewees het. So het ek en Jason maar die tyd omgekry deur saam te bid en te vertrou! Die beproewinge wat my kinders al moes deurmaak, het hopelik reeds die grootse werk aan hulle siele gedoen, sodat hul nie dieselfde "prys" as hul ouers eendag sal hoef te betaal nie!

In die tydperk wat hy nou weg was in Musina, was daar ook weinig kos in ons huis oor. Die trekkery het baie gekos, en my man het nog nie sy eerste salaris ontvang nie. Ek was ook te verleë om by iemand aan te klop vir hulp, en vra dus dat Vader tog voorsiening sou maak! Met `n koolkop en reis, het ek dus nou maar vir ons die volgende paar dae iets probeer voorberei, en was dit maar `n moeilike saak, saam met die ellendes van wat ook nog gebeur het. So sit en eet ons dus maar smiddae en saans, vir vyf dae lank, net rys en kool. Maar op die vyfde dag voel ek om in te gee weens stres, honger en jammerte vir my arme kinders. Wyl ons toe so met trane daar sit en eet, kom daar skielik, tot ons verbasing, die heerlikste blommegeur deur die huis gesweef. Dit was soos `n hemelse geur van genade en troos, en het ons bo-natuurlik versterk daarna gevoel!

Die liewe getroue Here Jesus gee my o.a. die skrifteks in ***Jesaja 50:7~9 “Maar die Here Here help my; daarom kom ek nie in die skande nie; daarom het ek my aangesig gemaak soos keisteen, en Ek weet dat Ek nie beskaamd sal staan nie. Hy is naby wat my reg verskaf. Wie wil met My `n regsaak begin?-laat ons saam optree! Wie is my teeparty-laat hom nader kom na My toe! Kyk, die Here Here help my: wie is dit wat My kan veroordeel? Kyk, hulle sal almal verslyt soos `n kleed; die mot sal hulle eet.”*** Vader gee ook vir ons Jesaja 51:21~23. Prys Sy grootte Naam! Ja, die Woord leer dat ons SAAM met Jesus sal ly, ter wille van Sy Naam, maar dat ons ons moet verbly en verheug, want ons loon sal groot wees in die hemel! Met my man uiteindelik terug by die huis moes ons weer al die ou skerwe optel en aangaan! Vader bemoedig ons deurentyd, praat met ons en maak beloftes wat Hy later op Sy eie tyd nagekom het! So VERSTERK Hy ons gedurig en gee ek Hom al die eer, anders was ons verlore. Slegs God het geweet van die geweldige stryd wat my man moes deurmaak!

## HOOFSTUK 6

Die beproewing was egter te veel vir hom, en gee hy tydelik moed op om die Here te dien. Van daar af sou ek weer vir `n tyd alleen kerk toe moes gaan. Die Here praat eendag deur die mond van die profeet en sê vir die gemeente dat hul vir hom moet bid en nie kritiseer nie, “want nie een daar sou die prys betaal het as hul in sulke omstandighede moes beland het nie”! Vader sê ook dat Hy vreeslik gaan intree met daardie persoon wat hom so vervolg het en dat ons maar vir genade vir hom moes vra! Die Here lig egter `n geknakte riet weer op en Hy blus nie `n gerookte lamppit uit nie! Ek sien in `n gesig hoe Jesus my man in SY ARMS DRA! Toe het ek ook besef om nooit moed op te gee nie maar aan te hou bid vir `n siel wat in persing is!

Nou is daar wel hofsake hangende. Die Here beloof dat Hy dit sal uitwerk en gee as bevestiging Lukas 6:20~35; Johannes 15:16~27; asook Handelinge 20:23~24! Hoe loof en dank ek nie die Almagtige God vir al die aanmoedigings nie! Intussen versleg die verhouding so tussen my man en die werkgewer, en raak hy sodoende ook keelvol vir al die onregverdige gevloek en slegsêery Onthou, die man het nou grond gehad vir sy optrede weens die aanklag teen my man, en raak hy nou die slaansak vir die boer se frustrasies! Die uiteinde van die saak was, dat my man met die volgende vergadering summier bedank het, tot die skok van die boer. Net daar dagvaar hy ons sodat ons elke sent wat hy nou vir die trek betaal het, later sou terugbetaal! So het die ou vyand gewoed en wou ons moed totaal breek, maar Liewe Here Jesus het `n plan en oplossing gereed gehad!

Nou ja, so is ons weer in presies dieselfde omstandighede as voorheen! Werkloos! Maar die keer sou die Hulp GOU kom, prys die Here! Van hier af vorentoe sou die Vader ons vergoed, en het Hy my man so geseën dat mense verstom gestaan het! Binne `n week gee `n boer in die omgewing my man die telefoon nommer van `n ander boer wat net `n entjie daarvandaan `n plaashuis het wat ongebruik staan. Hy vat toe maar die moed, en bel die boer wat in `n heel ander dorp bly. Die is toe heeltemal inskiklik, en vra terloops vir my man of hy nie vir hom sommer ook wil kom werk nie, aangesien sy plaas baie verwaarloos omdat hy nie dikwels soontoe kon gaan nie. Daar het ons sommer dadelik weer `n werk, en kon my man sy liefde vir die boerdery darem steeds uitlewe! Prys die Here! Net voor die onderhoud, droom hy presies hoe die boer sou lyk, en tot sy stomme verbasing was dit toe net so!

So aanvaar ons nou dankbaar die nuwe werk en huis, wat ook sou beteken dat ons al weer moes trek. Met `n bakkie wat die boer vir ons beskikbaar stel, karwy ons dus maar die goed so stuk vir stuk. Ek moet egter erken dat ek vreeslik ontsteld was toe ek die toestand van die huis die eerste keer gesien

het. Dooie gras en onkruid het knie-hoogte tot teenaan die huis gegroei. Die plafonne was stukkend, voëlnessies en spinnekoprakke was inwoners in elke vertrek, en dit was stof en nogmaals stof! Van `n tuin was daar ook geen sprake meer nie. Maar met my liewe man se deursettingsvermoë was dit nie so `n groot probleem nie, en in `n redelike kort tyd het ons daardie huis opgeknap, geverf, en aan die tuin begin werk. Met sterk boorgate rondom het die tuin baie gou in `n klein paradys verander en het dit later soos `n groot park gelyk. Lieflike groot bome het die tuin en omgewing versier, en het alles heel leefbaar begin word. Die huis self was mooi en ruim, t.s.v. die verwaarlosing.

Eendag, sonder enige vooraf waarskuwing, kom daar `n geweldige sterk wind op, wat gou in `n orkaan ontaard. Dit ruk reuse bome om, waai watertenks van hul staanders af, en ruk selfs `n huis se hele dak af. Die skade is geweldig, en het dit gevolglik ook al die elektriese pale omgewaai. Vir `n volle week sou ons sonder krag, en gevolglik water wees, en dit gedurende kersfees, met familie wat by ons kuier. So het ons maar water aangery vanaf die bure wat nie te erg deurgeloop het nie en gasbrander gebruik vir kos-voorbereiding. Die skade met die lieflike bome was egter die grootste teleurstelling en besluit my man om `n plan te maak. So trek hy dit gevolglik nou maar stadig en versigtig met die hulp van trekkers en kabels regop, en "plant" dit terug. Daardie bome het nie een gevrek nie en was ons werklik die Here baie dankbaar vir die genade en wysheid wat hy my man gegee het daarmee!

In hierdie huis sou ons vir `n tydperk van agt jaar onbeperkte seën ontvang en het ons menige dag van blydskap gejubel en gejuig. Daar was ook `n groot swembad wat ons opgeknap en volgemaak het, en het die kinders hul dae omtrent daarin deurgebring. Ons het saam met vriende vleis gebraai, en saam met die geloofshuis se jongmense baie pret en plesier in die heerlike tuin gehad. In wintertyd het ons saans voor die kaggel deurgebring en as gesin was ons baie na aan mekaar. Net soos die Here dit bedoel het van die begin af! Ja, alle dinge is by God moontlik. Finansieel het dit ook beter begin gaan, omdat ons nie huishuur of elektrisiteit betaal het nie. As ons vleis klaar was het die boer keer op keer vir ons `n hele bees gratis gegee, so, vleis was onbeperk. Ja, nou het ons letterlik in die land van melk en heuning aangekom! Reggeraai, daar was weereens `n melkkoei en het ons sommer hope heuning uit die skure gekry!

Die heerlikste vir my man was dat die Here hom nou gehelp het om met sy eie skaapboerdery te begin en het hy ook `n hele paar beeste met die tyd aangeskaf. Geleidelik het Vader hom nou weer teruggetrek en het hy weer die dienste begin bywoon. Wat egter die merkwaardigste was, was hoe die Heer sy handewerk geseën het! In `n kwessie van `n paar jaar het hy daardie plaas so help opbou, dat hul nog verskeie ander plase aangekoop het, wat natuurlik ook die werkslas erger gemaak het. Maar die Here het hom nou soveel krag en wysheid gegee, dat dit net Hy en Hy alleen kon gewees het! So plant en stroop hy, versorg en bou nuwe skure, herstel en bou splinternuwe implemente, sorg vir beeste en versien al die lorries en stropers. Amper te veel om op te noem, maar alles deur die Here se genade.

Toe gebeur daar so `n "wonderwerk" dat mense van ver sou kom om dit met hul eie oe te aanskou. Hy bou drie baie groot mielie silo's sonder hyskrane, of enige dergelike hulp behalwe die paar plaaswerkers, met `n massiewe hoe toring, ens, daarby. Daardie toring het hy alleen stuk vir stuk in die lug aanmekaar gesweis, totdat dit so hoog was dat dit "rondbeweeg" het as hy bo was, as gevolg van die hoogte in die wind! Intussen help hy en Jason die geloofshuis in Wesselsbron om nuwe teëls in hul kombuis aan te lê, en daarvoor moes hul deur die nagte werk, aangesien die tyd so beperk was. Vader gee hom soveel krag, dat hy bedags nie eers baie moeg gevoel het nie.

Eendag, kry ons die grootste verrassing! Die hoof van ons sending laat weet dat hy van Benoni na ons kom om die silo's te besigtig, waarvan hy natuurlik by my sussie gehoor het. Toe hy nou die dag daar aankom, rek ons oë in stomme verbasing, want hy oorhandig net daar vir ons presies dieselfde dubbelkajuit bakkie wat daardie persoon in Richardsbaai van ons afgeneem het, net in `n ander kleur! Met `n dierbare briefie daarby, om te sê dat ons dit as `n geskenk van die Here af moet ontvang! Hoe het my geliefde Jesus tog nie opgemaak vir ons verlies nie! Ja, SO lief het Hy ook vir ons, die ellendiges!

Intussen moes ons van tyd tot tyd afgaan vir die hofsake in Musina. Ons prokureur stel voor dat my man skuldig pleit. Die uiteinde sou dan wees dat hul hom vir twee jaar onder huisarres plaas, maar dan hoef hy minstens nie die geld terug te betaal nie. Maar die keuse was ons sin, het hy bygevoeg. Besluit my man om te verdedig, sou dit nog maande so aanhou, indien nie jare nie, en het hul hom dan skuldig bevind, kon dit tronkstraf beteken. Ons besluit saam dat hy dan liewer skuld erken, en so kon hy vir `n volle twee jaar nêrens heen gaan nie. Selfs die geloofshuis waar die kerk was, was ook te ver. Maar daar het hy op die Here vertrou en in die geloof gegaan.

In daardie tyd dwing hul hom om iets vir die gemeenskap te doen. Hy lê toe gewillig waterpype na die plaasmense se huise aan sodat hul ook water in hul huise kon ontvang. Voorheen moes hul ver loop daarvoor! Prys die Here, daardeur het hul geweldige respek vir hom gekry! Liewe leser, is ons bereid om die gevolge te neem as ons NIE die Vader raadpleeg oor ons planne nie, en is ons bereid om vir Sy naam te lei? Net die Allerhoogste kan ons help! Ek dank die liewe Vader dat Hy ons bewaar het van bitterheid, onvergewensgesindheid en vir die begeerte om wraak te neem! Want dit sluit die “vrugte” van die Gees UIT! 1 Petrus 1:5~11. Prys Sy Naam!

Die grootste skok en beproewing het egter nou weereens op ons gewag! My liefste sussie, Nicolene is op die ouderdom van 38 jaar, onverwags en skielik een aand oorlede, en so in haar bed gevind! Haar man was op daardie tydstip in Natal, besig om `n toergroep vir die sending te begelei. Net `n persoon wat al `n geliefde op so `n jong ouderdom verloor het, weet hoe afgryslik die skok is! Maar net so dra die liewe Heer mens bo-natuurlik deur en het ek een goeie en gewisse feit geweet; en dit was dat sy as diep gelowige veilig in haar ewige tuiste was! Wat Jesus ook aan my bevestig het agterna...ek eer Hom vir die versekering! Die begrafnis was groot en baie treurig, en was dit of die hemele saam met ons getreur het, omdat dit onbedaarlik gereën het daardie dag. Sy was bekend en bemind onder baie mense, ja, selfs in Duitsland, Holland en Amerika, omdat sy van tyd tot tyd saam vir konferensies oorsee gegaan het. Vader het agterna met my gepraat en gesê dat ek my trane moet afvee, want sy jubel en juig voor Sy troon, en dat Hy een van Sy mooiste blomme kom pluk het!

Ja, ek sien uit na die herontmoeting met al ons gelowige geliefdes, nie ver van nou nie, WANT HY KOM binnekort, om Sy geliefde Bruid te kom haal! Mag Hy ons help om ons voete tot dan op die ROTS Jesus Christus te hou! My Pa, wat nog nie die Here gedien het nie, kom nou soort van tot bekering. Maar eers nadat ek die persoonlike boodskap wat my sussie aan hom moes oorgedra het, maar dit nie betyds kon doen nie, op haar begrafnis vir hom gegee het! Ek dank die Here dat sy dit eendag, net voor haar dood aan my oor die telefoon vertel het, anders sou dit nooit by hom uitgekom het nie. Die liewe Heer het aan haar deur profesie openbaar dat ons vader bloedtrane huil van berou omdat hy so min kontak met ons deur die jare gehad het. Vader het hom aanbeveel om net maar sy sondes te kom bely, dan sou Hy hom volkome vergewe en vrymaak!

Ag, die trane het geloop daardie dag oor God se genade oor die sondaar, en kon hy dit by my bely! Nie lank daarna nie is hy ook oorlede op `n relatief jong ouderdom aan komplikasies na `n

hartomlyning Liewe Here Jesus het opnuut aan my bevestig dat hy veilig by Hom was! Ja, hoe dank ek nie my God nie!

My skoonmoeder sterf nie lank na hom nie, ook nog betreklik jonk. Sy was in `n vreeslike motorongeluk, maar sterf deur die Hemelse Vader se genade eers later daardie dag weens inwendige bloeding. Die Here tref voorsorg, deurdat ons na die werkers kon bel met die versoek dat hul saam met ons ernstig sou roep vir versoening vir haar oortredinge na woorde, werke en gedagtes! Wat ons toe ook gedoen het, soos die Here ons geleer het, deur so in te tree vir ons bloedverwante en kennisse! Tien minute na ons "saamgestem" het is sy oorlede. Hierdie skoonmoeder was voorheen geweldig gekant teen enige pinksterbeweging! Maar Vader maak `n weg oop om die ongeloof en twyfel, asook die bevooroordeeldheid in haar hart te verander. Sy stem nie lank voor haar dood nie in, dat ons maar vir haar die geloofshuise kan gaan wys. Wat sy daar gesien het, en dit alles in die geloof gebou en deur God self uitgewerk, het haar so verstom, dat die Heilige Gees haar hart heeltemal sag gemaak het. Van daar af het sy net die grootste respek vir God se getroue kinders gehad, en was ons gevolglik nie meer die "verdraaide sekte" wat sy voorheen in haar onkunde ons van beskuldig het nie! Ek prys en loof my God, jy kan nie die mens oortuig nie, maar Hy kan! Prys Sy Naam!

So was ons ook een Sondagdiens teenwoordig, en beveel die Here dat elkeen van ons `n persoon se naam wie hy op ons harte lê, hardop moet uitroep vir versoening en genade! Op daardie stadium was my skoonmoeder se ou broer, wat vir drie jaar by ons tuisgegaan het, met `n groot operasie in die hospitaal, besig om goed te herstel. Ek roep toe hardop sy naam uit, en smeek ook vir genade en versoening soos die Here ons nou deur die mond van die profeet aanbeveel het. Daardie middag is hy onverwags oorlede, en het ek sonder omhaal geglo dat my God nog `n siel in Sy genade die helse vure gespaar het.

Liewe leser, u mag dalk sterk twyfel of daar so iets bestaan soos versoenings gebede. Maar God se Woord leer ons dat Hy ons "die genade van die bediening van versoening" skenk! Daar is dan nou ook baie voorbeelde daarvan in God se Woord. Kom ons kyk net na Noag as voorbeeld. Noag was die enigste regverdige man op aarde in sy tyd. Die Here spaar hom egter nie alleen deur in die Ark in te laat gaan nie, maar sy HELE GESIN word toegelaat om veilig toegesluit te word binne in die Ark! Dan is daar Lot, wie se huisgesin saam met hom uit Sodom en Gemora uitgelei word na veiligheid. Ja, die Here se in Sy Woord, Hy red een in die stad en twee uit die geslag! So kan die liewe Vader tog voorsiening maak en uit barmhartigheid na Sy getroue kinders se smeekgebede luister en die res in sy genade "red"! Moet dus nooit ophou bid vir die redding, asook genade en versoening vir u waarskynlik ongeredde bloedverwante nie! ***II Korinthiërs 5:18~20*** verduidelik dit so mooi nl; ***"En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toevertrou het. Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: laat julle met God versoen".*** Die Here het al self aan ons geopenbaar dat ons nog verbaas gaan wees oor wie almal deur ons gebede in die Hemel gaan wees! Halleluja!

Intussen kon my arme moeder nie my sussie se dood verwerk nie. Sy begin aan ernstige depressie en slaaploosheid, asook hoe bloeddruk a.g.v. die stres en skok te ly. Maar die Here gebruik nou hierdie smartlike omstandighede om haar nader aan Hom te trek, en begin sy onvoorwaardelik op haar Heer en Meester te steun! Sy verloor mettertyd alle begeertes om die wêreld te dien asook haar groot liefde vir die bymekaarmaak van aardse besittings. In die proses stuur sy alles vir my. Antieke

meubels, die mooiste ornamente, eetgerei, ja, alles wat sy besit en met moeite bymekaar gemaak het deur die jare. Die liewe Vader maak vir haar `n weg oop om by dierbare vriende te gaan inwoon, waar sy sodoende ook nou baie veiliger was.

So land al hierdie “skatte” nou by my huis aan, en is ek verslae omdat daar so baie en mooi goed is, dat ek nie eers weet wat om met dit alles te doen nie. Toe vra ek maar vir die Here of sy engel my nie sal help om elke item op die regte plek te plaas nie, daar dit te oorweldigend was. U moet verstaan, ek het daar gestaan en staar na die mooiste potte, glasbakke, antieke meubels en ornamente, en vele meer. So kry elke ding tog op die einde die regte staanplek, en staar ek met verbasing na al die prag om my. Hoe het ek nie my God geloof vir Sy goedheid aan my nie! Die liewe Vader het PRESIES my smaak geken, en was dit nooit vir my nodig om ENIGE IETS moois self vir my huis aan te koop nie! Ek het ALLES gratis uit my Heer se hande ontvang. Nou kon my voorheen armoedige huis ook lieflik lyk, en het ek nie meer so afgesteek teenoor die welgestelde boerevroue in die omgewing nie. En dit net omdat ek bereid was om alles te verloor en prys te gee vir Jesus Christus Naam! Ek eer Hom daarvoor, en ook vir die feit dat ek eerder “skatte” in die hemel bymekaar wou maak. Eendag tydens `n diens, praat die dierbare Here Jesus opnuut weer met my persoonlik en sê Vader dat ek mooi om my moet kyk daar in my huis, want dit wat ek ontvang het, het HY vir my gegee! Asof dit nodig was dat Hy dit sou bevestig, want ek het dit geweet en geglo! So loof, dank en prys ek Sy Naam, wat `n waarmaker is van Sy Woord! Halleluja!

Intussen was my man nog steeds besig om aan die silo's, en die toring asook die ondergrondse berging te werk. Niemand was egter bereid om saam met hom so hoog op die toring te klim nie, en moes hy, sonder die hulp van `n hyskraan, dit stuk vir stuk vas sweis. Dit was menslik gesproke amper `n onmoontlike taak sonder al die hulpmiddels, maar ek het vreeslik gebid dat die Here hom sou help. Ook was ek baie bekommerd oor sy veiligheid en het daagliks vir Jesus gevra dat die engele hom sou vashou daarbo, aangesien daar geen veiligheidstoerusting of gespes was wat `n val kon stuit nie. So gly sy hand dan ook een dag terwyl hy heel bo was, en in die val proses kry hy dit reg om aan iets vas te gryp, en KEER die engele dat hy hom morsdood val! Ek prys die Here vandag nog vir Sy genade en beskerming! So bevestig die Here dit ook dan agterna tydens `n diens dat Hy hom daar waarlik BEWAAR het! Daarom moet ons glo, dat God Sy engele soos in Psalm 91 aangaande ons bewaar op AL ons wee!

Met die dat ons nou op `n plaas bly, word ek `n “regte” plaasvrou. Ek bak brood, beskuit, en geniet die plaaslewe ten volle, want die HERE IS GOED vir ons, en het ons aan NIKS GEBREK NIE! Ek leer om te help met die skape, met beeste wat sukkel om te kalf, werk in die tuin, doen naaldwerk, en help by die skool met verkope tydens sport dae. Ek probeer ook skilder en skets, aangesien dit een van my groot liefdes op skool was. Verlore klein diertjies word met liefde grootgemaak deurdat ek vir hul melk uit bottels gee, en het ons later `n hele “dieretuin” van wilde mak diere daar. Elkeen met sy eie naam, wat hul dadelik herken het as ek hul sou roep. Nog ietsie waarvoor ek altyd `n groot liefde gehad het, maar baie verwaarloos het, was die liefde om te skryf! So kry ek eendag `n begeerte om `n persoonlike artikel vir `n sekere baba-en kleuter tydskrif te skryf, in die hoop dat hul dit sou aanvaar. Daarin getuig ek van hoe die Here vir my `n dogtertjie gegee het, en oor al die ervarings wat ek gehad het tydens al my vorige swangerskappe. Ek sluit ook sommer `n hele klompie fotos daarby in. Toe vra ek vir die Here dat Hy dit moontlik sal maak om die artikel geplaas te kry.

Maande later bel `n persoon wat vir die tydskrif werk my, en wens my baie geluk met die mooi storie en dat hulle dit beslis gaan plaas. Ek was buite myself van vreugde, maar was gewaarsku dat

ek sou moes wag daarvoor tot ongeveer November! Daarvoor het ek nie omgegee nie, solank my God dit net vir my moontlik gemaak het, en kry Hy opnuut al die lof en eer natuurlik! Ongeveer ses maande later, drie dae na my liewe sussie se dood, verskyn die artikel, vier bladsye vol met fotos en al in die November 1998 uitgawe van "Living and Loving". Die artikel se hoofopskrif was heel gepas; "Seven is heaven"! Prys Sy Naam...ek het nooit self aan `n naam gedink nie, en was dit hul eie besluit! My sussie se dood het natuurlik alle opgewondenheid gedemp, maar was dit nogtans `n groot oorwinning en getuienis tot ere van Jesus Christus, en dank ek Hom alleen! Ek glo dat die liewe Heer ook vir haar daar bo in die hemel daarvan ***vertel*** het! Ek glo ook dat die Here `n toekomstige doel het met die plasing van daardie artikel, en dat Hy `n fyn uitgewerkte PLAN het! Halleluja!

Hier in Bothaville, leer ons die gemeenskap goed ken. Van hulle het dikwels by ons besoek kom aflê, en was soms vol vrae oor ons sending en geloof. So kon die Here die evangelie-wa vorentoe stoot deur my en my man as getuienisse te gebruik, waarna die meeste alte graag geluister het. Almal was kinders van die Here, maar het glad nie die werkinge van *die spesifieke* pinksterbeweging verstaan nie. So kon ek nou getuig van die vreemde weg waarvan Jesaja al lank terug van geprofeteer het. Hoofstuk 42:16 verduidelik dit so mooi nl. ***"En Ek sal blindes lei op `n weg wat hulle nie ken nie, hulle laat loop op paaie wat vir hulle onbekend is; Ek sal die duisternis lig maak voor hulle uit en die hobbelagtige plekke gelyktes. Dit is die dinge wat ek doen en nie nalaat nie."***

Ja, die handegeklap, koordans, loftuitinge, geloofsgenesing, en die feit dat die Here met ons praat deur die mond van die profete, was vir hul net so snaaks as wat dit vir my aan die begin was. Ook die feit dat die hele gemeente elke Sondag `n heerlike gekookte maal GRATIS na die dienste by elke geloofshuis geniet, soos deur die Here beveel! So gee die Heer ook vir my eendag die volgende skrifte nadat ek vir die mense in die omgewing gebid het, nl; ***Jesaja 43 vers  9~21! Vers 9~10*** verduidelik dit so mooi nl; ***"Al die nasies het saam vergader, en die volke is versamel. Wie onder hulle kan sulke dinge verkondig? En laat hulle ons die vorige dinge bekend maak! Laat hulle hul getuies bring, dat hulle in die gelyk gestel kan word: en laat hulle hoor en sê: Dit is die waarheid! 10. JULLE is my getuies, spreek die Here, en my kneg wat Ek uitverkies het, sodat julle kan weet en My kan glo en insien dat dit Ek is..."***

Ja, as dit hul nie oortuig nie, sal niks anders mens oortuig nie! Eendag vra ek die Here of Hy van hierdie mense gaan red in die Heilige Gees Lig waar ek Hom aanbid, en die Vader gee my as antwoord die volgende skrif, nl; ***Esegiël 33:30~33.*** Dit lui: ***" En jy, mensekind, die kinders van jou volk wat oor jou gesels langs die mure en in die deure van die huise-hulle spreek die een met die ander, elkeen met sy broer, en sê: Kom tog en hoor wat die woord is wat van die Here uitgaan. En hulle kom na jou toe soos `n volk saamstroom en sit voor jou as my volk en hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie; want hul maak liefdesverklaringe met hul mond, maar hul hart gaan agter hul onregverdige wins aan. En kyk, jy is vir hulle soos `n minnelied, soos een skoon van stem, wat goed op die snare speel: hulle hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie. Maar as dit kom – kyk dit kom! - dan sal hul weet dat daar `n profeet onder hulle gewees het".***

Omdat ek in myself in absoluut niks kan roem nie, maar uit genade die wonder-werkinge van die Heilige Gees leer verstaan het, het ek vuriglik gebid en geglo dat die "saadjies" wat deur die getuienisse gesaai was, op die regte tyd vir sommige sal ontkiem. Ek het ook geleer dat dit nie saak

maak WAAR jy die Here Jesus aanbid nie, maar dat jy persoonlik so ver as moontlik geestelik sal gegroei het wanneer Jesus kom. Net Hy kan ons lei, leer en onderrig as ons op Hom wag! Vir my persoonlik het dit jare van smarte en beproewinge gekos om geestelik te groei. So kon die liewe Vader my stadig maar seker van gesindhede en geneigdhede verlos, en het ek ook geleer deur middel van struikeling, dat ek niks beter is as ander mense nie! Nee, alles is net uit Sy genade alleen, en moet ons maar liewer ook al ons eie pogings om "beter" te word neerlê voor die kruis, en oorgee in Sy hande! Prys Sy Naam! Die Woord leer...die wat roem moet in die Here roem en is ons swakheid in Sy krag volbring!

HOOFSTUK 7

Soos enige ander kind van God, het menige versoekinge my padlangs gekom. Maar as ons oog op Hom bly, red Hy ons uit dit almal! Soms laat die Here in Sy alwysheid dinge toe om `n groot werk in jou siel te doen, en om SY DOEL TE BEREIK! So raak dit dus `n middel tot `n doel vir God! Die geheim is om nooit die VRYMOEDIGHEID teenoor die Hemelse Vader te verloor nie, maar as mens struikel, keer terug met berou en belydenis, en Hy SAL dit aanneem en vergeef! Daardeur was Hy ons witter as die sneeu, sodat ons op die einde op die hoogste "berg" van heiligmaking kan klim. So moedig Jesus ons ook aan om nie terug te kyk nie, maar VORENTOE, en veral BOONTOE! Om terug te kyk, jouself te verwyt of te bejammer, gaan net rowe van ou wonde afkrap en oopmaak! So bloei dit van vooraf, en kan die siel homself geestelik "doodbloei", en wat bly dan oor! `n Ou droë boom waarvan die "takke" tog net gaan "afbreek". Mag die Here ons tog die genade gee om gebuig te word soos `n jong boompie waarvan die takke nog sag is. So sal Hy Sy doel in elkeen wat glo, se lewe bereik. Halleluja!

Dus bring dit dieselfde voorwerp weer na vore, nl. sondebelydenis voor getuie. Kom ons vra die Here om ons te help om die skeidsmuur van sonde af te breek deur dit AAN DIE LIG TE BRING! U kan die sondes bely by u predikant se vrou of homself, by u man of vrou, by u geestelike broer of suster! Bely dit net, en dan sal daar ware VRYMOEDIGHEID ontstaan om Hom te dien! Daar is NIKS wat soveel VREDE in die hart bewerkstellig soos die belydenis en AFLê van die sondeskuld nie! Sondebelydenis sal dan ook waarskynlik die een vlak wees waar u DIE MEESTE WEERSTAND sal ondervind, WANT DIE DUIWEL WIL NIE HE DAT DIE ONGEREGTIGHEID AAN DIE LIG KOM NIE! Liewe leser, vat moed en doen dit...dit is regtig nie so erg as wat u dink nie! Ek bely dit dus duisende kere eerder voor een persoon as dat dit eendag in die hiernamaals, met die groot oordeel, voor ALMAL moet uitkom! As loon kry die siel nog boonop `n REIN HART, waarsonder ons God nie sal sien nie. Met `n rein hart sal u deel hê aan die wegraping, EN DIE GROOT VERDRUKKING VRYSPRING!

Ek wil dit ook net graag benadruk, dat sondebelydenis voor getuie soos in die Woord beskryf, nie dieselfde is as in die Rooms Katolieke kerk nie. Waar hul slegs voor hul vader(die priester) bely, bely ons dit voor die Vader met `n getuie by as BEWYS! ***Mattheus 23: 9*** stel dit onomwonde nl; "***En julle moet niemand op die aarde jul vader noem nie, want een is julle Vader, Hy wat in die hemele is."***

Toe ek destyds tot bekering gekom het, het die Here weereens deur die mond van die profeet dit beklemtoon dat ek moet uitgaan en met erns vir die mense op die belangrikheid van sondebelydenis VOOR GETUIE moet getuig! As u dit nou bely het, was Jesus Christus jou hart skoon met Sy Bloed, en dink Hy dus NOOIT weer daaraan nie! Dus kry die mens nou `n silwerskoon blaadjie, om elke dag OOR TE BEGIN totdat Hy u heeltemal verlos het! Die wortels van die sonde sit soms

DIEP en gaan dit tyd neem vir die verlossingswerk, daarom moet u, liewe siel, NIE UITSTEL nie!!!

As u nou die moed het en dit voor iemand as getuie bely, kan die persoon die volgende gebed vir u doen, en visa versa, nl; ***"Liewe Here Jesus, baie dankie dat U nou hierdie persoon reeds vergewe het en dat U kosbare Bloed dit weggewas het in die see van vergetelheid! Dankie dat u sy/haar hart gereinig en geheilig het van die belydenisse. Bind en verban uit genade ook asb. die bose magte wat so deur die "ope deure" ingekom het, en maak alle ope deure anderkant en duskant dit toe! Vul nou asb. al die leë plekke op met U soete Heilige Gees olie en plaas U volle vrede en blydskap in sy/haar hart. Dankie dat U ook die persoon volkome verlossing sal skenk van al die gesindhede en sondes na woorde, werke en gedagtes. Dankie dat "ek" ook as getuie vir my broer/suster kon dien. Ons loof en prys U vir dit alles en vra dit slegs in Jesus Christus Naam! Amen!"***

Volgens die Woord, my en duisende ander Christene se persoonlike ondervinding, is dit die enigste manier om rype vrug in die Gees te gaan dra. Die vrugte van die Gees (Gal 5:22), nl; Liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing val nie sommer uit die hemel in jou hart in nie! Deur die Here onvoorwaardelik te dien en getrou te wees, asook die konstante reiniging van die hart deur middel van sondebelydenis alleen sal die siel groei en vrug dra! (1 Korinthiërs:1~13). Verder kan net die Here Jesus ons help, maar dan moet ons Hom daarvoor VRA! Moet nooit moed opgee as dit lyk of u stadig vorder of wanneer u gefeil het nie, want dit neem TYD, omdat die Here nie haastig werk nie. Die rede daarvoor is dat die hemelse Vader dit BEHOORLIK doen en die lesse wat daartoe lei, goed by u inskerp!

Dus is dit slegs deur VOLHARDENDE geloof, gebed en sondebelydenis moontlik! GLO dit...en DOEN dit net! U sal totaal verbaas staan om die VERANDERING te sien wat dit bring in mens se hart en geloof! Maak VANDAG nog u hartsdeure WYD OOP vir die Ere Koning om in te gaan!!! Neem die SLEUTEL wat God jou deur Sy Seun, Jesus Christus gee, sodat die soete Heilige Gees ook by jou die intrek kan inneem! Ja, Hy is die ENIGSTE OOIT wat aan die kruis vir ons sondes gesterf het, maar dan moet jy dit ERKEN! Halleluja! Hy sal u help! ***2 Korinthiërs 5:17*** stel dit baie duidelik, nl; ***"Daarom, as iemand in Christus is, is hy `n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."*** prys Hom!

Die Heer openbaar eendag weereens aan my dat dit nog net Sy genade was dat ek nog nie dood is nie, omdat die duiwel nie rus nie! Was dit nie al menige keer vir Sy kosbare beskermde Bloed nie, sou ek nie nou hier gewees het om hierdie getuienisse aan u te bring nie. So sit ek nou eendag in `n bad vol water en net toe ek die krane albei gelyk oopdraai, gaan daar skielik elektriese strome deur die krane. Dit was so sterk dat ek glad nie my hande van die krane kon loskry nie, terwyl die kragstrome sonder ophou deur my hele liggaam vloei. Ek was totaal buite myself van skok en het dit gevoel of dit etlike minute so aanhou. Een van die seuns loop toe sonder verduideliking en gaan sit die voorstoep se lig af, en so onderbreek dit toe genadiglik die kragstroom. (Ek het paniekerig gegil, maar niemand het my gehoor nie!)

Ek het net daar in groot verligting en dankbaarheid besef dat die Here my so pas grootliks beskerm het, want onthou, ek het in `n vol bad water gesit! Ek weet dat Sy Bloed my so beskerm het, omdat ek dit gedurig deur oral pleit in die geloof en deur die goeie "gewoonte"! Die rede vir die "ongeluk"

was waarskynlik rotte wat in die huis se dak aan die kragdrade gevreet het, en kon my man dit darem gaan herstel. Maar al die lof en erkenning kom Jesus Christus toe! Ja, liewe Here Jesus verander elke vloek in `n seën, en word die duiwel se vuil pogings verander na magtige getuienisse!

So was ek ook eendag uit om kruideniersware te gaan kry by `n sekere inkoopsentrum. Terwyl ek nou so deur die rakke loop, kon ek dit nie help om op te merk dat `n persoon heeltyd agter my aanloop sonder `n trollie nie. Dit was duidelik dat hy my dophou, maar was ek nie juis bekommerd nie. Vader maak my attent daarop, maar my gedagtes is by soveel ander dinge dat ek vergeet van die man toe ek by die betaalpunt kom. Ek het nou my voertuig `n hele ent van die ander parkeerplekke getrek weens die lekker koeltebome daar. So kom ek alleen na die kar toe aangestap en die oomblik toe ek die deur oopsluit, staan daar skielik sowat vyf mans om my en die voertuig! Hul ignoreer my, maar praat met mekaar in hul eie taal, en dit het my finaal laat besef dat ek "in baie groot gevaar was"! In ons land waar kapings elke dag `n alledaagse gebeurtenis is, is dit nie onmoontlik nie, maar hier was dit nou besig om met MY te gebeur. Terwyl ek bewende die kar se sleutel uit my hande laat val, begin ek die Bloed van Jesus roep! Ek het net gebuk om dit weer op te tel, en met die regop kom sou ek opmerk dat hul haastig wegloop! Geskok en verbaas het ek vinnig in die voertuig geklim en VEILIG weggery, dank my God! Wat het hul so die skrik op die lyf gejaag? Ek glo dat hul die beskermde engele skielik by my opgemerk het, en dit is presies wat die Here agterna vir my gesê het nl;, dat die duiwel my daar staan en inwag het, maar dat Hy Sy engele aangaande my bevel gegee het! Ek loof en prys getroue Here Jesus!

So het ek ook een nag van `n geweldige pyn in my regter enkel wakker geword. Met die dat ek op `n manier in die kombuis kom om pynpille te kry, val ek bewusteloos neer a.g.v. die pyn. Ek val ongelukkig met my kop in die hoek van twee kaste, en in die proses druk dit my lugpyp toe. Toe my man wakker word van die "slag", was ek al amper blou van die suurstof tekort. Ek was baie siek daarna maar het tog volkome herstel nadat dierbare kinders van die Here vir my gebid het. Jesus my Heiland het weer eens gekeer dat die vyand my skade kon aandoen en my brein met Sy Bloed bewaar! Daar het ek ook geleer dat ek my verstand spesifiek gereeld onder die Bloed moes pleit! So het ek weereens gesien dat `n kind van God dit amper nie kan waag om nie onder die Bloed van Jesus Christus te wees nie, en eer ek Hom vir die geweldige prys wat Hy op Golgota aan die kruis vir my ook betaal het. Halleluja!

Intussen is agt jaar om in Bothaville en lei die Here dat ons moet TERUGTREK Richardsbaai toe. Ja, ons was nie heeltemal so gewillig nie maar omstandighede het so "gedruk", dat ons nie anders kon nie! Een van die redes was dat dit al hoe meer "onprakties" vir ons kinders geword het. Drie van die seuns, Jonathan, Ruben en Christiaan was nou onder moeilike omstandighede in Potchefstroom, die naaste kollege waar hul verblyf ook kon kry, en Jeanine en Adriaan in die dorp se hoërskool koshuis. Dit alles het die onkostes en ongerief vir ons byna onmoontlik gemaak. Die enigste opsie was dus, nadat my man ook `n werk in Richardsbaai kon kry, om terug te trek. Sodoende kon die kinders uit die huis uit skool toe gaan, wat ons duisende rande per maand sou bespaar. Met hartseer verkoop my man dus nou maar sy paar beeste en trop skape, en begin ons met die pakkery. Ons bekom `n baie oulike dubbelverdiepinghuisie in `n mooi omgewing, en het regtig ook lekker daar gebly. Die enigste probleem was dat ek nou uitermate met my gesondheid begin sukkel het, en nie een dag in die twee jaar wat ons daar gebly het gesond was nie!

Om sake verder te bemoeilik, kon ek ook nie meer `n huishulp bekostig nie, en met soveel mense in een huis (daar sou nog twee vriende ook bykom), was dit genade alleen. Nou moes ek elke dag alleen die huis skoonmaak, wasgoed en skottelgoed was en al die ander huistake behartig, sonder

enige hulp.  So het ek geleer om my Hemelse Vader elke dag vir krag te vra, anders sou ek dit nooit kon doen met al die gesondheidsprobleme nie. Wat Hy verseker ook gedoen het. Ek prys Hom! Dit was tog heerlik om so singende en lofprysend die huis skoon te maak, want dit het vir my byna bonatuurlike krag gegee. Ek was soggens alleen, en kon bid en sing, asook na Christelike musiek en geestelike getuienisse luister.

Eendag, terwyl ek besig was om te stryk, luister ek na CD-opnames van die kerkkonferensie van `n paar maande terug. Die oomblik toe die hoof van ons sending met `n sekere getuienis begin, gebeur iets baie snaaks en “bonatuurlik”. Die mikrogolfoond het net uit die bloute begin “skree”, en toe ek verbaas nader loop om te kyk wat aangaan, sien ek hoe die elektroniese letters op en af spring! Ek het dadelik die Bloed van Jesus uitgeroep en die duiwel bestraf, waarna alles weer stil en doodnormaal geword het! Ek het nogal die gevoel gekry dat een of ander duiwel baie geïrriteerd met DIE gepreek en gesing geword het en probeer het om my die skrik op die lyf te jaag!

Ek het ook meer as een keer aan die bokant van die trappe `n geweldige, vreesagtige, eienaardige gevoel gekry. Dit het gevoel of daar iets verskrikliks boos daarbo was, en die kinders het soms dieselfde gewaarwording gekry. Terwyl ek dus nou eendag op boontoe is om skoon te gaan maak, raak ek skielik so dronk dat ek net daar omval, en vreeslik gesukkel het om weer op my voete te kom. Net daar het ek besluit dat dit nou genoeg is, en vra ek vir die verantwoordelike werkers in die geloofshuis of hul nie asb. die huis vir my kan kom “skoonbid” nie. Vandaar het dit ook beter gegaan. Ja, dis duidelik dat ons oorlog nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die bose magte en owerhede in die lug.

Ja, die liewe Heer het ons nie verniet geleer dat ons ons woonhuise moet skoonbid deur die Bloed van Jesus Christus getrou daardeur te pleit nie. So het Vader ons dan beveel om al die “agterblewende en aanklewende magte” af te sny en kragteloos te stel in Sy Naam! Daar dat daar nou “verskeie en verskillende soorte magte en geeste is”, moet mens leer om dit reg te onderskei, om doeltreffend van alles ontslae te raak. Ek beveel Rebecca Brown se boeke, “He came to set the Captives free”, “Vessal of honour”, en “Prepair for War” baie sterk aan om enige verwarring of vraagteken wat u ondervind op te klaar. Dit is boeke met volledige gidse hoe om dit op die regte wyse te doen en om kennis in verband met die geesteswêreld beter te verkry. U kan selfs `n bietjie “olyf-olie” in die geloof aan u huis se deurposte smeer, en so die huis “salf”, wat dit saam met die Bloed van Jesus Christus veilig maak.

Die Here praat eendag met ons tydens `n diens, en waarsku ons dat daar `n “Judas” tussen ons is, m.a.w., iemand wat ons sou “verraai”! Intussen kom daar sekere persone na my man, en bied hom die “wonderlike” geleentheid aan om saam met hul `n besigheid te begin. Dit sou behels dat my man en seun Ruben, die elektriese deel sou behartig, en hulle die “tenders en geldsake”. Dit alreeds het my baie onrustig laat voel, en was ek seker dat hul motiewe nie so suiwer was nie. Ek was oortuig dat hul my man net wou gebruik. Hy was egter nou baie gretig om die nuwe “besigheid” saam met hul te begin, maar ek gaan vas en bid oor die saak en raadpleeg die Here. Daarop gee getroue Here Jesus my ***Jeremia 9:4~9*** nl; *eerste vers...* ***“Pas op, elkeen vir sy vriend, en vertrou op geen broer nie; want elke broer is net `n onderkruiper, en elke vriend gaan om met kwaadsprekery”!***

Ek gaan waarsku my man dus dringend en probeer hom oortuig dat dit nie is wat die Here wil hê nie en dat hul hom net gaan misbruik! Maar hy was vasberade, en se EK IS SOMMER NOU OORGEESTELIK! Ag liewe leser, ja, mens moet dan seker maar voel as jy nie wil hoor nie, maar sou ons `n baie duur prys as gevolg daarvan moes betaal! In `n desperate poging om hom te stop vra

ek die Here uit genade tog nog `n skrifteks as bevestiging en kry as antwoord van my God ***Jeremia 12:6*** nl: ***"Want ook jou broers en die huis van jou vader, ook hulle het troueloos teen jou gehandel; ook hulle roep jou hardop agterna. Glo hulle nie as hulle vriendelik met jou spreek nie."***

Ja, dit was bloedverwante en daarom het my man nie besef dat mense se motiewe nie altyd eg is nie, al se die spreekwoord, "bloed is dikker as water". Dit het my opreg verbaas en was ek verslae vir wat hul daardeur bereik het. So het die Here opnuut aan ons getoon dat ons Hom moet GLO as hy ons waarsku, want Hy wil net die BESTE vir Sy kinders hê. So sê Jesus self dat Hy nie gekom het om vrede op aarde te bring nie, maar verdeeldheid. Hierdeur sou ons dus nou diep lessies van gehoorsaamheid in die vervolg leer, maar vandag prys ek Hom dat Hy ons wel deurgedra het in sy genade en barmhartigheid. Ek gaan kla nietemin by die Vader, dat niemand my en elk geval ooit glo nie en antwoord Hy deur ***Johannes 4:44*** aan my te gee, nl; "***Want Jesus self het getuig dat `n profeet in sy eie vaderland geen eer ontvang nie."***

Die "ooreenkoms" was nou dat die besigheid wat hoofsaaklik elektriese werk sou behels, gelyk op verdeel sou word. M.a.w., die "materiaal" en res sou alles deur die besigheid betaal word, en al die winste sou dan gelykop verdeel word. Maar, my arme naïewe man onderteken geen kontrak met hul nie, en so sou hul nou kon doen net wat hul wou. Ten eerste moes hy en Ruben al daardie werk alleen doen, wat van opsigself `n geweldige groot en verantwoordelike taak was. Die ooreenkoms was dan ook dat hul aan die begin elk net `n basiese salaris wat op dieselfde bedrag sou neerkom, ontvang. Met `n geswoeg en gesweet probeer ons dus toe maar vir die volgende paar maande op hierdie belaglike salaris oorleef, en het regtig swaar gekry, maar alles "ter wille" van die nuwe besigheid. Intussen kom ons agter dat hierdie mense skielik in weelde leef, en begin my man besef dat hul al groot tjeks ontvang het, waarvan hy self nog niks geweet of gekry het nie, behalwe die maandelikse "salaris". Hy gaan praat dus met hulle, en beloof hul om hom wel "later" alles terug te gee. Nou moet my man steeds al die werk voltooi, in die hoop dat hul wel hul beloftes sou nakom.

Natuurlik het daar niks van gekom nie. Toe my man hul nou begin dreig met dagvaardings, raak hul vermetel en aggressief, en sou ek goed genoeg ervaar hoe verhard en hebsugtig die mens kan wees. So hou my man nou die handwerksmansgereedskap, wat ook `n duur elektriese toetser insluit by hom, aangesien hy die praktiese werk moes verrig. Die goed is deur die "besigheid" gekoop, wat beteken het dat dit aan altwee partye behoort. So kom die "vennoot" se vrou eendag by my aan met vorms wat ek moes teken. Ek weier dus, aangesien die besigheid niks met my te doen het nie, maar beveel haar aan om gedurende etenstyd die vorm aan my man te kom gee, waar hy dan tuis sou wees. `n Klein rukkie daarna, kry ek egter `n gevoel van groot gevaar, en gaan bid ek ernstig! Vader wys my net daar dat ek dadelik die deure moet sluit, die gordyne moet toetrek en alles onder die Bloed moes gaan pleit. Vader wys dat hul op pad is en dat ek dringend moet WEGKRUIP, en dat Hy my sal bewaar. Die Here wys my ook dat Hy vir ons daardie toetser gee, en dat ons dit onder geen omstandighede aan hul moet oorhandig nie! Slegs die gereedskap!

Ek het dit so pas gedoen, toe sy weer daar opdaag, hierdie keer met die polisie. Die benoudheid wat ek in my siel daardie dag ervaar het, weet net my God! Dus het hierdie mense ons nou uit die bloute, sonder enige waarskuwing as diewe gaan aangee, en so probeer hul om selfs die laaste bietjie goed, sonder enige gewete, ook nog uit my man te kry! Die ergste was dat hul nie die moed gehad het om dit te doen met my man tuis nie. Maar my God slaap nie en verdedig die regsaak van die regverdige. So is hul maar weer druipstert met die polisie en al terug, en was my man in `n ongelooflike kalm toestand toe hy dit alles verneem. Hy neem dus net daar die gereedskap na die polisie kantoor, en

verduidelik die situasie aan die Kaptein van die polisie. Die verstaan gelukkig, en sê dat dit dan `n geval vir die hof is. Maar die Here het gesorg dat ons daardie toetser behou, en was dit later van onskatbare waarde vir my man. Ek loof en Prys Hom!

Ek vra eendag die Here waarom Hy dit toegelaat het, aangesien ek tog gebid het dat Vader dit ten goede sou uitwerk. Want nou was ons natuurlik gevolglik weer werkloos. Vader gee vir my ***Jeremia 40:3*** en toon die Here dat Hy diegene wat Hy liefhet tugtig in ongehoorsaamheid en het ons sommer baie meer Godsvrese daarna gehad! Die skrifteks lui nl; ***"en die Here het dit laat kom en gedoen soos Hy gespreek het, omdat julle gesondig het teen die Here en nie geluister het na Sy stem nie het nie; daarom het dit oor julle gekom."***

Alhoewel ek offisieel "onskuldig" aan die situasie was, was ek bereid om die tugtiging saam met my man te verdra, en hom met liefde te ondersteun. Dit was duidelik dat hy nou berou gehad het, bely dit en net daarna gee die Here hom `n wonderlike geleentheid by `n myn. Sy prokureur beveel aan dat hy hul dagvaar vir diefstal en bedrog, maar oortuig die Here hom om dit te laat staan. Die skrif leer dat ons nie die wraak moet neem nie, want dit kom Hom toe. Wat die Here wel vir ons gesê het is dat ons moet vergewe en vryspreek, en vir hul genade moes bid. Alhoewel dit baie moeilik was, het ons Vader gevra om ons te help. So kan ons dan vandag, vier jaar later, die Here die eer gee, dat Hy ons gehelp het om volkome vry te spreek en te vergewe! Alle lof kom Hom toe!

Nou het dit weer goed met ons begin gaan, behalwe dat ek nie gesond wou word nie. Ek neem toe maar eers die "kruisie" op en weet dat Vader Sy eie tyd het. My man en seun was nou besig om `n nuwe myn van onder af te elektrifiseer, en gee die liewe Vader hom ongelooflike wysheid en leiding. Dit het die installering van geweldig baie rekenaars, die algemene elektriese werk en die hoogspanningswerk ingesluit. So voorsien die Hemelse versorger dat ons nou weer vir die eerste keer in `n baie lang tyd `n ordentlike voertuig kon aanskaf. Hierdie voertuig sou baie jaloerse reaksies van die duiwel uitlok, en het die satan op elke denkbare wyse daardie kar van ons probeer afsteel, maar verniet!

Een nag word ons wakker van die sitkamer lig wat aangegaan het. My man mompel dat hy die volgende dag die kinders gaan vasvat, omdat hul so laat opbly. My seun Ruben, word intussen ook wakker op die boonste verdieping, ook gesteur deur die lig. Hy reken weer dat dit ons is, draai genadiglik om en slaap verder. Maar die volgende more... chaos en `n skok! Ons ontdek die agterdeur oopgebreek, al die elektroniese goed weg, so ook die skooltasse en boeke. Ons sien tot ons grootste ontsteltenis dat die motorsleutels ook ontbreek, en storm na die motorhuis toe. Maar dank Sy die Here, die kar was nog daar, alhoewel die deure oopgestaan het en die sleutel genadiglik nog op die voorste sitplek gelê het. Van die goed was agter in die kattebak gelaai, en was dit duidelik dat iets hul moes versteur het en daarna op vlug geslaan het.

Die buurman kom nou vervaard daar aan, om te verklaar dat hy gedurende die nag gaan ondersoek instel het met sy flitslig, aangesien die honde so geblaf het. So bewaar die liewe Vader ons en die kar daardie aand. As een van ons op hul moes afgekom het, sou ons summier doodgeskiet gewees het, soos dit algemeen in hierdie land gaan. Ek dank die Here dus dat Hy ons op so `n besonderse wyse bewaar het en `n groot tragedie voorkom het. Twee weke later word die werk se bakkie egter gesteel. Hulle het duidelik teruggekom vir die kar, maar omdat my man die bakkie agter die kar (wat toegesluit in die motorhuis gestaan het) gestop het, moes hul maar met die tweede beste wegkom. Ek dank die Here dat die werk se versekering die bakkie ten volle uitbetaal het.

Intussen ry ek een dag na die kollege, waar Jeanine en Adriaan nou studeer. Ek sit toe my handsak langs my aan die regterkant, teen die deur. Die rede was dat die voorste sitplek vol pakkies en goed was, en het ek myself voortdurend daaraan herinner, sodat ek dit nie moes verloor met die uitklimslag nie. So gaan sien ek `n persoon en ry later weer terug huis toe. Toe ek daar uitklim, begin ek my handsak soek, maar was dit skoonveld. Ek soek oral, tot in die kattebak, maar die handsak was net WEG! Half histeries spring ek terug in die kar, jaar terug kollege toe in die hoop dat ek dit dalk in die kantoor vergeet het. Maar, tevergeefs. Die vrou help soek van voor af in die kar, in elke hoekie en plek tas ons rond. So ry ek verslae en in trane terug huis toe. Liewe leser, as u vroulik is, dan sal u ook weet dat mens se "hele lewe" omtrent in jou handsak is.

Langs die pad roep ek toe in groot benoudheid na God die Vader, dat Hy tog genadiglik `n engel sou stuur om daardie handsak op te tel, en vir my terug te bring! Nou moet u besef hoe desperaat ek gevoel het om sulke waarskynlik onsinnige eise aan die Here te stel. By die huis strompel ek moedeloos en radeloos uit die kar. So wou die kinders nou weet hoekom ek so ontsteld was, en het ek half histeries aan hul verduidelik. Ruben stap toe terug na die kar, en tot my totale verbystering haal hy die handsak, waar dit oop en bloot op die sitplek lê, uit. Vies dat ek nie ordentlik gekyk het nie vermaan hy my om te kalmeer. Nou ja, ek, en daardie vrou as getuie, weet HOE deeglik ons daarna gesoek het, en was dit BESLIS nie meer in die kar nie. Of u dit dus nou wil glo of nie, het die engele VERSEKER daardie handsak vir my kom terugbesorg, en glo ek dit verdien al die erkenning aan Jesus Christus, die antwoorder en verhoorder van die gebed! Hoe loof en prys ek Hom nie! Halleluja!!!

So vra ek eendag die Here of Hy nie net `n klein skrefie vir my wil oopmaak en aan my toon hoe lief Hy die sondaar het nie. Ek stap op `n goeie dag deur die inkoopsentrum en merk `n reuse groot man van voor af geloop kom. En ja, ek kon nie help om op te merk hoe hy sy groot liggaam probeer toehou met vodde vir klere nie. So kom daar `n groot jammerte ook in my hart vir hom op. Toe hy egter by my verbyloop, kyk hy skielik direk in my oë! Op daardie oomblik maak die liewe Here vir my daardie skrefie oop, en `n gevoel van intense jammerte en sondaarsliefde vir die siel kom in my hart op. So erg is die emosie wat hierop volg, dat ek, wat nie maklik huil nie, net daar in die sentrum se gang aan die snik gaan!

Ek herhaal weer, ek is nie iemand wat my emosies maklik voor iemand wys nie, maar dit was so onbeheersbaar intens, dat ek verseker geweet het dat geen mens `n ander so lief kan hê, as die Here vir die sondaar nie. Wat dan nog te sê van Sy geliefde kinders. Toe kon ek verstaan hoekom Jesus so wreed gemartel was en aan die kruis vir ons gesterf het. Ek het ook geweet dat as ons daardie diepte van liefde elke oomblik moes ervaar, ons harte dit nie sou kon hanteer nie! Hoe loof ek Hom daarvoor! Vir weke daarna het die man se beeld by my gespook, en was ek elke maal onbedaarlik hartseer en jammer vir hom. Ek glo dat die Here dit deeglik by my wou inprent, sodat ek nie gou daarvan sou vergeet nie. Dus het Vader ook op so `n manier my herinner om te bid vir die siel, en genade vir hom te vra, soos Jesus genade vir ons vra by die Vader. Halleluja!

Intussen kry my man `n aanbod van ons geloofshuis om een hektaar grond by hul oor te koop, aangesien die plek nie meer geskik was vir die bou van `n nuwe kerkgebou nie. Die stuk grond is geleë in Empangeni, vyftien kilometer vanaf Richardsbaai, en reg langs `n "greenbelt". Ons kry toe die grond vir `n baie redelike prys, en besluit my man en seun om dit saam te koop. Die doel was dan om dit later saam te ontwikkel, as die Here dit sou toelaat. Hierdie stuk grond, wat ons vas glo `n geskenk uit die hemel is, het egter vir ons vorentoe baie geloofstoetse besorg, maar ons het in die Here bly vertrou. Een aand droom ek ons bly in Kaapstad, en dat ek op die boonste verdieping van

my huis staan. Skielik droom ek dat `n baie groot golf, of brander oor die stad spoel, en dat ek ook in die water beland, maar NIKS BEVREES WAS NIE! Intussen lê die stuk grond wat ons as `n belegging beskou nou nog daar, onverkoop, en wag ons op die Here vir raad en leiding daaromtrent.

Gedurende die twee jaar wat ons in Richardsbaai gebly het, begin ek opmerk dat ek aanhoudend skrifte kry aangaande die "heilige berg" van God. Nou verstaan ek dat die Here al vir ons gesê het dat ons die Berg van Heiligmaking moet klim, deur noue kontak met Hom te hê en ons harte skoon te hou. Maar ek kry die gewaarwording dat die Here vir my iets anders hier wil sê. Ek kry ook voortdurend skrifte wat handel oor die berg Sion, maar alles gaan nou omtrent `n BERG! Onder andere gee Vader vir my die volgende skrifte nl; ***Jesaja 56:7***, ***"hulle sal Ek bring na my heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed; hulle brandoffers en hulle slagoffers sal welgevallig wees op my altaar; want my huis sal `n huis van gebed genoem word vir al die volke", asook Esegiël 20:40 nl; "Want op my heilige berg, op die verhewe berg van Israel, spreek die Here Here, daar sal die hele huis van Israel , hulle almal, My dien in die land;"...so ook Joël 3:17... "Dan sal julle weet dat ek die Here jul God is, wat woon op Sion, my heilige berg; dan sal Jerusalem `n heiligdom wees waar geen vreemdes meer deur sal trek nie." Dan was daar nog die volgende nl; Miga 4:2 "En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die Here en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in Sy wee kan leer en ons in Sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die Here uit Jerusalem."***

Ek weet ook dat die Here hier van Israel praat, nl. die toekoms van die Israeliete gedurende die tydperk van die duisendjarige vrederyk. Maar tog was dit nou vir my duidelik dat die HERE besig was om persoonlike beloftes te maak waarvan ek nog niks verstaan het nie. Elkeen van hierdie skrifte het ek ontvang na ernstige gebed. Eendag, terwyl ek besig was om te bid, vra ek die Here Jesus of Hy nie vir my wil verduidelik waaroor die "berg" skrifte gaan nie. Skielik, sonder huiwering kom daar `n baie duidelike beeld van TAFELBERG in Kaapstad in my gemoed op. Ek was verslae, want ek het GEEN gedagte eers aan die Kaap gehad nie, t.s.v. die vorige droom! Ek vra die Here of ek dit nou reg verstaan, en dat Hy tog in Sy grote barmhartigheid en genade dit deur middel van `n skrif sou bevestig. So gee die Here ***Sagaria 8:7~9*** nl; ***"So sê die Here van die leërskare: Kyk, Ek gaan my volk verlos uit die land van die ooste en uit die land van die weste...en hulle aanbring; en hulle sal midde in Jerusalem woon. (Kaapstad in die geval dan seker), Dan sal hulle vir My `n volk wees, en Ek sal vir hulle `n God wees, in trou en geregtigheid. So sê die Here van die leërskare: Laat julle hande sterk wees, julle wat in hierdie dae sulke woorde gehoor het uit die mond van die profete op die dag toe die fondament gelê is van die Here van die leërskare, die tempel, om gebou te word."***

## *HOOFSTUK 8*

### *2007~2009*

My oudste seun en Jason wat al getroud was, woon nog in Pretoria. Jonathan is intussen na die geloofshuis in Burgersdorp as "sendeling". Ruben kry ook `n werk in Pretoria, en gaan bly by sy oudste broer. Christiaan is terug Bothaville toe nadat hy ook daar werk gekry het. Sy verloofde studeer in Potchefstroom, dus was dit nou nader aan haar. Jeanine en Adriaan bly dus nou alleen oor, en was nog steeds in die kollege Die twee jongmense wat ons vir ongeveer `n jaar uitgehelp het is

ook intussen weg, elkeen op sy eie weg. My man se werk in die myn is byna afgehandel, en kry hy `n aanbod van kontrakteurs om in Engeland te gaan werk. Maar nie een van ons voel dit is wat die Here wil hê nie, en bid ons gevolglik ernstig vir die Heer se leiding, oor waarheen nou. Intussen het ek al aan almal wat wou hoor "verkondig" dat ons Kaap toe sal gaan, aangesien dit is wat ek glo die Here wil hê. Almal lag vir my, en vertel ek die Here moedeloos dat niemand my ooit glo nie, waarop Vader my weereens antwoord gee deur ***Mattheus 13:57...*"*Maar Jesus sê vir hulle: `n Profeet is nie ongeëerd nie, behalwe in sy vaderland en in sy huis."*** Die blote gedagte om Kaap toe te gaan het so onmoontlik geklink.

Intussen gaan my gesondheid verder agteruit, en voel dit amper vir my of ek nie meer lank sal lewe nie, terwyl ek maar 49 jaar oud was. Die dokter beveel aan dat ons heeltemal uit Natal moet uittrek, omdat ek nie kan klimatiseer in die geweldige bedompige klimaat nie. Die begeerte begin sterk by ons posvat om Kaapstad toe te gaan. My ouers het daar gebly, en is ek byna daar gebore indien my moeder nie in Namibië vir my ouma hulle gaan kuier het nie. My sussie is wel in Kaapstad gebore, en het ons eers daar verhuis toe ek vyf jaar oud was.

Die twee kinders begin opgewonde vertel dat hul drome kry dat ons Kaapstad toe trek. Nog steeds klink dit na `n onmoontlikheid, want waar sal my man tog werk daar kry.  Maar waar God `n plan het, sal daar tog sekerlik `n weg oop wees, glo ek. Vader gee die volgende skrifteks as aanmoediging dat Hy Self alles sal uitwerk en dat ons net moet glo, nl; ***Hosea 11:10 "Hulle sal agter die Here aantrek; Hy sal brul soos `n leeu. Want Hy sal brul, en die kinders sal sidderend van die seekant aankom. Hulle sal sidderend aankom soos `n voëltjie uit Egipte en soos `n duif uit die land Assur; en Ek sal hulle laat woon in hulle huise."***

Wat nou vir my merkwaardig omtrent hierdie skrif was, was die feit dat ek presies dieselfde gekry het toe ons na Richardsbaai, vanaf Bothaville getrek het. Ja, die twee jongste kinders het afgegaan met die vliegtuig, en sou dit waarskynlik presies weer op dieselfde wyse geskied. Die Kaap is tweeduisend kilometer van Richardsbaai, en sou dit net baie geriefliker wees vir almal. Ek en my man verlang ook toenemend na die kinders en ons albei se wense was dat ons eendag weer almal naby aan mekaar sou bly. Intussen kry ek aanhoudend drome dat ons saam in een huis in Kaapstad bly, maar dat ons deur die huis se vensters sien hoe geweldige storms woed. (Die Here het al openbaar dat drome van storms, baie beproewinge beteken). Maar ons sal gaan waar die Here lei, wat ookal die gevolge is. Want die skrif beloof dat ALLES ten goede uitwerk vir die wat Hy liefhet. Halleluja! Romeine 8:28.

Vader gee nou vir my skrifte wat beloftes inhou dat ons wel eendag almal bymekaar gaan wees nl; ***Jesaja 49:17~18 "Jou seuns kom gou, maar jou verwoesters en jou vernielers sal van jou af wegtrek. Slaan jou oe rondom op en kyk: hulle almal kom bymekaar, hulle kom na jou toe! So waar as Ek leef, spreek die Here, sekerlik sal jy hulle almal aansit soos `n versiersel, hulle ombind soos `n bruid."***

Uit die bloute bel Jason, die tweede seun my eendag met geweldige "inligting"! Hy gee my die ongelooflike nuus dat sy werk hom verplaas het na die KAAP! Ek moes gaan sit, so opgewonde het ek gevoel. Was die profesieë besig om stadig maar seker bewaarheid te word? My man se werk spoed nou na die einde by die myn, met geen moontlikhede van enige ander werk in Richardsbaai nie. So trek hulle baie kort na die aankondiging Kaap toe, en vra ons hulle om vir ons ook solank uit te kyk vir `n huis. Ons gee kennis by ons huidige woning, en begin solank pak. ALLES IN DIE

GELOOF, want die Here het gepraat en beloof ***"En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word; want op die berg Sion en in Jerusalem sal daar ontkoming wees soos die Here gesê het, en onder die vrygeraaktes die wat die Here sal roep." Joël 2:32, asook Esegiël 14:22~23 "Maar kyk, daarin sal oorbly wat ontvlug, wat uitgebring word, seuns en dogters; kyk, hulle kom uit na julle toe, dat julle hulle weg en hulle handelinge kan sien, en julle getroos kan word oor die onheil wat Ek oor Jerusalem gebring het, oor alles wat Ek daaroor gebring het. Ja, hulle sal julle troos as julle hulle weg en hulle handelinge sien; en julle sal weet dat Ek nie tevergeefs alles gedoen het wat Ek daarin gedoen het nie, spreek die Here Here."***

My seun en sy vrou kry daar naby hulle `n pragtige nuwe dubbelverdieping meenthuis waarop ons dus nou solank die deposito inbetaal. Prys die Here, ons plekkie wag! Ons sit die twee kinders op die vliegtuig, en vertel hul ons opgewonde hoe hulle oor `n deel van die see gevlieg het voordat hulle gaan land het! Presies soos die skrifteks beloof het. Ons was verslae oor God se alwetendheid! Daar duik egter `n paar probleme op. Die myn gee vir my man ekstra werk daar, wat sou beteken dat hy weer moes terugkeer om dit te gaan klaarmaak. (Dit het ook vir twee maande se ekstra salaris gehelp, wat ons nie sou gehad het nie), maar kon ek en die kinders solank tuis raak. Die volgende probleem was duidelik `n laaste desperate poging van die duiwel om die lewe vir ons nou goed om te krap, en die trekkery te probeer keer. Die oggend toe die vragmotor moes arriveer, daag hulle nie op nie. Ek bel die vervoermaatskappy om te hoor wat aangaan, en moes tot my grootse ontsteltenis verneem dat hulle ons nooit "geboek" het nie! Maar dat hulle "gou `n plan sou maak". `n Uur later daag daar eindelik `n vragmotor op, en verklaar hulle hoog en droog dat die goed ongelukkig nou eers vir twee weke in Johannesburg gestoor sou moes word. Die rede was dat hulle eers dan `n beskikbare lorrie sou hê wat Kaap toe gaan. So moes ons dit dus maar aanvaar, want die pad is ver en dit het al laat geword.

Ja, die lewe is maar vol "nonsens", en is dit `n daaglikse en oënskynlike nimmereindigende stryd om te stry. Wat sou ons tog sonder ons God se hulp gedoen het. Niks kon egter nou ons opgewondenheid demp nie. Ons besluit dat dit maar die dag van more se probleme moet wees. Ek en my man is nou amptelik op "vakansie", wat sou beteken dat dit ons drie dae sou neem om daar te kom. Ons sien egter baie uit na die reis, want sodoende sou ons pragtige dele van die land sien, en elke aand in `n ander plekkie uitrus. Dit was voorwaar `n wonderlike ervaring en avontuur, en het ons elke oomblik daarvan geniet. O, die lieflike natuurskoon en stilte. Ja, liewe leser, laat ek maar net byvoeg; die stilte voor baie groot "storms", letterlik en figuurlik! As dit nie vir die feit was dat ons oortuig was dat die Here voor ons uitgetrek het nie, sou ons sekerlik die geloof gefaal het. Die liewe Hemelse Vader gee vir my ***Hebreërs 11:8*** as aanmoediging en loof en prys ek Hom dat Sy oog in alle omstandighede op ons was. ***"Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as `n erfnis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom."***

Die dag toe ons uiteindelik in ons nuwe tuiste aankom, het die wind te vreeslik gewaai, en was als maar droog en stowwerig. Dit was die einde van April, 2007. Die duiwel kon ons nie vinnig genoeg daarop attent maak oor hoe vervalle en ellendig sekere dele in die Kaap daar uitsien nie, maar hou ons dapper moed. Ons was al immers in die Kaap, en weet hoe mooi dit in die meeste dele is. Na `n bietjie verdwaal, kom ons toe nou windverwaaid en baie moeg by my seun se huis aan. Hoe bly was die kinders om weer hul ma en pa te sien, en kon hul ons nie haastig genoeg die nuwe woonplek gaan wys nie. Met Tafelberg in sig, kon ons dit self byna nie glo nie. Ons het TUISGEKOM!

Aangesien my man `n week op verlof was, het die kinders ons oral na die pragtigste plekke in die Kaap geneem. So kon hul ook nou bietjie spog dat hul die Kaap vinnig geleer ken het, en dit die lewe terselfdertyd ook vir ons makliker gemaak het. Ons bly dus maar meestal by die kinders, in afwagting op die meubels. Intussen moes my dierbare man alweer terug, en sou dit hom nog `n volle twee maande neem om sy werk in Richardsbaai te voltooi. `n Hele maand na ons aankoms, kom ons meubels uiteindelik hier aan, nadat ons hul al begin dreig het. Heelwat goed was nou weg, maar is ons net baie bly dat die huis nou uiteindelik gemeubileer kon word.

Ja, hier in hierdie huis, het ek menige gebede en trane voor die aangesig van my Hemelse Vader, gestort. Maar met my God loop ek `n bende storm en met my God spring ek oor `n muur. Magtige weerstand, geskinder en ondermynings tref ons sonder end, maar kan die duiwel se haat en venyn nie die oorhand kry nie! Ek loof my God dat hy die geveg vir ons daagliks veg, en dat ons net stil moet wees! Ek bid en vra daagliks skrif, want Jesus Christus is vir my die antwoord op alle vrae en my enigste troos. My arme man spook daar anderkant om klaar te kry, maar hul voeg aanhoudend nuwe werk by. Ek bid en prys aanhoudend vir die oorwinnings! Vader gee eendag vir my die volgende interessante skrifteks nl; ***"En die man het met my gespreek: Mensekind, kyk met jou oë en hoor met jou ore en gee ag op alles wat ek jou sal laat sien; want om jou dit te laat sien, is jy hierheen gebring. Verkondig aan die huis van Israel alles wat jy sien.", in Esegiël 40:4.***

Terwyl ek dus eendag so lê en bid, vra ek die Here om watter rede Hy ons nou EINTLIK na die Kaap laat kom het?! Toe sien ek `n duidelike "gesig" hoe my man iets met die plaaslike geloofshuis "onderhandel", en die volgende sien ek `n stuk grond! Ek verstaan dit egter glad nie, en vra vir Vader wat dit tog kan beteken. Skielik het daar `n ongekende blydskap en heerlikheid van my hart besit geneem...so geweldig kom die Heilige Gees krag oor my, dat ek opgespring en Hom hardop begin loof en prys het! En so was ek getroos dat die hemelse Vader op die regte tyd die antwoord sou verskaf. Halleluja!

Ek vra dus ook vir Jesus in ootmoed of Hy ons nou in Sy genade sou lei na "waters waar rus is". Met die eerste diens in die ongelooflike mooie en nuwe geloofshuis in Somerset-Wes, was dit die eerste woorde wat ek lees, in groot letters op die voorste muur geskilder staan daar; "NA WATERS WAAR RUS IS, LEI EK JOU HEEN". Toe die liewe Vader in Sy liefde met ons in die gemeente begin praat deur die mond van die profeet en in tale en uitleg van tale, bevestig Vader dat Hy ons hiernatoe gebring het en dat "Hy ons sal lei na waters waar rus is!" In dieselfde tyd gee die Here ook Psalm 23 as bevestiging aan my. Drie maal `n bevestiging van onse God! Halleluja, en sou ons net op HOM MOES WAG! Die liewe Heer gee intussen ook vir my die volgende skrifteks in die verband nl; ***Jeremia 33:2~3***, ***"So spreek die Here wat dit doen, die Here wat dit formeer om dit te bevestig, Here is Sy naam: Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie".***

Intussen gaan die tyd om en kon my man hom spoedig by ons voeg. Maar ons weet altwee dat die groot toets en geloofstryd nou maar eers begin het. Want hy moet nog `n werk kry, en werk is skaars in hierdie land. Maar ons weet dat die stryd die Here sin is en vertrou ons Hom dus VOLKOME! Dit was voorwaar nie `n maklike pad nie en het dit my omtrent op my knieë gehou. Op `n stadium het my man se geloof gevaarlik begin wankel, en was hy vol vraagtekens. Dit het vir hom "gevoel" asof die Here ons nie meer raaksien nie, en nie ons gebede gaan verhoor nie. Gevolglik het ek maar angstig na Jesus geroep dat Hy tog betyds sou help. Ek vra eendag vir die Heer of Hy nie genadiglik vir hom `n skrifteks tot aanmoediging sal gee nie, en verhoor Hy my wonderbaarlik deur ***Jeremia***

**45:2~5** te gee, nl; ***"So spreek die Here, die God van Israel, aangaande jou, o Barug! 3. Jy sê: Wee my tog, want die Here het kommer aan my smart toegevoeg: ek is moeg van my gesug en vind geen rus nie! 4. So moet jy vir hom sê: So spreek die Here: Kyk, wat Ek gebou het, dit breek Ek self af; en wat Ek geplant het, ruk Ek self uit; en dit betref die hele aarde. 5. En sou JY vir jou groot dinge soek? Soek dit nie; want kyk, Ek bring onheil oor alle vlees, spreek die Here; maar Ek sal jou siel vir jou as buit gee in al die plekke waarheen jy sal gaan."***

`n Maand na hy in die Kaap aangekom het, sien hy eendag `n advertensie met `n werksaanbod vir `n elektriese streekbestuurder. Nadat hy hulle gekontak het, laat weet die bestuur net daar oor die foon dat die maatskappy hom definitief gaan aanstel, en dat hul na hom sou terugkom. Intussen wag ons, bid en glo! Twee volle weke later bel hul uiteindelik, en reël `n afspraak vir die onderhoud. Dit was mense van Bloemfontein, wat byna elke polisiestasie in die Wes-Kaap se elektriese kontrak werk gekry het, asook die restourasie van Robbeneiland se tronk. So was daar nou werk in Saldanha, Riebeeck-wes, Simonstad, Ysterplaat en nog vele meer. Hul gee my man deur die Here se grootte genade die werk as streekbestuurder, wat `n goeie salaris insluit, en kon hy die volgende dag al begin. Dat God goed is, kon ons beslis nie betwyfel nie. Ons was so vol geloof dat ons nie net vir Jesus `n werk gevra het nie, maar die BESTE werk! En dit is presies wat hy gekry het. Die Almagtige sou hom hiervandaan groot voorspoed in sy werksomstandighede gee. Prys Sy heerlike Naam!

Om in die Kaap omgewing te bly, was vir ons die wonderlikheid vanself. Ons was gelukkig en goed aangepas, en het gevoel dit is waar ons nou hoort. Agt jaar terug, was ek en my man saam met vriende op vakansie hier, en het ek al die gevoel gehad dat ons eendag nog hier sou tuisgaan. So het ek dit dan ook aan my man meegedeel. Ek het agterna vir die Here gevra hoekom ek dit toe al "vermoed" het, alhoewel ek intussen heeltemal daarvan vergeet het. So gee die Heer die volgende skrifteks vir my nl. ***Daniël 2:47***, ***"Die koning het Daniël geantwoord en gesê: Waarlik, julle God is die God van die gode en die Here van die konings en die Openbaarder van geheimenisse, daarom was jy in staat om hierdie geheim te openbaar."***

Jonathan het nie lank daarna nie, ook vanaf die geloofshuis by ons aangesluit. Daarvoor kon ek die liewe Here nie agterna genoeg bedank nie, en sou hy vir my `n ontsettende groot hulp, tydelik en geestelik word. Ek dank God vir Sy wonderlike uitgewerkte planne, wat ver bo die menslike verstand is! Ja, dit laat my ook terugdink aan `n onuitspreeklike belofte wat die Heer eenkeer aan my gemaak het. Vader het aan my meegedeel dat Hy ons gaan SEEN VER BO DIE MENSLIKE VERSTAND! En was dit dan nie gedeeltelik wat nou besig was om te gebeur nie! Waarlik, Hy alleen kan vir ons die toekoms uitlê en uitwerk! Halleluja! Ek loof en prys Sy wonderbare Naam! Dit is waarlik of my geestesoë oopgegaan het vir dit waarvan HY gespreek het! En nou kon ek ook verstaan hoekom die vyand ons deur al die jare soveel magtige weerstand gebied het. Want, ek glo die Here gaan siele red deur die getuienis van hierdie boek, en alle lof en eer kom Jesus Christus toe! Al wat ek nou vir Jesus vra was dat Hy die "WERKE VAN Sy HANDE Sou SEEN, O HEER!" Vorentoe sou ons nog baie toetse en storms moes deurgaan, maar as God werk, wie kan keer!

My man se werk vermeerder so baie, dat hy vir Ruben, wat al baie in die verlede saam met sy pa elektriese werk gedoen het, oortuig om by hom te kom aansluit. Die maatskappy bied hom `n goeie salaris aan en nie lank nie, toe is hy ook in die Kaap. My oudste seun en sy vrou lê net daarna besoek by ons af en besluit dat die Kaap die regte plek vir hulle ook sal wees. My skoondogter kry nie lank daarna nie `n werk as rekenmeester by `n cuisine-restaurant, en my seun se werk stem in dat

hy maar vanaf die huis vir hulle kan werk. Dit was alles die een wonderwerk op die ander. Saam besluit ons dus dat dit prakties sou wees as ons `n lekker groot huis naby die see kry, en almal saam daar gaan woon. Met uitsondering van Jason en sy vrou, en Christiaan wat net wag vir sy verloofde om haar studies te voltooi. Die plan was dat hul later ook hiernatoe sou trek. Jason en sy vrou het ook lekker genoeg in hul huis gewoon, en is ons na genoeg aan mekaar. Prys die Here! Stadig maar seker was dinge besig om vir almal uit te werk.

Ongeveer `n jaar nadat ons getrek het na die groter huis, gee die Here eendag vir my die volgende skrif. Ek voel om dit hier te noem, aangesien dit van "profetiese" aard is. Dit is naamlik ***Daniël 8:14*** en lui soos volg; ***"En hy het vir my gesê: Tweeduisend-driehonderd aande en mores, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word." Hierdie skrif ontvang ek op die twintigste van die derde maand 2008!***

Die liewe Here voorsien betyds `n pragtige groot huis met `n woonstel aangebou, en drie motorhuise daarby. Saam sou ons dit nou kon bekostig, en wyl almal gedurende die dag werk sou ek dan die huiswerk en kookwerk behartig. Ons trek in en twee weke later arriveer my oudste seun en sy vrou ook. Saam verken ons nou die Kaap van goeie Hoop. Ons beleef die lieflike berge, fynbos en magtige oseaan! Omdat ons nou naby die see bly, gaan ry die kinders gereeld op hul branderplanke, en ons sit sommer net op Bloubergstrand en kuier. Maar skielik en onverwags, verander my lewe totaal!

Een aand kry ek `n uiters ontstellende oproep van my broer. Hy deel my die slegte nuus mee, dat my moeder `n beroerte aanval gehad het, en in `n semi-koma was. Aangesien hul nou intussen bymekaar ingetrek het, was hulle twee dus alleen. Nou was dit vir hom vanselfsprekend nie moontlik om dit te hanteer nie. Die volgende dag het ek inderhaas ingepak, en lughawe toe gejaag. Ek verpas my vlug met tien minute, maar kry genadiglik `n ander kaartjie vir `n uur later. Die ooreenkoms was nou dat hy my op die Johannesburg lughawe sou optel, waarna ons dan saam terug na Potgietersrus sou ry. Ja, ons was verheug om mekaar weer na soveel jare te sien, alhoewel onder baie moeilike omstandighede. So gesels en maak ons op vir verlore tye, en voorsien die Here dat ons veilig tuis sou kom.

Oppad, in die vliegtuig al, het ek egter `n onbedaarlike tandpyn begin ontwikkel, wat `n abses later geblyk te wees. My broer stel net daar voor om sommer vir my te bid, want ek kon dit verseker nie bekostig om nou siek te word nie. My moeder sou van hier af elke oomblik van my aandag nodig hê, en was dit genade alleen wat my deurgedra het. Daarvoor kan ek tog net die liewe getroue Here Jesus bedank! Veral omdat my tandpyn kort daarna werklik beter geword het! Maar nou is ons oppad na my moeder, en weet ek nog glad nie wat op my wag nie! My gedagtes bly ook terugdwaal na my man en kinders, wat sonder my hulp moet klaarkom tuis. Ek het maar aanhoudende gebede opgestuur langs die pad dat Vader hul sou deurdra, versterk en help. Nou sou die liewe Heer ook daardeur aan my toon dat geen mens onmisbaar is nie, maar dat dit eintlik die Here is wat die krag en hulp verleen! Met ons uiteindelik veilig tuis na drie ure op die pad en ek nog ekstra twee ure in die vliegtuig, was dit al baie laat in die aand.

My moeder wat intussen begin bykom maar niemand herken nie, glimlag tog toe sy toe sy my sien. Ek het haar jare laas gesien en was geskok om op te merk hoe oud sy geword het. En nou het die liewe Here Jesus ons op die vreemdste wyse denkbaar weer bymekaar uitgebring. Van hier af en vir nege maande verder sou ek haar persoonlike verpleegster wees, haar voer, bad, droogmaak, leer praat, eet en weer leer loop. Maar ek het geweet dat dit net die Allerhoogste was wat my kon

deurdra. Menige dag as ek gevoel het ek kon nie meer een tree vorentoe nie, het ek net nodig gehad om my hande in die lug op te steek, en vir krag van Bo gevra. Wat ek keer op keer ontvang het! Prys Sy Naam alleen. Ja, die liewe Heer het vir my wat maar self klein en tingerig was, gehelp om my moeder asook die hele huishouding later te behartig, en het ek dit tog reggekry deur slegs vir my getroue Vader om krag te vra elke dag, WAT BELOOF HET OM MY DEUR TE DRA asook dit getrou gedoen het.

Al hierdie ellende het egter op die end geweldige seëninge ingehou. My broer en my oorlede vader se suster, kom albei magtig tot bekering na my besoek daar. My liewe broer Martin, wat `n selferkende sondaar was, gee sy lewe onvoorwaardelik in die proses aan die Here en verander so dat baie mense verslae gestaan het. Die hele rede hoekom hy so radikaal vry geraak het, soos uit sy eie mond, was omdat hy sy sondes in die diepte voor `n getuie gaan bely het, en hom daarna laat doop het! Na baie jare van uitstel, het die liewe Heer nou hierdie geleentheid deeglik gebruik en het die Heilige Gees hom oortuig dat dit die enigste uitweg sou wees tot sy redding. Hy is vir my `n lewende getuie dat niks vir God onmoontlik is nie, en so ook die geval van my tannie! Dit was ook vir my `n groot aanmoediging om gedurig te getuig van die redding uit God deur Jesus Christus, want ek kon nou beleef hoe die Here daarop werk op die regte tyd, en siele wel red as ons opreg daarvoor vra!

Nou moet ek ook byvoeg dat die wonderwerke nie daar opgehou het nie. My moeder en tannie was etlike jare verdeeld teenoor mekaar weens misverstande in die verlede. Nou het die Heer my gebruik om die twee weer bymekaar te bring, en word hul sodoende versoen. Dit bring selfs in my moeder se arme beskadigde ou brein die heerlikheid, en merk ek mettertyd ook hoe die Here `n groot werk aan haar siel doen. So was ek nou vir twee weke daar, waar ek en my broer letterlik haar heeldag sou moes oppas. Ek moes nou probeer om voedsel en vloeistowwe in haar liggaam te kry, en het dit vir `n hele paar senutergende oomblikke gesorg. Sy het glad nie geweet hoe om te sluk nie, en as sy dit tog na `n groot gesukkel gedoen het, verstik sy verskriklik. So roep en bid ek en my broer toe maar saam na die Here, wat tog `n heerlikheid afgegee het. Twee weke later besef ons egter dat ek `n huis ook het, en dat ons moeder nie veel herstel het nie. Dus besluit die familie saam dat dit die beste sou wees as ek haar saam met my terugbring. Wat geensins `n maklike taak sou wees nie, alhoewel nie so onmoontlik as wat ons aanvanklik gedink het nie. Maar liewe Jesus was elke oomblik saam met ons en dit het my uitermate vertroos as die moedeloosheid my totaal wou oorweldig.

Dus het my broer nou die slim plan bedink om `n bussie met `n bestuurder by `n vriend te huur. Nadat hulle die agtersitplek uitgehaal het, het hy `n matras ingesit, en kon sy nou rustig agterin slaap wyl ons onderweg lughawe toe was. By die lughawe het `n spesiale hyser haar in `n rolstoel opgelig tot in die vliegtuig, waar twee persone haar na `n sitplek gedra het. Die twee ure se vlug was ongemaklik en lank, deurdat ek haar die hele tyd regop in die sitplek moes probeer hou, terwyl mense ons onbeskaamd aanstaar. Dit moes omtrent `n gesig gewees het, maar gee die Heer my die genade om dit kalm te hanteer. By Kaapstad lughawe is ons weer deur die hele proses, en het my man ons ook met `n bussie en matras ingewag. Die verligting om net weer bymekaar te wees was groot, t.s.v. die vreemde omstandighede. By die huis het die kinders angstig gewag en heeltyd om die verdwaasde ouma rondgedwaal. Alles in die huis was nou anders! En alles sou anders wees van daardie tyd af. Hier sou my God my leer om alle selfsug en eie belange te kruisig ter wille van een van Sy ellendiges, en Hy alleen sou my kon help om dit reg te doen. Alles was dus net genade en genade van Hom alleen!

Terug by die huis sou ek gou moes leer om een of ander roetine uit te werk, as so-iets enigsins in

hierdie omstandighede moontlik sou wees. Mense in haar tuisdorp het met `n fondsinsameling begin, en kon ek nou vir haar `n baie gerieflike bed en ander benodigdhede bekom, waarvoor ek die Here baie dankbaar sou wees. Dit was vir my duidelik dat God die Vader vir alles sou sorg. Maar die huiswerk het gewag, en my gesin en arme man het ook aandag nodig gehad. Dit alles sou groot toetse vir my uithouvermoë inhou, en het ek dit soos gewoonlik en maar weereens van my Vader afgebid, anders sou ek NOOIT hierdie prys betaal het nie! Ek het menige dag gevoel dat ek op die punt van `n ineenstorting was. Deur my gesin se liefdevolle ondersteuning en die krag wat Jesus my gegee het, kon ek uithou en aanhou. Totdat die Here self omstandighede verbeter het. My liewe broer het ook dag en nag tot ons Hemelse Vader vir genade gebid en was hy geestelik asook finansieel `n ontsaglike groot steunpilaar.

Die Here het egter `n doel met alles wat Hy oor Sy kinders toelaat. Met my was dit dieselfde, en het ek baie voor my Vader se voete geween, en uitkomste vir ons almal van die liewe Vader afgesmeek. Maar dit sou Hy eers doen nadat Hy die werk aan ons almal se siele gedoen het, en ook net op Sy EIE TYD! Ek het egter spoedig verstaan dat ek moes bid vir `n onselfsugtige gees, en alles leer doen sonder om te kla en murmureer, soos die Skrif ons ook vermaan. Met die tyd het my moeder dus weer geleer loop, praat en self begin eet, wat minder druk op my geplaas het. Ek loof Jesus, want sy het `n mate van breinskade opgedoen, en het omtrent “russies” gepraat! Spoedig, en na baie gebede, kon sy relatief normale gesprekke begin voer. In so `n mate dat sy selfs eenvoudige gesprekke oor die die selfoon met vriende begin voer het.

Die heel wonderlikste gebeurtenis sou egter nog plaasvind, en kon ek toe uiteindelik God se plan in die verband begin insien. Die “ramp” het naamlik die algehele redding van my moeder se siel bewerkstellig. Ten spyte van haar skynbaar hopelose situasie! Ja, ons het nou begin om saam met haar huisgodsdiens te hou, wat sy baie duidelik verstaan het. Saans het Jonathan vir ons kitaar gespeel, en Christelle speel die tamboeryn wyl ons almal saam geestelike liedere gesing het. Soms het ons sommer soos kindertjies gekoordans terwyl ons sing, en die wonderlikste was dat sy begin meemaak het. Ja, sy is `n baie klein ou mensie, maar het daardie wankelrige kort beentjies GEBRUIK EN GOD SAAM MET ONS SO VERHEELIK! Halleluja, dit was omtrent iets om te aanskou! Ek is doodseker dat Jesus en die engele saam met ons gedans, gelag en gesing het!

Saans vertel ek vir haar hoe Jesus en my sussie Nicolene op ons wag in die heerlike hemel. So bid ons dan saam en sing ons haar aan die slaap. Eendag, terwyl ons gesels, sê sy vir my uit die bloute en tot my opregte verbasing...dat sy gedoop wil word! Ek was eers sprakeloos, en het nie eers aan so `n moontlikheid gedink in haar siektetoestand nie. Ek vra haar of sy doodseker is en of sy verstaan waaroor dit gaan. Maar sy dring daarop aan, en kon ek die sekerheid opnuut kry, dat NIKS vir my God onmoontlik is nie! Dus bel ek die geloofshuis en reël vir `n spesiale doopdag vir haar. En daar besluit my twee jongstes, Jeanine en Adriaan dat as ouma die moed en geloof het daarvoor, dan sou HULLE OOK! Ek het regtig nie besef dat Vader soveel verrassings vir my kon inhou nie. Die rede hoekom die twee nog nie geheel tot bekering gekom het en hulself al laat doop het nie, was dat hulle soos baie gelowiges se kinders geglo het dat hul “a free ticket to heaven” het omdat hul ouers mos die Here dien!

Hul gesamentlike doopdag, was soos die grootste geskenk aan my uit die hemel. Jare en jare se gebede was so pas voor my eie oë verhoor! Ek sal nooit daardie dag vergeet, toe sy deur die doopwater met oop oë in totale verwondering direk na my gekyk het nie. Dit was asof ek voor my kon “sien” hoe die “ou mens” in die doopwater agterbly, en toe sy opstaan, hoe die splinternuwe wedergebore siel verrys. Dit was iets wat ek nie eers in my wildste drome my kon voorstel nie! Ek

kon ook `n sekere droom beter verstaan, net voor hierdie gebeurtenis. Ek het naamlik gedroom dat ek `n fetus sien groei totdat dit gereed was om gebore te word. Met die skrywe van hierdie boek, het ek ook gedroom dat ek `n seuntjie verwag, waarop ek agterna as antwoord ***Hosea 1:8*** gekry het nl; ***"Nadat sy Lo-Rugama gespeen het, het sy weer swanger geword en `n seun gebaar."***

Die liewe Vader openbaar daarop aan my dat die eerste droom my moeder se wedergeboorte voorstel, en die tweede die geboorte van die BOEK is! Ek loof en Prys Sy wonderbare Naam! Dit is ALLES NOG JESUS CHRISTUS en ontstaan niks wat Hy nie wil nie! Toe ek Vader weer eendag vra dat Hy tog net aan my moet bevestig dat alles wat ek neerskryf reg in Sy oë is, gee Hy my ***Johannes 3:27*** as bevestiging nl; ***"Johannes antwoord en sê: `n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie." Amen!***

Een aand, terwyl ons so vir my ma sing en bid, begin die Here Jesus met ons praat in tale en uitleg. Die Here sê vir my dat Hy my opofferinge raaksien, en dat hy die smart in my hart ook sien! Die smart, was ook deels as gevolg van `n ander vorige situasie, maar het net Jesus Christus daarvan geweet. Dit het my baie moed gegee en het ek geweldig troos by Hom daaroor gevind. Verder beloof Jesus ook dat Hy ons hierdeur sal dra! Vader sê o.a. ook vir my moeder dat Hy en my sussie ongeduldig en met oop arms op haar wag en dat Hy haar binnekort gaan opruk voor Sy Troon! Halleluja! Ook sê Vader dat sy nog gaan jubel en juig voor Sy troon, en dat Hy ook al die hartseer van die verlede in haar ou klein hartjie raaksien! Sy het elke Woord gehoor en verstaan en het ons menige traan gesamentlik gestort. Ook was ons bly vir die goeie nuus!

O liewe leser, hoe wonderlik sal dit wees as ons almal verewig saam BY ons geliefde Jesus sal wees, waar ALLES ALREEDS VOORBEREI IS vir Sy kinders. Ja, wat op aarde sal ons tog terughou op hierdie aarde as soveel heerlikheid binnekort op ons wag. Mag die Liewe Heer al die siele spoedig red wat nog nie gereed is nie, en ons uit hierdie ellendes op die aarde kom verlos! Die dag toe my moeder gedoop was, gaan vra ek vir die Here of Hy asseblief vir haar `n spesiale doop skrifteks sal gee, en praat Vader met haar deur die Woord deur `n wonderlike hemelse belofte te gee nl; ***Jesaja 33:17 "Jou oë sal die Koning in sy skoonheid aanskou, dit sal `n wyd uitgestrekte land sien." Prys Hom daarvoor!***

Intussen het hier twee jongmense ook by ons ingetrek, weens moeilike omstandighede. Aangesien hul geen onmiddelike uitkomste gehad het nie, het ons maar vir  almal `n plekkie in die huis gemaak. Vader wys dat dit in Sy wil is en dat Hy `n doel het, dus aanvaar ons dit so. Maar dit het omstandighede nie veel makliker gemaak nie, net die werk het meer geword. Ons was nou elf mense in die huis, met my wat uitsluitlik die meeste huiswerk moes doen. Tog gebruik die Here hierdie twee jongmense om my as hulp te wees wanneer dinge bietjie dol gegaan het, en is ek vader ewig dankbaar vir Sy wonderbare wee.

Ek wil graag hier tot ere van die Heer byvoeg, dat ek menige dag stryd gekry het in my gemoed met die nuwe "inwonertjies", en was daar van tyd tot tyd gevoelens en gedagtes jeens mekaar. Met al die "woelinge", vra ek die Here wat die doel van alles is en wat is dit wat Vader vir my daaruit wil leer. Ek het diep in my hart besef dat die Here eintlik besig was om my Sy gesindhede te leer, aangesien ek deur Sy genade besef het dat ek nie ten volle Christus liefde in my hart gehad het nie. Dit het `n volle jaar van stryd en skuur, en baie smeekgebede gekos voordat Vader vir my die waarheid begin wys het. Toe ek dus vir die hoeveelste maal my stille onverdraagsaamheid en foutvind en kritiek bely het, wys die liefdevolle Vader my Sy redes. Ja, die Here spreek tot my hart en se dat Hy Sy

afvlerk voëltjies na ons huis toe stuur sodat ons hul in die Gees moet beskerm, hul moet *aanvaar en liefhê net soos hulle is! Dit is hoe die Here ons ook liefhet en ons verdra! Ook dat dit ons verantwoordelikheid is om vir hul in te tree by die Vader!* Amen, en loof en prys ek Hom, omdat Hy hierdie waarheid betyds aan my geopenbaar het!

My skoondogter word `n groot steunpilaar geestelik, en saans het ons nou saam gebid vir almal wat geestelik gebonde is of raak. Met my moeder in die huis het die emosionele en liggaamlike impak geweldig groot geword vir my. Haar konstante soeke na aandag en die harde werk dreineer my so dat ek op `n punt gekom het dat ek net wenende voor my God se voete neergeval het vir uitkomste. My man besluit ook dat ek nie so kon aangaan nie en saam begin ons nou bid dat die Here tog `n veilige en oulike plek vir haar sal voorsien met verpleegsorg. Die eerste ouetehuis vir verswakte bejaardes waar ons nou gaan aansoek doen, is vol met `n ellelange waglys. So ook die tweede een, maar sê die persoon in diens dat ons na `n sekere plek moet gaan, aangesien dit uitsluitlik vir Afrikaanssprekendes is. Sy waarsku egter dat ons haar waarskynlik daar ook op `n waglys sou moes plaas, aangesien AL die ouetehuise oorvol is.

Maar die Here sien die dringendheid van die saak, en is NIKS mos vir Hom onmoontlik nie. Dus ry ons nou maar soontoe in die stille hoop dat daar tog een of ander tyd wel `n plekkie beskikbaar sou wees. Nadat ons met die hoof van die tehuis gesels het, sê sy net dat ons regtig gelukkige mense is, aangesien hul pas `n bed oop gekry het, en hulle ons die voorkeur sou gee. M.a.w. ons kon haar bring sodra al die skriftelike aansoeke afgehandel is. Ons was werklik sprakeloos van verbasing en het ons Jesus gedank dat alles wat ons Hom in Sy Naam vra en wat in Sy WIL is, moontlik is!

Dus was ons ook onnodig bekommerd wat haar reaksie op die nuus sou wees. My moeder was egter heeltemal inskiklik, omdat die Here haar hart daarop voorberei het. Sy het ook besef dat dit alles te veel vir haar kind (vir my) geword het, en gee heelhartig haar samewerking. So het Ruben se verloofde, en Jeanine my gehelp met die inpakkery, en al die ander reëlings wat gedoen moes word. Ek prys die Here vir al die kinders se gewilligheid en ondersteuning in hierdie tydperk. Ook Jason se vrou, was van onskatbare waarde met haar en haar sussie se getroue besoeke agterna in die ouetehuis. So het ons en die kinders nou beurte gemaak om haar te gaan besoek, en bring ons haar so elke derde week vir `n dag om hier by die huis saam met ons deur te bring. Ons neem haar ook see toe sodat sy die voëls kan voer, en pas sy heel gelukkig aan waar die roetines in die tehuis haar ook `n gevoel van sekuriteit gee.

Die een baie goeie ding wat uit alles voortgespruit het, was die feit dat ons nou bewus geword het van al die hulpelose ou mensies daar. Was hulle siele "gered", en kom mense hul besoek? Wat sou hul lot wees indien niemand ooit vir hul sou intree in die gebed nie? Dit was alles vraagtekens wat in my hart bly maal het. Dit is toe dat ek besef het, dat hierdie `n geleentheid soos min sou wees om vir hulle by die Vader "in te tree"! Dus begin ons nou op `n gereelde basis vir hul bid, sodat Jesus hul uit geestelike bande sou bevry, en sien ons die verskil wat daar plaasvind geleidelik raak. My liewe man neem ook gereeld bokse vrugte wat hy goedkoop by die mark kry, of aartappelskyfies wat hy in grootmaat aankoop. So lê vader veral sekere ou mensies op my hart, en gee ek hul gereeld drukkies en vertel hul van Jesus se liefde vir hulle. Ek merk hoe die blydskap op hulle verweerde ou gesiggies straal as een van ons daar aankom, want hier is skielik mense wat hul raaksien!

Liewe leser, dit is geensins omdat ons "goeie" of wonderlike mense is nie, maar omdat die Here dit van ons verwag om nie die wees en weduwee te verwaarloos nie. Ek en u moet dus vir die liewe Vader die genade vra dat ons wakker sal wees om sulke mense raak te sien, en die wil en liefde van

Hom ontvang om aan sulkes hulp te verleen. Ek het myself al soveel maal betrap dat ek te haastig, besig of selfsugtig was om iets kleins vir iemand minderbevoorreg te doen. Natuurlik tot my skaamte agterna en moes ek die Here vra om my tog te vergewe en weer `n kans te gee. As mens die soete Heilige Gees in jou hart het, is dit ook moeilik om by daardie feit verby te kyk, omdat Jesus Christus se liefde die intrek in jou hart ingeneem het. Dus is dit nooit te laat om te begin om goed te doen nie en wil ek almal wat met die armes, ellendiges en verstotenes te doen het aanmoedig om hul met u hele hart en sover moontlik te ondersteun. Dan hoef Jesus nie eendag vir ons te vra: “Waar was jy toe ek honger was, en waar was jy toe ek dors gely het?”, nie! Mag Vader elke kind van Hom besiel om met Christus-liefde en verdraagsaamheid vervul te word. Ons hoef Hom net daarvoor te vra!

Ondertussen val die duiwel ons onverwags uit `n hele ander hoek aan. My man kry uit die bloute `n oproep van die Empangeni munisipaliteit dat hulle ons gaan dagvaar vir agterstallige rioolbelasting. Tot ons ontnugtering het hulle die stuk grond wat voorheen kerkregte gehad het, self laat hersoneer na kommersiële regte. Dit het die grond se waarde natuurlik onmiddelik verhoog, maar ongelukkig so ook die grond- en rioolbelasting. Om die waarheid te sê, is dit verhoog van vyf en sestig rand `n maand na byna vierduisend rand per maand. Wat vir ons onaanvaarbaar was, aangesien daar geen riool aansluiting in die eerste plek was nie, en dit in elk geval ver bo ons vuurmaakplek was.

Hulle stuur dus nou vir ons `n rekening van amper honderdduisend rand, aangesien ons al `n jaar agterstallig is volgens hulle. In ons radeloosheid roep ons nou na die Here vir uitkomste, en staan ons nou voor DIE groot geloofstoetse! Vader praat eendag om ons te bemoedig, en sê vir my dat ek dit maar “in my boekie” kan gaan neerskryf, dat Hy dit vir ons sal uitwerk ten goede en dat ons nog sal sê: “DIE HERE IS ONS REG EN GEREGTIGHEID!” Ek het op daardie stadium glad nie verstaan van watter boekie die Here praat nie! Om alles te kroon gee Vader vir my presies dieselfde skrifteks as wat Hy gesê het nl.; ***Jeremia 23:6 “In die dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID.”***

Terwyl ek dus nou hier besig was om te skryf, het ons nog geen idee van hoe die Vader beplan om dit te doen nie, MAAR GLO EK VOLKOME dat Hy dit SAL DOEN! Ondertussen het ons prokureur laat weet dat ons `n goeie saak het en dat dit absolute onregverdige wins is wat hulle uit ons probeer pers. Sy raai ons aan om te verdedig, maar waarsku dat elke hofsaak om en by nege duisend rand sal kos, aangesien dit `n saak vir die hooggeregshof is. Dus moes ons ook nog bid vir die beskikbare geld, maar dat dit nog beter sou wees as die liewe Heer die saak buite die hof sou skik, om al daardie geld te spaar. Ons het ook die afgelope vier jaar probeer om die een hektaar grond te verkoop deur dit te adverteer, maar dit was duidelik dat die Here ander planne gehad het. Baie mense het navraag gedoen, maar daar het nooit iets van gekom nie!

Ek maak `n belofte aan Jesus Christus dat as Hy hierdie saak vir ons betyds uitwerk, dat ek dit as `n magtige getuie deel van hierdie boek sal maak. Dus is dit `n saak van algehele vertroue en geloof. Ons staan huidiglik magteloos, en weet dat NET DIE HERE ons nog kan HELP! Prys Sy Wonderbare Naam!

Ondertussen is die liewe geduldige Vader ook besig om al die ou windblase uit ons uit te “druk”, soos Hy belowe het. Dit gaan egter maar met “persings” gepaard, en moet die Here nou omstandighede gebruik om ons van ingebore gesindhede soos ongeduld, onverdraagsaamheid, en onvergewensgesindheid o.a. te verlos. Dit beteken beproewinge en vreemde situasies, wat ons moet leer om te verdra! So skuur die Here dus maar yster teen yster en moet Hy voortdurend ons soos

lood smelt en soos fyngoud louter. Deur alledaagse omstandighede leer die Here ons om op Hom te vertrou met alles, om vir mekaar te bid, en nie te kritiseer en te oordeel nie. Ek prys Hom dat ons Hom sonder ophou kan vra vir die Christus-gesindheid. Halleluja! Dus sien ek ook deur die moeilikhede hoe ek innerlik lyk, kan ek dit bely en vir verlossing en 'n verandering in my hart van die Vader vra. Van dit gepraat. My dogter kom bely haar hart gereeld sommer saam met my uit. Eendag vertel sy my hoe sy in haar "gedagtes" gesien het dat terwyl sy haar sondes bely, `n groot skropborsel verskyn en lelike swart goed van haar hart af borsel. Sy getuig ook dat soos sy sien haar hart verskyn onder die swartsel, sy ook *voel en sien hoe haar hart begin KLOP!*

Liewe leser, sodra u die Here dien, gaan Hy stelselmatig begin om die volkome verlossings werk aan u siel te doen. Dus moet ons nie teen die prikkels skop nie, maar Hom toelaat sodat Hy ons kan wys wat skuil nog diep in die hart. Ons moet Hom die genade vra om dankie te sê daarvoor en nie agter ons eie wil en gedagtes aan loop nie. Mag Hy ons deurdra, wat Hy ook SAL doen! Ja, ons moet leer om algeheel oor te gee en die omstandighede AANVAAR wat Hy oor ons toelaat, want niks gebeur uit Sy wil nie en werk ALLES ten goede uit op die end! Prys Hom!

Een aand terwyl ons besig was om te sing, sien ek skielik `n gesig van hoe dit in die "geesteswêreld" soos `n aardbewing skud. Die rede glo ek, was omdat ons kragtige geestelike liedere gesing het! Sodra die kind van God Jesus Christus HARDOP PRYS gebeur ongelooflike dinge in die geesteswêreld Die demone vlug, want hul kan die krag wat daar in Sy Naam is nie verduur nie, en kan nie staan waar Sy Bloed is nie. Vader het ook agterna bevestig dat dit vir Hom baie mooi is as ons sing en Sy Naam verheerlik, en dat ons verbaas sal wees as ons kon sien wat gebeur as mense hom so aanbid. Wat `n voorreg het ons, en moet ons werklik dikwels gebruik daarvan maak om gedurig vir Hom te sing, te prys en Sy Naam te verheerlik. Selfs al is ons alleen!

Die Here sien en waardeer alles wat ons in Sy Naam doen, en sal u verseker u loon daarvoor kry. So begin Vader my nou voorberei vir die skryf van hierdie boek, en begin Hy my die wonderlikste skrifte gee, wat ek eers nie ten volle begryp het nie. Vader gee vir my o.a. ***Mattheus 5:13~16*** nl; ***"Julle is die sout van die aarde, maar as dit laf geword het, waarmee sal dit gesout word?... 14. Julle is die lig van die wêreld `n Stad wat bo-op `n berg lê, kan nie weggesteek word nie; 15. en `n mens steek ook nie `n lamp op en steek dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. 16. Laat julle lig so skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik."*** Ook gee Vader vir my Mattheus 13:36~43. Gaan slaan dit gerus na. Die Here gee ook vir my Mattheus 16:18~19, nl. dat Hy my die "sleutel" tot hierdie boek sou gee om dit oop te maak vir die hongeriges en die dorstiges deur die getuienisse. Prys Sy Naam, dat ek ook vir Hom kon ly, ter wille van die getuienisse daaruit. Halleluja! Vader gee ook vir my die profetiese skrif in Markus 13:24~32, met die waarskuwing dat ONS die mense is waarvan daarin gepraat word. Dan was daar ***Lukas 10:3***, nl. ***"Gaan dan; kyk, Ek stuur julle soos lammers onder die wolwe."***

Johannes 17:14~26 was ook nou `n groot aanmoediging vir my. So ook Romeine 8:18~30. Die oomblik toe ek besef dat ek hierdie getuienisse moet gaan neerskryf, en nadat ek dit begin DOEN het gee Vader die antwoord op alles vir my deur ***Handelinge 20:23~24*** nl.; ***"behalwe dat die Heilige Gees in elke stad kragtig getuig en sê dat boeie en verdrukking my wag. Maar ek bekommer my glad nie en ag ook my lewe vir myself nie dierbaar nie, sodat ek met blydskap my LOOPBAAN kan volbring en die BEDIENING WAT EK VAN DIE HERE JESUS ONTVANG HET, om KRAGTIG te GETUIG vir die evangelie van die GENADE van God." Halleluja!***

Ek probeer u geensins hier van my saak oortuig nie, maar dien dit as deel van die getuienisse!

Kort voor lank het ek ook gemerk dat die duiwel nou besonders woed, en waarskynlik IETS WOU VOORKOM! Verskriklike dinge begin met ons gebeur, en voel dit soos direkte aanvalle van die bose. So sak my man eendag inmekaar met 'n vreeslike pyn in sy longe. Na toetse, deel hul ons die baie slegte nuus mee dat dit `n bloedklont is wat in sy long beland het. Dit beteken ook dat sy lewe voortdurend in groot gevaar is, aangesien die bloedklonte ook na sy hart of brein kan deur beweeg. Wat gevolglik of 'n hartaanval of beroerte kan veroorsaak. Hul sit hom dus op voorkomende medikasie en om die bloed te verdun, en is ons genadiglik nou genoodsaak om slegs op die Here te vertrou. Die Heer raak hom egter so aan dat hy baie gou herstel van die simptome en kon hy weer aangaan met sy werk. Die hele episode het ongeveer veertigduisend rand gekos, maar Vader belowe dat Hy sou voorsien. En so lê die Heer dit op sy werkgewers om elke sent te betaal. Dien ons nie 'n wonder God nie... en het dit ons geloof geweldig versterk. Halleluja!

By dit kry ons skielik ook aanhoudend tand absesse, wat nog duisende rande kos, maar help die Here ons om elke sent kontant te betaal. Ek dank die Here dat Hy elke moeilikheid en probleem in 'n seën omgedraai het, en dat die duiwel ons nie te moedeloos kon kry nie. So gebeur die een ernstige voorval na die ander. Die jong man wat by ons bly, se nek word oopgesny op drie plekke deur 'n glas, en was dit volgens die dokter 'n absolute wonderwerk dat hy nie gesterf het nie. Jeanine se vinger word byna afgekap terwyl sy besig was om haar pa se handwerksmansgereedskap vir hom uit te sorteer en kos dit 'n verdere tweeduisend rand om die vinger weer aan te heg. Maar ons dank die Here dat sy darem nog die vinger het! Ruben beland skielik met 'n bloeiende maagseer in die hospitaal, en Jason met 'n blindederm wat op pad was om te perforeer. Alles in 'n kwessie van een maand.

Maar deur dit alles was ons God getrou en het hy ons uit doodsgevaar gered. Die Here wys ook vir my dat ek voortdurend magtige ondermynings wat op ons afkom deur mense wat kwaadpraat en skinder, moet "afsny". Daarom is dit so gevaarlik om kwaad  te praat en te skinder, want so maak die mens magtige "deure oop" vir die vyand om mense soms onbewustelik leed aan te doen. Die liewe Vader sê dat hy wie sy broeder haat 'n moordenaar is! Ek moet vanselfsprekend ook na my self oplet, nl: hoe my gesindhede teenoor ander blyk te wees. Ja, liewe leser, ons moet ons eie hart met vrees en bewing bewaak, want wat mens aan een van Sy geringstes gedoen het, het jy aan Hom gedoen. Mag Hy ons genade gee!

Ek wil ook graag ter ere van die Here getuig hoe getrou God is om die siekes gesond te maak, maar in Jesus Christus se naam alleenlik. Toe Jason 'n babatjie was, het hy voortdurend oorinfeksies gekry. Wyl ek vir 'n tydperk by die geloofshuis tuisgegaan het tydens 'n weermagkamp wat my man ondergaan het, raak hy weer so siek. Ek verduidelik die situasie toe maar aan die werkersvrou daar en sy lê dadelik vir hom die hande op. Terwyl sy vir hom bid, raak die Heilige Gees vaardig oor haar en bestraf sy daardie "kranke mag" kragtig in Jesus Christus naam! So word hy toe oombliklik heeltemal genees daarvan. Tot vandag toe, 30 jaar later, was hy nooit weer gepla met sy ore nie!

So gebeur dit ook dat die Here tydens 'n diens vir ons sê dat ons sommer elkeen vir homself die hande moet oplê, op die krankeplekke, en dat Hy ons sodoende wou genees. My man wat 'n kranige rugbyspeler in sy jonger dae was, was jare gepynig deur 'n skouerbesering. So lê hy dus toe maar sy eie hand op sy skouer, en gaan die pyn *meteens* weg. U moet verstaan, hy het vir jare onophoudelike pyn ondervind, dit het nooit weer teruggekeer nie, en dit is al vyftien jaar later. Prys die Here... die Wonder God wat die siekes oprig. So kan ek aangaan en aangaan! Prys Sy Naam!

My oorlede Pa se suster, wat ook onlangs tot bekering gekom het, stuur 'n tyd gelede 'n benoude SMS aan my met 'n dringende versoek dat ons asseblief tog gou vir haar moet bid, aangesien sy gordelroos in die oog het. Die pyn was so ondraaglik dat sy gek wou word. Ek bel toe dadelik na ons plaaslike geloofshuis en vra dat hul tog saam met ons vir haar sal bid. Ongeveer vyftien minute later bel sy my om die volgende te vertel. Sy getuig toe dat sy voor die opwasbak gestaan het, gereed om nog pynpille te drink toe die pyn net eensklaps VERDWYN het! Ek kon toe aan haar getuig dat ons spesifiek vir die Here gevra het om die pyn uit genade onmiddelik weg te neem. En so het ons getroue Here Jesus dit net so gedoen. Hoe het dit nie ons geloof versterk nie. Ek loof en prys Hom dus daarvoor ook!

Nou wil ek ook graag, namens my niggie die volgende getuienis tot eer van die Here gee. Sy en haar man kom nou onlangs van die werk af by die huis aan, toe hulle skielik deur 'n klomp gewapende rowers in hul huis oorval was. Die rowers bind hul vas, en slaan en skop haar vreeslik, met die doel om inligting oor hul kluis te bekom. Toe hulle verklaar dat daar geen kluis in hul besit is nie, dreig hul om haar te verkrag. Dit was sulke tyd dat sy onthou hoe haar Pa haar geleer het dat mens net die BLOED VAN JESUS CHRISTUS hardop moet uitroep tydens gevaar. Dit was net daar dat sy “die woord by die daad voeg”! Sy roep toe hardop Jesus Christus se Bloed uit, en los die rowers haar net daar uit. So steel hulle alles wat hul moontlik in my niggie en haar man se voertuie kon inlaai, en ry daar weg sonder om hulle enige kwaad verder aan te doen! Sy getuig hoe die Here haar vreeslik kalm deur die hele episode gehou het, en dat sy nou beslis glo in die krag wat daar in die Bloed van Jesus Christus is.

Dit is dan ook een van die redes hoekom Hy dus vir ons aan die kruis gesterf het! U sal dalk nou vra waarom die Here in die eerste plek dit nie heeltemal verhoed het nie. Maar deur al hierdie ondervindinge leer die Here vir ons geloof en vertroue, en werk dit altyd tot 'n wonderlike getuienis vir Sy Naam uit. Dus prys ons Hom altyd VIR ALLES en deur alles heen. Jesus Christus het die volkome PRYS BETAAL op Golgota! Dit beteken egter nie dat ons nou maar houtgerus agteroor kan gaan sit nie. Nee, ons moet onsself steeds BEKEER, ons sondes erken en bely en rype vrug gaan dra. Dan moet ons WAKEND en BIDDEND BLY! Die Skrif sê; “Wie volhard tot die einde toe, sal gered word!” Is u nog sluimerend, of dalk steeds geestelik vas aan die slaap? WAAK DAN OP, sodat Christus oor u kan skyn! En sorg dat u lampie vol olie word, want die Here wil Sy volk GEREED kry...WANT HY KOM! Die genadedeur staan nog op 'n skrefie oop. Sorg dus dat u betyds BINNE is, voordat die deur toegaan. Hoe vreeslik sal dit in daardie dag wees as mens beskaamd en teleurgesteld te laat agterkom dat jy buite gebly het. Al wat dan voorlê is die vreeslike ellende van die verdrukking, en wat daarop sal volg.

Ek sê altyd vir my kinders dat Jesus ons DUUR gekoop het aan die kruis. As ons onsself vir Hom gee, is ons sy EIENDOM. En daarom het Hy die REG dat ons hom geheel en al sal dien. Want Hy IS die GOD van die gode, en die KONING van die konings! Het ons dus enige reg om Hom *nie* te dien nie! Prys Sy heerlike Naam. Ons erfenis is BO in die hemel, en nie hier op die aarde nie. Ons moet vir ons skatte daarbo bymekaar maak, deur gelowig en gehoorsaam te wees. Nie aardse skatte wat tog “net deur mot en roes” sal vergaan nie. Ja, liewe leser, glo dit maar, as u Jesus Christus aangeneem het en Hom volhardend dien, sal Hy al u hartsbegeertes gee, al is dit eers bo in die hemel. Alles wat u dus hier verloor ter wille van Christus, sal u duisendvoudig vergoed word in die hiernamaals!

Graag wil ek dan ook namens my jongste seun hier getuig van sy grootste droom wat hy voorlopig

moes prysgee. Ek glo met my hele hart dat die liewe Vader hierdie teleurstelling in Sy bestelling sal verander op Sy eie tyd. So het dit dan gekom dat ons by geen veilige kollege 'n plek vir hom kon kry vandat ons in Kaapstad aangekom het nie. Hy is 'n hoogs intelligente seun, en het besonders goed presteer in Richardsbaai se tegniese kollege. Die vakke wat hy geneem het, was nuut in die land, en min kolleges bied dit aan. Die enigste wat ons kon vind, was 'n plek waar geen onskuldige jongmens hom veilig sou voel nie, en het die hoof ons gewaarsku dat dit nie vir hom goed sou wees nie. Gevolglik was hy op die end verplig om tuis onderrig te word, wat hom baie ongelukkig en depressief laat voel het. Ek dank egter die Here dat twee van sy broers heeltyd by hom kan wees, en hy baie goeie ekstra opleiding by hulle ontvang, nl. in die rekenaarprogrammering-rigting. Mettertyd het hy sy lot aanvaar, en het Vader aan hom getoon dat Hy hom wou weghou van die slegte invloede buite, omdat hy besonders sensitief is. Die Here se gedagtes is waarlik nie ons gedagtes nie, en bid ek dat Vader hom sal vergoed op die regte tyd.

Stem u nie saam dat ons in verskriklike ernstige tye leef nie, en dat al die tekens omtrent al volbring is. Die liewe Vader is besig om die oes (siele) in te samel, want Hy maak gereed om Sy Bruidsgemeente te kom haal! Die vraag is egter...is ons al gereed? Sal ons nie tog maar die ou “kaf en dros” laat los nie, en Hom ernstig aanroep vir ons eie en ons bloedverwante se redding nie. Dit is my ernstige bede, dat elke siel wat hierdie boek lees, verryk sal word in die getuienisse wat deur Jesus Christus alleen moontlik geword het. Ja, skep moed, EN DOEN DIT NET, want Hy kom! Die Here antwoord u deur die volgende skrif in ***Jeremia 11:6*** nl; ***“En die Here het vir my gesê: Roep al hierdie woorde uit in die stede van Juda en op die strate van Jerusalem: Hoor die woorde van hierdie verbond en DOEN DIT.”***

As kind van God kan 'n mens se lewe waarskynlik maklik in 'n “sepie” ontaard. Tog laat die liewe Vader NIKS oor Sy kinders toe, as Hy dit nie so wou gehad het nie. So is elke beproewing dan 'n geestelike les waar ons meer oor geloof en volharding leer, waarsonder ons nie geestelik sou groei nie. Want God het die mens so lief gehad, dat Hy Sy enigste Seun vir ons gegee het! Van Goddelike liefde gepraat... Eendag vra my aanstaande skoondogter my watter een van my kinders nou eintlik my oogappel is. Ek kon toe heel eerlik aan haar betuig dat ek elkeen van my kinders so lief het, dis asof hy my ENIGSTE kind is! Dadelik daarna hoor ek die Here se stem in my gemoed opkom met SY verklaring aan die liefde vir Sy kinders nl; “*En Ek het elkeen van julle so lief asof hy die ENIGSTE mens op aarde is”!* Ekself sou nooit eers aan so 'n gedagte gekom het nie, en was verwonderd oor die egtheid van God se liefde vir Sy kinders.

Jonathan, my derde oudste seun, droom eendag 'n besonderse droom nadat hy aanhoudend gevoel het dat hy die Here nie werd is nie, aangesien hy Hom nie so volhardend dien soos hy dit graag sou wou doen nie. In die droom toon die Here hom 'n hond in sy eenvoudigheid, maar so kompleks in sy skepping. Die hond, vuil en stinkend na 'n rowwe dag se speel en rondrol, sal onmiddelik sonder om te aarsel kom as sy naam geroep word. In sy eenvoudigheid is hy maar al te vrymoedig om nader te kom ongeag van sy toestand! Vir u liewe siel wat van die Here afgedwaal het, weet maar net dat u met groot vrymoedigheid na u Vader kan terugkeer as Hy roep, net soos die verlore seun in Lukas 15:11~32, want *God bly jou Vader, en Hy wys niemand, veral nie Sy kinders weg nie!*

2010
Die nuwe jaar het gekom, en natuurlik vir heelwat nuwe dramas gesorg. Ek het wonderbaarlik ernstige gevolge oorkom nadat ek twee maal van trappe afgegly en op my rug beland het. Die liewe Heer het my maar weereens opgetel en gesond gemaak nadat die dierbare kinders van die Here vir my gebid het tydens 'n diens. Nadat ek drie dae geweldige rugpyn en lyfseer gehad het, raak die

Here my so aan dat ek normaalweg met die huiswerk kon aangaan. Ek troos my daaraan dat ek die gevolge nie te erg behoort te voel as ek eendag “oud en afgeleef” is nie, want die Here behoort mos teen daardie tyd lankal te gekom het. Maar, op ernstige noot, die tye raak donkerder en die Liewe Vader beveel aan dat as die donkerte so groot is om ons dat ons Hom nie meer kan raaksien nie, moet ons net Sy voetstappe volg...en Sy voetstappe sal ons in die Woord van God vind. Wanneer dit dus op sy donkerste in hierdie wêreld skyn te wees, moet ons ook weet dat die “sonsopkoms” net daarna kom. Prys Sy Naam!

Leser, u moet besef dat met alles wat besig is om in die wêreld te gebeur, vooraf waarskuwings van Jesus Christus se koms is! Al bid ons hoe hard dat alles net moet weggaan en verbeter, gaan die Here ons net in ons persoonlike lewe help. Die wêreld se gebeurtenisse moet sy gang gaan, want die Here moet kom, en die Antichris ook! Dit is glad nie meer die moeite werd om dit uit te stel om die Liewe Here Jesus met al ons mag te dien, en blind te wees vir die waarheid nie. Op 20 Maart 2009, gee die Heer vir my die volgende skrif en voel ek dat dit 'n ernstige wekroep van God is vir die mense: nl, ***Esegiël 12-17~20 “Daarna het die woord van die Here tot my gekom en gesê: 18 Mensekind, jy moet jou brood met bewing eet en jou water met siddering en kommer drink. 19 En jy moet aan die mense van die land sê: So spreek die Here Here aangaande die inwoners van Jerusalem, in die land van Israel: Hulle sal hul brood met kommer eet en hul water in stomme smart drink, sodat hulle land, van sy volheid beroof, woes sal lê vanweë die geweldpleging van almal wat daarin woon. 20 En die stede wat bewoon is, sal woes word, en die land sal 'n wildernis wees; en julle sal weet dat Ek die Here is.”*** Die Here gee egter ook vir my Esegiël 34:14~17 as troos vir diegene wat gehoorsaam sal wees. Lees gerus ook Joël 2:15~17 wat Vader op die 01-06-2009 vir my na gebed gegee het om met die leser te deel. 23 Maart 2010 gee die Vader vir my Jesaja 65:8~10 vir die wat glo en doen. Die Woord leer dat ons nie baie leermeesters moet wees nie want almal kan struikel in woorde, maar ek vertrou my hemelse Vader vir Sy leiding en glo en bid dat Hy Sy wil en doel sal bereik. As laaste belofte wil die Here Jesus u ook dan troos met ***Mattheus 14:27 “Maar Jesus het dadelik met hulle gespreek en gesê: Hou goeie moed, dit is Ek! Moenie vrees nie.”***

Die 24ste Maart 2010 droom ek gedurende die nag 'n droom wat my laat wakker skrik en my laat besef het dat dit 'n merkwaardige betekenis moet hê. Ek het dit egter nie ten volle begryp op daardie oomblik nie. Ek het nl. gedroom dat 'n bekende boer wat ek goed geken het in Bothaville voor my staan in 'n baie netjiese donker kakie pak. Toe ek hom wou groet, gryp hy my hande vas en begin met my in “tale spreek”, soos in 1 Korinthiërs 12 en 13. Ek droom dat die Here deur hom met my spreek en dat Hy vir my vermaan dat ek nie genoeg bid nie. Ek het my verwonder hieroor en het nie lank daarna nie besef dat die Here bedoel dat ek nie genoeg intree vir die boere daar nie. Dit beteken dat ons almal meer vir hulle moet bid aangesien daar baie vervolginge op hul afkom en dat hul die mense se gebede baie baie nodig het. Laat dit tog vir ons almal 'n aanmoediging wees dat ons eenvoudige gebede tog by die Here tel en dat ons baie meer op daardie wyse vir mekaar moet intree! Ons moenie dink dat ons gebede minderwaardig is nie, maar die Here gebruik Sy kinders magtig op hierdie wyse. Inteendeel, ons moet bid dat die Here Almagtige God al ons Christene meer as ooit in bande van eenheid, liefde en geloof sal saambind, sodat Hy ons almal in EEN kraal inlei! Amen.

Toe ek so ongeveer twaalf jaar oud was, het ek een nag 'n fassinerende droom gehad, wat ek tot vandag duidelik onthou. Ek het naamlik gedroom dat ek in die hemel is en dat daar 'n skare mense om my staan. Ons almal het opgekyk na die hemelruim, en daar voor ons het ons al die Bybelse geskiedenis soos in 'n reuse rolprent voor ons sien afspeel. Ons kon kyk hoe Moses en die Israeliete

deur die Rooisee trek, en wat daarop gevolg het, soos beskrywe in Exodus. So ook elke liewe gebeurlikheid beskrywe in die Woord van God. Dit was so 'n inspirasie, dat ek altyddeur wonder wat alles in die hemel op ons wag. As ek bv. In Openbaring 19 vanaf vers 11 lees, kan ek my maar net voorstel wat 'n geweldige gesig dit gaan wees. Dink jou daaraan... duisende mense en engele met Jesus heel vooraan, kom uit die lug op spierwit perde en glans en skoonheid. Hoe aanskoulik sal dit vir die aardbewoners wees as hierdie ongelooflike bonatuurlike gesig tot hul stomme verbasing 'n werklikheid word. In hul radeloosheid sal Israel se vyande wat hul omring dan hul wapens oprig na God, Sy heiliges en die engele, om oorlog teen hul te probeer voer. Dan sal Jesus Christus hul met Sy asem wegblaas, deur gloeiende vuur en haelstene op hul neer te werp en so Israel red van al die vyande en ons sodoende groot oorwinning oor die Antichris-mense behaal. Mary K. Baxter beskryf in haar boek, nl: “Openbaring van die engele”, hoe die Here vir haar in 'n gesig gewys het hoe indrukwekkend daardie einste perde lyk. Hul is reusagtig groot, met baie groot hoewe en hul pels is spierwit en glad soos satyn. Ag dierbare leser, hierdie dinge is voor die deur, en moet ons besef dat dit juis ons is wat nou lewe, wat dit binnekort sal beleef. Ons is duidelik reeds aan die begin van die verdrukking, en is Jesus haastig besig om Sy kinders in gereedheid te kry. Ek beveel die boekies: “En DIT is die ewige lewe...” deur Ernst Groll en “Vingerwysings na die koms van Christus” deur P.C. De Jager baie sterk aan. Vir omvattende studie in die verband met bekering en wedergeboorte, kan die boekie “Grondwaarhede” deur A.V. Krige, gelees word. Die boekies is gratis beskikbaar, maar u kan 'n bydrae lewer om die drukkostes te dek indien moontlik. Dit is verkrygbaar by die vlg. Tel no. en Adres: nl., tel no. (011) 967 1022. Spadereën Sending Internasionaal, Posbus 15020, Jatniel, 1509, Suid-Afrika. Net voor ek hierdie manuskrip uitstuur na die publiseerders, droom ek dat ek duisende kinders van God voor die see sien staan, (die volkeresee), besig om met hande omhoog na God te roep om hul te kom verlos!

'n Tydjie gelede bel my broer my, en vertel hoe die duiwel hom aanval en moedeloos maak asook ongeloof en twyfel in sy hart gesit het deur die moeilike omstandighede en die misdaad en moorde in ons land. Ja, ek glo dat die meeste van ons baie bekommerd is as ons al die “tekens in die lug” kyk en sien wat besig is om oor die hele aarde toe te sak. Die Here het dan ook vir my ***Habakuk 1:2~5 “Hoe lank, o HERE, roep ek om hulp, maar U hoor nie; skreeu ek tot U: Geweld! -- maar U help nie? Waarom laat U my onreg sien en aanskou U die moeite! Ja, verwoesting en geweld is voor my oë; en daar is stryd, en twis begin. Daarom verloor die wet sy krag, en die reg kom nooit meer te voorskyn nie; want die goddelose omsingel die regverdige, daarom kom die reg verdraaid te voorskyn. Aanskou onder die nasies en merk op, en staan verstom, verstom; want Ek gaan iets in julle dae doen wat julle nie sal glo as dit vertel word nie.”,...*** ses keer gegee, wat ek glo onder andere hierop van toepassing is. Ons het mekaar aangemoedig dat ons glo dat die tyd om te streef na die tydelike dinge verby is op hierdie aarde. Ja, die lewe gaan aan en ons moet nog steeds werk, ens, maar die verskil is dat daar nie meer tyd is om te reik na rykdom of enige iets dergeliks nie. M.a.w., ons moet nie meer uitsien na wat ons nog op die aarde kan bereik nie, maar bo~oor dit kyk na ons hemelse erfenis, die HEMEL! Daar sal ons ALLES kry wat ons hart begeer en nodig het in die oortreffende trap, en dit is voor die deur. Dit kan ons egter net bereik as ons doen wat die Woord van God in Sy geheel leer.

Terwyl ek hier skryf, onthou ek `n gebeurtenis wat ek glo vir baie mense iets kan beteken. Dit is dat ons moet bid dat die Here genadiglik sal keer dat die mense nie in hul wanhoop selfmoord sal pleeg nie. Dat dit vir die Here `n baie ernstige saak is, het die liewe Vader in Sy groot genade self een dag aan ons geopenbaar. Die Here het nl. gewaarsku dat al voel ons hoe wanhopig, ons NET NIE SELFMOORD moet pleeg nie. Hoe ernstig die Here is omtrent hierdie saak, het Hy persoonlik aan my eendag getoon. Ek wil dan getuig hoe die Here my etlike jare terug een nag wakker gemaak het om vir iemand deur gebed en smekinge, in te tree. Die liewe Vader het nie die redes gegee nie, maar

ek het sonder om dit te verstaan en onder die krag van die Heilige Gees waarlik vir haar met trane en gebede, kruipende op my knieë op "sak en as" om genade geroep. Ek het agterna baie daaroor gewonder, en vir die Here gevra of Hy tog nie maar die saak aan my bekend wil maak nie. Nie te lank daarna nie, vertel `n bloedverwant van die persoon aan my dat sy selfmoord probeer pleeg het, maar nie kon slaag nie. So red die Here baie mense van groot smarte en ellende deurdat ander vir hul in die bresse tree. Ongelukkig is dit ook die waarheid dat baie wel daarin slaag. Dus nog `n rede om vir kosbare siele te bid as ons op die plek is en deur die genade van God gelei kan word om die duiwel te keer. Hierdie kwessie is vir my persoonlik `n saak van opperste erns, aangesien depressie en selfmoordneigings in my eie familie aanwesig is en tot ons grootste hartseer een alreeds in die poging geslaag het.

Nog `n wonderlike getuienis wat ek hier wil noem, is ook `n bewys dat die Here luister na Sy kinders as hul in Sy wil bid. `n Paar maande gelede open daar `n klein okkultiese boekwinkel in ons omgewing. Ek glo heelwat Christene in die omgewing was nie gelukkig daaroor nie. Dus het ek en my skoondogter ook besluit om iets daaraan te doen. Omdat ons weet dat ons in onsself magteloos is, maar slegs na die Here oor die saak kon gaan, het ons in samestemming en gebede die duiwelswerke begin weerstaan in die Naam van Jesus Christus. Ons het gemanifesteer en met ons "swaarde", nl. die Bybel, die vyand se werke, nl; die toormagte, en dergelike magte, beveg deur gebed en dit "af te kap" in Sy Naam alleen. Ons het die Here onder andere ook gevra dat Hy die Magsengele met Bloedgedoopte helms en swaarde sal stuur om die vyand wat deur die ope deure van die okkultiese boeke werk, te beveg. Ons het ook aanhoudend en volhardende aangehou daarmee en dus ook vir Jesus gevra dat Hy hulle sal wegneem daar en die vyand se werke sal vernietig, maar die mense wat dit bedryf se siele sal red. Ongeveer drie maande later moes die besigheid sy deure sluit en kon die Here verhoed dat nog nuuskierige en onskuldige mense by satanisme betrek word. Alles net uit Sy genade, en was ons verwonderd daaroor, en het die God wat hemel en aarde geskep het, die werk doen. Alle lof kom dus net aan Hom toe. Dit is dus `n goeie rede hoekom ons geestelike kennis nodig het om doeltreffend op te tree as die Here ons lei en help.

Terwyl ek nou hierdie getuienisse weer deurlees, en dit op swart en wit opnuut "beleef", het dit sommer weer nuwe geloof in my eie gemoed geskep en voel ek selfs meer geïnspireerd en vasbeslote, deur Sy krag alleen, om vas aan die ROTS Jesus Christus te hou! Halleluja! Nou verstaan ek ook die redes HOEKOM Hy al die toetse en beproewinge toegelaat het. Dit was alles SY groot PLAN in ons lewe, sodat ek kon doen wat Hy my beveel het nl; Om `n getuie vir Sy Naam te wees! WANT HY KOM!!! Mense kla baie maal dat hulle in letterlik `alles in die lewe gemiddeld is. Maar elkeen kan die kans kry om GEESTELIK bo die gemiddelde uit te styg. Deur jou lewe onvoorwaardelik aan die Here toe te vertrou. Geen mens gaan tog universiteit toe en verwag dat hy graad sal kry sonder inspanning nie. Al het Jesus die prys op Golgota betaal, kan ons die hoogste bereik deur ons volkome aan Hom toe te wy, deur die krag van die Heilige Gees. Dit beteken dat ons soveel as moontlik tyd aan Hom moet spandeer en die tyd so uitkoop.

amen

***Jesaja 1:16~18 moedig ons aan...***
***"Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handelinge voor my oë weg, hou op om kwaad te doen. 17. leer om goed te doen, soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee. 18. Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die Here: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol."***

***en dan... Psalm 103:12 "Sover as die ooste verwyder is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons."...indien ons ons sondes voor getuie bely!***

***Joël 2:28 belowe dit...***
***"En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien."***

***Openbaring 22:17  nooi ons...***
***"En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet."***

## *2 Korintiërs 12:9 "...My genade is vir jou genoeg..."*

amen!

**Skrifte aangaande sondebelydenis voor (betroubare) getuie:**

***Mattheus 5:8 "Salig is die wat rein van hart is want hulle sal God sien."***

***2 Korintiërs 7:1 "Laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring."***

***2 Timoteus 2:22 "Maar vlug vir die begeerlikhede van die jonkheid en jaag ná geregtigheid, geloof, liefde, vrede, saam met die wat die Here uit 'n rein hart aanroep."***

***1 Johannes1:9 "As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en (deur sy Bloed) ons van alle ongeregtighede te reinig."***

***Nehemia 9:1~3 "EN op die vier-en-twintigste dag van hierdie maand het die kinders van Israel vergader en gevas in rouklere en met grond op hulle hoof. En die afstammelinge van Israel het hulle afgesonder van al die uitlanders, en hulle het gaan staan en belydenis gedoen van hulle sondes en die ongeregtighede van hulle vaders. En hulle het van hulle plek opgestaan, en gedurende 'n vierde deel van die dag gelees uit die wetboek van die HERE hulle God, en gedurende 'n vierde deel belydenis gedoen en die HERE hulle God aanbid."***

***Mattheus 3:5~6 "En Jerusalem en die hele Judea en die hele omtrek van die Jordaan het uitgegaan na hom toe. En hulle is deur hom gedoop met belydenis van hulle sondes."***

***Handelinge 19:18 "En baie van die wat gelowig geword het, het belydenis kom doen en hulle dade bekend gemaak."***

***Jakobus 5:16 "Bely mekaar julle misdade."***

***Spreuke 28:13 "Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind."***

***Lukas 12:2~3 "Daar is niks bedek wat nie geopenbaar sal word nie en verborge wat nie bekend sal word nie. Daarom, alles wat julle in die donker gesê het, sal in die lig gehoor word; en wat julle in die oor gepraat het in die binnekamers, sal op die dakke verkondig word."***

***Jesaja 59:1~2 "KYK, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie; maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie."***

***1 Korintiërs 11:31 "Want as ons onsself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie."***

***Markus 4:22 "Want daar is niks verborge wat nie openbaar sal word nie, en daar is niks weggesteek nie of dit moet in die lig kom."***

***Lukas 8:17 "Want daar is niks verborge wat nie openbaar sal word nie, of weggesteek wat nie bekend sal word en in die lig sal kom nie."***

***Klaagliedere 2:14 "Jou profete het vir jou bedrieglike en ongerymde dinge gesien en jou ongeregtigheid nie geopenbaar om jou lot te verander nie, maar hulle het vir jou godsprake gesien tot bedrog en verstoting."***

***Job 12:22 "Hy openbaar dieptes uit die duisternis uit, en doodskaduwee bring Hy uit in die lig."***

***2 Korinthiërs 5:10 "Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad."***

**Bekering en wedergeboorte**

***Johannes 10:1-18***

***Johannes 6:44 "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag."***

***Esegiël 33:11 "Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! Waarom tog wil julle sterwe, o huis van Israel?"***

***Hosea 12:7 "En jy, tot jou God moet jy terugkeer, beoefen liefde en reg, en hoop gedurigdeur op jou God."***

***Johannes 3:5 "Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie."***

***2 Petrus 1:4 "...waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug***

***het wat deur begeerlikheid in die wêreld is.”***

***1 Johannes 5:11-12 “En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.”***

***Efesiërs 3:17 “...sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is,”***

***Kolossense 3:4 “Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word.”***

***Galasiërs 2:20 “Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.”***

***Romeine 4:24-25 “...maar ook om ons ontwil aan wie dit toegereken sal word, ons wat glo in Hom wat Jesus, onse Here, uit die dode opgewek het, wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking.”***

***Johannes 3:16-36***

***Johannes 6:47-48 “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe. Ek is die brood van die lewe.”***

***Hebreërs 7:25 “Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.”***

***2 Korinthiërs 5:15-20***

***Romeine 5:1-11***

***Handelinge 8:37 “Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.”***

***Romeine 6:3-5 “Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding;”***

***Lukas 7:29-30 “En toe die hele volk en die tollenaars dit hoor, het hulle God geregverdig deur hulle te laat doop met die doop van Johannes. Maar die Fariseërs en die wetgeleerdes het die raad van God aangaande hulle verwerp deur hulle nie deur hom te laat doop nie.”***

***Markus 1:5 “En die hele Joodse land en die inwoners van Jerusalem het uitgegaan na hom toe, en almal is deur hom gedoop in die Jordaanrivier met belydenis van hulle sondes.”***

Alle skrifte in die boek is deurgaans geneem uit die ou Afrikaanse vertaling en Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1933/1953

***Opgedra aan Jesus Christus die Seun van God***